

PARKE AS RUIMTELIKE, SOSIAAL-EKOLOGIESE BATE IN DIE BELLVILLE MUNISIPALE GEBIED

Colette Walters

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister in Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.



STUDIELEIERS: Mnr. P.J. Eloff en Prof. J.H. van der Merwe

April 2005

DEPARTEMENT GEOGRAFIE EN OMGEWINGSTUDIE

VERKLARING

Ek, die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

HANDTEKENING: _____

DATUM: _____

OPSOMMING

Die druk van verstedeliking veroorsaak dat openbare oopruimtes toenemend verlore gaan. Die inherente potensiaal van 'n stelsel van oopruimtes om 'n stad te skep waar inwoners beter kan leef, werk en speel word grootliks onderskat. Ongeag die druk van verstedeliking en die hoeveellheid grond wat tans in Suid-Afrika aan openbare oopruimtes toegewys word, is die vraag na oopruimtes in die stedelike gebiede aan die toeneem. Dit is nodig om die omvang van oopruimtes te bepaal om die ontwikkeling van oopruimtes te monitor.

Hierdie tesis ondersoek die nut van parke vir inwoners in die Bellville munisipale gebied. In die studie is bestaande parke in Bellville geïdentifiseer. Oopruimtes in Bellville beslaan 15,3% van die totale oppervlakte en sedert 1996 is 1,1% van die oopruimtes in Bellville aan ontwikkeling afgestaan. Parke is ongelyk in die munisipale gebied versprei met die oostelike gebied wat die grootste parkoppervlakproporsie het en die suidelike gebied die kleinste proporsie.

Na aanleiding van veldwaarneming in Bellville, met die literatuurstudie as riglyn, is 'n klassifikasiesstelsel ontwikkel wat op oppervlakte, funksie en mate van onderhoud berus. Vier parktipes word met die klassifikasieproses geïdentifiseer, naamlik buurt-, ekologie-, estetika- en rekreasiepark. Ná die klassifikasie van openbare oopruimtes, verskuif die fokus na die buurtpark om die behoeftes en parkbenutting van inwoners te bepaal. Die buurtpark word uitgesonder as fokus weens die heterogene voorkoms van dié park tipe en die hoë voorkoms (84,5% van alle parke) daarvan in Bellville. 'n Onderverdeling van buurtparke in agt subklasse waarborg homogene parkklasse. Die aanwesigheid van speelstrukture vorm die basis vir die onderverdeling van buurtparke. Buurtparke word gereeld in stand gehou en ongeveer 60% van die buurtparke het speelstrukture. 'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef is geneem en een park in elk van die agt homogene klasse is gekies vir gevallestudie. Vir elke gevallestudie is 'n eenvoudige ewekansige steekproef van parkgebruikers geneem. Die universum is gedefinieer as alle huishoudings binne 'n 300m radius vanaf die park. Vraelyste is uitgegee aan die geselekteerde huishoudings.

Ongeag bedrywige skedules in die week, beskik inwoners oor vryetyd gedurende die naweek. Dié vryetyd word oorwegend tuis spandeer, maar tog geniet 'n beduidende proporsie inwoners uitstappies in die natuur. Kinders en pensioenarisse is die grootste gebruikers van parke. Parke word op 'n weeklikse basis benut. Buurtparke word oor naweke benut vir wandeling en as speelplek. Inwoners verkies om na buurtparke te stap. Die grootste proporsie inwoners is tevrede met die voorkoms van buurtparke, maar noem dat sekuriteit onvoldoende is en parke ontoereikend vir die speelbehoefte van kinders is.

Bewustheid van parke vorm 'n integrerende deel van die benutting daarvan. Onbewustheid en groot afstande wat afgelê word vir parkbesoeke het 'n beduidende invloed op die nie-benutting van parke. Gebruikers se parkbehoefte en parkbenutting verskil en dit is noodsaaklik om multi-funksionele parke te skep om in alle inwoners se behoeftes te voorsien. Bestaande enkel-funksionele parke kan omskep word tot multi-funksionele parke deur addisionele attraksies bykomend tot die funksie wat dit in die gemeenskap vervul aan te bring. Indien parke in die toekoms doeltreffend bestuur word, kan dit 'n blywende bate vir die Bellville munisipale gebied wees.

ABSTRACT

The pressure of urbanisation causes an increasing decline in public open space. The intrinsic potential of a system of public open spaces to create a city where inhabitants' living, working and recreational environments are enhanced is often undervalued. Irrespective of the pressure of urbanisation and the amount of land currently being earmarked for open spaces, there is a growing need for more open spaces in the urban areas of South Africa. It is important to gauge the scope of open spaces in order to monitor their development.

This thesis investigates the usefulness of parks in the Bellville municipal area to its inhabitants. This study identified existing parks in Bellville. Open spaces in Bellville make up 15,3% of the total area and since 1996 1,1% of the open space in Bellville has been lost to development. Parks are distributed unevenly throughout the municipal area with the eastern area having the bulk of the open space area percentage and the southern area the smallest proportion.

As a result of field studies conducted in Bellville, conforming to guidelines specified by a preceding literature study, a classification system was developed on the basis of area, function and the level of upkeep. Four park types were identified by the classification process, namely neighbourhood, ecological, aesthetical and recreational parks. Following the classification of open spaces the study focuses on the neighbourhood park to gauge the needs of and utilisation by inhabitants. The neighbourhood park was selected as study focus owing to the heterogeneous appearance of this park type and because it is the most common type found (84,5% of all parks) in Bellville. Sub-classification into eight subclasses guarantees homogeneous park classes. The presence of recreational structures forms the basis for the classification of neighbourhood parks. Upkeep of neighbourhood parks occurs frequently and approximately 60% of the neighbourhood parks have recreational structures. A stratified random sample selected one park out of each of the eight subclasses for case study. In each case study a simple random sample of park users was made. The population is defined as all households in a 300m radius of the park. Questionnaires were distributed to the selected households.

Irrespective of their busy schedules during the week, the inhabitants still have ample free time over weekends. Free time is generally spent at home though a significant percentage of inhabitants take excursions to enjoy walks in nature. Children and pensioners most frequently make use of parks. Parks are generally visited on a weekly basis. Neighbourhood parks are visited over weekends for walks and for use as playgrounds. Most of the inhabitants are satisfied with the appearance of the neighbourhood parks, though they feel security at the parks is insufficient and parks are inadequate for the playing needs of children.

Awareness of parks forms an integral part in park use. Being unaware of parks or having to travel far have a significant effect on non-usage of parks. In order to encourage park use it is essential to create multifunctional parks catering to the inhabitants' varying needs and utilisation of parks. Single functional parks can be transformed into multifunctional parks by adding additional attractions thereby addressing inhabitants' needs and extending the existing function of the park. Effective management of parks is essential in preserving them as continuing assets in the Bellville municipal area.

BEDANKINGS

Graag wil ek die volgende mense bedank vir hul aandeel in die suksesvolle afhandeling van die tesis:

Mnr. P.J. Eloff vir die leiding, hulp en veral gerusstelling waar nodig.

Prof. J.H. van der Merwe vir leiding en hulp van onskatbare waarde.

Bellville Munisipaliteit se Parke en Rekreasie-afdeling.

Jacques du Preez vir die geduld en hulp met die besoeke aan die parke in Bellville en met die uitstuur van vraelyste.

Wicus Pretorius vir die taalkundige versorging en die aansporing.

Louise Coetzee en Pieta Swanepoel vir hulle wonderlike vriendskap en voortdurende onderskraging.

Matthys Walters vir sy volgehoue ondersteuning, hulp, geduld en liefde.

INHOUD

Bladsy

FIGURE	XI
TABELLE	XII
HOOFSTUK 1: PARKE AS SKAKEL TUSSEN STAD EN NATUUR	1
1.1 PARKE AS NOODSAAKLIKE SKAKEL	1
1.2 PARKE AS GEOGRAFIESE VERSKYNSEL	1
1.3 DIE ONDERSOEKPROBLEEM EN DOELSTELLINGS	2
1.3.1 Identifisering en klassifikasie van parke	2
1.3.2 Optimale benutting en bewaring van parke	3
1.3.3 Doelstellings	3
1.4 'N KONSEPTUELE RAAMWERK VIR PARKE	4
1.4.1 Historiese agtergrond tot die ontstaan en funksie van parke	4
1.4.2 Teoretiese benadering tot die studie van parke	5
1.4.2.1 Perspektiewe en benaderinge	5
1.4.2.2 Definisies en konsepte	6
1.4.3 Volhoubaarheid in parke	8
1.4.4 Parke as deel van die Kaapse metropolitaanse oopruimte-sisteem	9
1.4.4.1 Definisie en ontstaansverloop van die metropolitaanse oopruimte-sisteem	9
1.4.4.2 Skakeling van parke in Bellville met die metropolitaanse oopruimte-sisteem	11
1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE	11
1.5.1 Bellville munisipale gebied as studiegebied	11
1.5.2 Data-insameling	13
1.5.2.1 Sekondêre inligting	13
1.5.2.2 Primêre inligting	14
1.5.3 Dataverwerking	16
1.5.4 Navorsingsprosedure en verslagstruktuur	16
HOOFSTUK 2: VERBREIDING EN STRUKTUUR VAN PARKE IN BELLVILLE	19
2.1 OMVANG EN VERBREIDING VAN PARKE	19
2.2 KLASSIFIKASIESKEMAS VIR PARKE	22
2.2.1 Skemas uit die literatuur	22
2.2.2 Buurtparke as fokuspunt	23

2.2.3 'n Eie skema vir Bellville	25
2.2.3.1 Algemene klassifikasieskema	25
2.2.3.2 Buurtparke as spesiale parktipe	30
2.3 EMPIRIESE KLASSIFIKASIE VAN BELLVILLE SE PARKE	32
2.3.1 Algemene klassifikasie	32
2.3.2 Buurtparke as spesiale fokus in Bellville	34
2.4 SAMEVATTING	35
HOOFSTUK 3: INWONERPERSEPSIES, -BEHOEFTE EN BENUTTING VAN PARKE IN BELLVILLE	37
3.1 PARKGEBRUIK: DIE SUID-AFRIKAANSE ERVARING	37
3.2 KAPASITEIT VIR PARKGEBRUIK: VRYETYDSBESTEDING IN BELLVILLE	38
3.3 ALGEMENE PARKBEHOEFTE VAN INWONERS	40
3.3.1 Bewustheid en benutting van parke	41
3.3.2 Nie-benutting van parke	42
3.3.3 Algemene behoeftes waaraan parke moet voldoen	43
3.4 'N PROFIEL VAN BUURTPARKE IN BELLVILLE	44
3.4.1 Algemene persepsie van buurtparke	44
3.4.2 Buurtparke met speelstrukture	47
3.4.2.1 Groot versorgde buurtpark: Meerlustpark	47
3.4.2.2 Groot onversorgde buurtpark: Frank Louwpark	51
3.4.2.3 Klein versorgde buurtpark: Plattekloofwegpark	54
3.4.2.4 Klein onversorgde buurtpark: Kasselsvleiwegpark	57
3.4.3 Buurtparke sonder speelstrukture	60
3.4.3.1 Groot versorgde buurtpark: Blomvleipark	60
3.4.3.2 Groot onversorgde buurtpark: Haarlempark	63
3.4.3.3 Klein versorgde buurtpark: Voightpark	66
3.4.3.4 Klein onversorgde buurtpark: Hogarthpark	68
3.5 SAMEVATTING	71
HOOFSTUK 4: IS BELLVILLE SE PARKE GESKIK VIR DIE INWONERS?	75
4.1 SAMEVATTING VAN STUDIERESULTATE	75
4.1.1 Die morfologie van parke: Verbreiding en struktuurkenmerke	75
4.1.2 Inwonerbenutting en persepsies	76
4.2 BEPLANNING EN BESTUURSRIGLYNE VIR OPTIMALE PARKBENUTTING	78
4.2.1 Riglyne vir beter sekuriteit	79

	x
4.2.2 Riglyne vir volhoubare instandhouding	79
4.2.3 Riglyne vir multi-funksionele parke	80
4.3 WAARDEBEPALING VAN DIE NAVORSING	81
4.3.1 Suksesse van die studie	81
4.3.2 Tekortkominge van die studie	81
4.4 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING	82
4.5 SAMEVATTING	83
VERWYSINGS	84
PERSOONLIKE MEDEDELINGS	87
ADDENDA	A1
ADDENDUM A: LYS EN KLASSIFIKASIE VAN PARKE IN BELLVILLE, 1997	A1
ADDENDUM B: VRAELYS TEN EINDE BEHOEFTE VAN INWONERS RONDOM PARKE TE BEPAAL	A8

FIGURE

Bladsy

1.1 Die Kaapse metropolitaanse oopruimte-sisteem en stedelike randgebiede	10
1.2 Die Bellville munisipale gebied met afgebakende gebiede	12
1.3 Skematiese voorstelling van die navorsingsprosedure	17
2.1 Verbreiding van openbare oopruimtes in gebiede van Bellville	21
2.2 Rekreasiepark met omheining	27
2.3 Estetikapark met fyntuin aangeplant	27
2.4 Kunsmatige strukture aangebring vir stroomkanalisering in 'n ekologie-estetikapark	28
2.5 Ekologiepark langs 'n dam geleë	29
2.6 Buurtpark met speelstrukture	29
2.7 Voorkomsverskille tussen buurtparksubtipes in Bellville, 2001	31
2.8 Verbreiding van parke volgens klassifikasie-groepe in Bellville, 1997	33
3.1 Verspreiding van buurtparke in Bellville as gevallestudie hanteer	45
3.2 Meerlustpark: 'n Groot, versorgde speelpark met speelstrukture	47
3.3 Frank Louwpark: 'n Groot, verwaarloosde speelpark met speelstrukture	51
3.4 Plattekloofwegpark: 'n Klein, versorgde speelpark met speelstrukture	54
3.5 Kasselsvleiwegpark: 'n Klein, verwaarloosde speelpark met speelstrukture	57
3.6 Blomvleipark: 'n Groot, versorgde speelpark sonder speelstrukture	60
3.7 Haarlempark: 'n Groot, verwaarloosde speelpark sonder speelstrukture	63
3.8 Voightpark: 'n Klein, versorgde speelpark sonder speelstrukture	66
3.9 Hogarthpark: 'n Klein, verwaarloosde speelpark sonder speelstrukture	69

TABELLE

Bladsy

1.1 Sekondêre databronne gebruik	14
1.2 Primêre databronne gebruik	14
2.1 Oppervlakte van alle oopruimtes in die Bellville munisipale gebied	19
2.2 Park- en woonbuurtinligting volgens gebiede in Bellville, 1998	20
2.3 Kriteria uit die literatuur vir die klassifikasie van parke	22
2.4 Kenmerke van tipes buurtparke	24
2.5 Kriteria vir die klassifikasie van parke	26
2.6 Klassifikasieskema vir buurtparke in Bellville	30
2.7 Omvang van tipes parke in Bellville, 1997	32
2.8 Omvang van buurtparke in Bellville	34
3.1 Hoeveelheid vryetyd tot gesinslede se beskikking, Bellville 1997	38
3.2 Gunsteling rekreasie-aktiwiteite beoefen in vryetyd, Bellville 1997	39
3.3 Frekwensie van parkbesoek, Bellville 1997	40
3.4 Parkbewustheid en -benutting volgens parktipe, Bellville 1997	41
3.5 Redes vir nie-benutting van parke volgens parktipe, Bellville 1997	42
3.6 Buurtparkbenutting deur gesinslede, Bellville 1997	46
3.7 Respondente se tevredenheid met parkfasiliteite, Bellville 1997	46
3.8 Algemene profiel van Meerlustpark se omliggende inwoners	48
3.9 Huishoudingsprofiele van Meerlustpark se omliggende inwoners	49
3.10 Algemene profiel van Frank Louwpark se omliggende inwoners	52
3.11 Huishoudingsprofiele van Frank Louwpark se omliggende inwoners	53
3.12 Algemene profiel van Plattekloofwegpark se omliggende inwoners	55
3.13 Huishoudingsprofiele van Plattekloofwegpark se omliggende inwoners	56
3.14 Algemene profiel van Kasselsvleiweg se omliggende inwoners	58
3.15 Huishoudingsprofiele van Kasselsvleiweg se omliggende inwoners	59
3.16 Algemene profiel van Blomvleipark se omliggende inwoners	61
3.17 Huishoudingsprofiele van Blomvleipark se omliggende inwoners	62
3.18 Algemene profiel van Haarlempark se omliggende inwoners	64
3.19 Huishoudingsprofiele van Haarlempark se omliggende inwoners	65
3.20 Algemene profiel van Voightpark se omliggende inwoners	67

3.21 Huishoudingsprofiel van Voightpark se omliggende inwoners	68
3.22 Algemene profiel van Hogarthpark se omliggende inwoners	70
3.23 Huishoudingsprofiel van Hogarthpark se omliggende inwoners	71
4.1 Redes vir die verskille in benutting van buurtparksubtipes	77

HOOFSTUK 1: PARKE AS SKAKEL TUSSEN STAD EN NATUUR

Die tempo van verstedeliking in Suid-Afrika verander die nedersettingspatrone van mense in die land. Die Suid-Afrikaanse bevolking is in 2002 beraam as 43,6 miljoen, en teen 1999 was reeds 53,9% van die bevolking in stede woonagtig (Statistiek Suid-Afrika, 2001). Die druk van verstedeliking veroorsaak dat openbare oopruimtes toenemend verlore gaan. Een van die grootste uitdagings van verstedeliking is om die groot aantal stedelinge fisies gesond en geestelik en sosiaal aangepas te hou. Dít taak word bemoeilik deur die snelle verandering in stede (Hurry, 1994). Die inherente potensiaal van 'n stelsel van oopruimtes om 'n meer leefbare stad te skep waar inwoners kan leef, werk en speel word grootliks onderskat (Yates, 1980).

1.1 PARKE AS NOODSAAKLIKE SKAKEL

Die verlies aan openbare oopruimte in stede was twee dekades gelede nie 'n prioriteit by die oplossing van stedelike probleme nie (Bartone, Bernstein, Leitman & Eigen, 1994). Plaaslike owerhede word bewus gemaak van hierdie stedelike probleem deur die Wêreld Omgewingsdag van 6 Junie 1996, met stedelike oopruimtes as tema (Behrens, 1996).

Probleme aangaande die doeltreffende benutting van stedelike ruimtes wat gevolglik die verlies daarvan bekamp, vereis dringende aandag. Die interafhanklikheid van lewende sisteme – by implikasie die natuurlike en stedelike omgewing – word in stedelike parke waargeneem. Stedelike parke is die ooglopende skakel tussen stad en natuur (Young, 1994). Parke in stede dra só by tot die volhoubaarheid van stede deur in die mens se behoefte vir ontspanning te voorsien en terselfdertyd bewaring van die natuurlike omgewing te bevorder. Weens hierdie tweeledige nut van parke in stede moet plaaslike owerhede buigbaar wees in die voorsiening van parke. In Suid-Afrika is daar toenemende kommer oor die gebrek aan die doelmatige skepping van parke en ontspanningsfasiliteite (Botha, 1974). Die holistiese siening van die geograaf bied 'n omvattende begrip van die karakter van parke wat van waarde is vir die stadsbeplanner in die doelmatige voorsiening van parke.

1.2 PARKE AS GEOGRAFIESE VERSKYNSEL

Stedelike ruimte word deur beide geografe en sosioloë as "sosiale ruimte" gesien eerder as fisiese geboue en strukture soos die argitektoniese beskouing is. Dit kom daarop neer dat beide sosiale instellings en fisiese karakter van geboue en strukture ruimtelike implikasies vir die stedelike ruimte inhou (Colquhoun, 1989). Parke is 'n voorbeeld van 'n sosiale ruimte deurdat die funksie en karakter daarvan hoofsaaklik deur die publiek bepaal word.

Parke pas as studie-objek binne beide die stedelike en omgewingsdissiplines van geografie. Parksisteme¹ se liggingsdoeltreffendheid word bepaal deur geografiese ligging en grootte van individuele parke binne 'n sisteem. Die aanwesigheid van so 'n sisteem van parke het belangrike intra-stedelike implikasies en is nodig vir die suksesvolle en optimale funksionering van die stad en sy gemeenskap. Stedelike geografe het belang by die dinamiek van parke en die nut daarvan in die stad.

'n Verdere belangrike komponent van parke is die bydrae wat dit lewer tot 'n volhoubare stad (Hanekom, 1994; Walmsley & Botten, 1994). Dit is hier waar die omgewingsgeograaf se belangstelling lê. Dit is vir die omgewingsgeograaf belangrik dat die ontwerp van stedelike parke van so 'n aard is dat dit ekologies en sosiaal relevant is. Indien parke so ontwerp word, sal dit bydra tot die omgewingsgesondheid, volhoubaarheid en lewensvatbaarheid van stede (Jordaan, 1994). Die bestudering van parke in stede bied dus moontlikhede vir die geograaf om vanuit die vak se verskillende subdissiplines 'n geïntegreerde studie uit te voer en die probleem holisties te ondersoek.

1.3 DIE ONDERSOEKPROBLEEM EN DOELSTELLINGS

Binne stede is dit belangrik om 'n netwerk van oopruimtes te skep, wat die beboude omgewing in die stedelike gebied komplementeer. Oopruimtes in stede verleen 'n natuurlike karakter en 'n aantreklike visuele voorkoms aan die beboude omgewing (Suid-Afrika, 1996). Openbare oopruimtes in stede is onbeboude gebiede wat algemeen vir die publiek toeganklik is. Die toeganklikheid tot en benutting van oopruimtes word deur verskeie faktore beïnvloed. Vervolgens is dit nodig om die parkgebruiker te leer ken en die omvang van die parke wat tot die beskikking van gebruikers is, te bepaal.

1.3.1 Identifisering en klassifikasie van parke

Die navorsing is gedoen oor die parke van die munisipale gebied van Bellville². Die gebied beslaan 5491,99ha in totaal, waarvan 860,55ha (15,7%) openbare oopruimtes is, wat in inwoners van verskillende residensiële gebiede se behoeftes moet voorsien. Berman (1986) beskou openbare oopruimtes as 'n weerspieëling van die publiek se kultuur, oortuigings en waardes. Indien parke as openbare oopruimte, soos Berman (1986) opmerk, 'n toonbeeld van die individu en die algemene publiek se waardes en kultuur is, moet daar verskillende tipes parke wees wat (in funksie, uitleg en geriewe) oor tyd verander soos die inwoners verander.

¹ 'n Parksisteem is die samehangende geheel van eenderse of soortgelyke parke.

² Bellville munisipale gebied word begrens deur Durbanville in die noorde, Delft in die suide, Brackenfell in die ooste en Parow in die weste (Botma, 1996).

Hierdie navorsing fokus op parke, wat slegs 'n deel van die openbare oopruimte-sisteem vorm. Parke word vir die doel van die studie gedefinieer as daardie gebiede in die openbare oopruimte-sisteem wat inwoners se informele ontspanningsbehoefte vervul, gekombineer met die bewaring van gebiede in hul natuurlike toestand. Parke soos, hierbo gedefinieer, wat voortdurende instandhouding verg, val in die middel van die spektrum wat instandhouding van openbare oopruimtes voorstel. Spektrumuiters is nie in die studie ingesluit nie. Voorbeelde van die uitersters is natuurreservate wat volledig natuurlik selfonderhoudend is en sportgronde waar velde op 'n georganiseerde basis onderhou word. Dit is belangrik om te ontdek in hoe 'n mate parke 'n rol speel in die bevrediging van die gemeenskap se behoeftes rondom rekreasie en ontspanning gegee die veelvoudige vorme van georganiseerde sport wat in die moderne samelewing beskikbaar is.

1.3.2 Optimale benutting en bewaring van parke

Die studie fokus op oopruimtes wat aan stedelike inwoners en werknemers die geleentheid gee om oopruimtes en die natuur te benut sonder om groot afstande af te lê (Kaapse Metropolitaanse Raad, 1996). Daar word sover moontlik gepoog om 'n aaneenlopende stelsel van oopruimtes te vorm, want sodoende word groenstroke geskep, wat groen longe³ vir stede is. Die skepping van so 'n beplande sisteem vorm slegs 'n deel van omgewingsbewaring en is dus 'n meganisme vir die skepping, bewaring en bevordering van 'n netwerk van openbare oopruimtes. Daar word dus gedeeltelik in die behoeftes van ekologiese bewaring voorsien.

Sekuriteit en die handhawing van orde is 'n algemene probleem wat optimale benutting van parke belemmer. Wetgewing vergemaklik wel die handhawing van orde in parke, maar is meestal nie voldoende om parke te beskerm teen ongewenste gedrag of elemente nie (Seymour, 1969).

Daar is 'n tekort aan doeltreffende, geïntegreerde omgewingsbestuur en beplanning in Suid-Afrika (Suid-Afrika, 1996). Ongekoördineerde bestuur en beplanning kan lei tot die oor- of ondervoorsiening van parke. Hierteen moet gewaak word om te verhoed dat parke nie 'n las vir die gemeenskap word nie (MOD, 1987a). Die gemeenskap moet geraadpleeg en betrek word by die bepaling van standaarde vir die bestuur van parke. Indien parkbestuur geïntegreerd en beplanning doeltreffend is, kan verbeterde parkbenutting gewaarborg word.

1.3.3 Doelstellings

Die doel van die navorsing is om parke in Bellville se verbreiding en struktuurkenmerke, sowel as

³ Groen longe verwys na die vermoë van parke, weens die aanwesigheid van bome en plante, om die besoedelde stedelike lug te suiwer (Deacon, 1992).

benuttingskenmerke en bewustheid daarvan deur gebruikersgroepe, te ontleed, vir gebruik in owerheidsbestuur. Ten einde hierdie doelstelling te bereik moet daar aan die volgende doelwitte voldoen word:

- Die identifisering van parke uit bestaande oopruimtes in Bellville wat deur die inwoners benut word vir informele ontspanning, of deur die munisipaliteit gereserveer word vir ekologiese behoud.
- Die daarstel van 'n klassifikasiesistelsel vir parke wat berus op visuele voorkoms, funksie en oppervlakgrootte van parke.
- Die bepaling van behoeftes en benuttingspatrone van inwoners wat binne 'n vasgestelde radius vanaf geselekteerde parke woon.
- Die verskaffing van riglyne uit die bevindinge, vir die beplanning en bestuur van parke om optimale benutting te verseker.

1.4 'N KONSEPTUELE RAAMWERK VIR PARKE

Die konseptuele raamwerk verklaar die aard van die navorsingsprobleem en verskaf 'n duidelike beeld van die doel en uitgangspunt van die navorsing. In dié afdeling word die historiese agtergrond tot die ontstaan van parke bespreek, gevolg deur die teoretiese definiëring van alle konsepte en 'n beskrywing van die rol van parke in Bellville binne die Kaapse metropolitaanse oopruimte-sisteem.

1.4.1 Historiese agtergrond tot die ontstaan en funksie van parke

Die mens ontspan reeds sedert die vroegste tye in parke. Daar is bewyse dat selfs die mees antieke gemeenskappe oopruimte gehad het waar mense bymekaar kon kom en hul vryetyd spandeer. Reeds in die vierdie eeu voor Christus bestaan stedelike oopruimtes en sedertdien reserveer gemeenskappe oopruimtes om aan hulle sosialiteit uiting te gee (Cranz, 1982).

In die Victoriaanse tye was stedelike gesondheid die primêre motief vir die voorsiening van parke. Parke is geskep as 'sanitary cordon' of buffer om die hoër sosio-ekonomiese klasse te beskerm van die siekte en epidemies van die laer klasse. Die Victoriane het ook 'n bydrae gelewer in die ontwikkeling van parke om in die speelbehoefte van kinders te voorsien. Die behoefte van die kind om te speel het vandag nog 'n groot invloed op die ontwerp van bepaalde tipes parke asook die wyse waarop bestuur plaasvind en fasiliteite voorsien word. Hierdie parke se effektiwiteit kan doeltreffend geëvalueer word deur die teenwoordigheid of afwesigheid van kinders.

Teen die middel van die 19de eeu was die voorsiening van parke nie bloot die produk van statutêre wetgewing in plaaslike owerhede nie, maar 'n munisipale statussimbool. Gedurende hierdie tydperk is parke vrywillig voorsien, onderhou en beskerm. Toesighoudende personeel is aangestel om te verseker dat parkgebruikers wenslik optree en om dissiplinêre optrede in alle

parke te implementeer. Parke word 'n prominente en permanente deel van stedelike ontwerp en bestuur. Die visuele impak van parke, wat bydra tot 'n plaaslike identiteit, word verhoog en verryk deur die sosiale kultuur en historiese belang wat aan parke gekoppel word. Die waarde van parke vir die inwoners en besoekers word ook deur dié aspekte verhoog.

In die 20ste eeu, as gevolg van tegnologie, bestaan die mens al hoe meer verwyderd van die natuur. Die stad word beskou as apart van die natuur en die siening word weerspieël in die wyse waarop parke aan die begin van die 20ste eeu ontwerp is. Oopruimtes word ontwerp om aan inwoners formele sportfasiliteite te verskaf. Gevolglik word geriewe in parke aangebring vir georganiseerde rekreasie en die sosiale en ekologies-verrykende karakter van parke gaan verlore (Chadwick, 1966). Die behoeftes van inwoners, om parke vir blote wandeling en informele rekreasie te benut, word nie vervul nie.

Die Suid-Afrikaanse bevolking sal na raming teen die jaar 2011 tussen 49,3 en 53,4 miljoen wees (ANC, 2001). Die bevolking neem tans toe teen 2,0% per jaar (Statistiese Verslag, 2002). Tog word oopruimtes gereserveer in die hedendaagse stedelike gemeenskap, ten spyte van die druk van ontwikkeling en stedelike verdigting (Cranz, 1982). Die stedelike park van vandag is steeds een van die mees toeganklike en beskikbare ontspanningsfasiliteite. In Suid-Afrika is daar groot ongelykhede in die voorsiening van parke in tradisioneel wit en swart woonbuurte (Young, 1994). Die hoë konsentrasie van mense in die tradisioneel swart woonbuurte het gelei tot die ondervoorsiening van oopruimtes in dié gebiede (Beaumont & Dold, 1993; Welch, 1995). Hoewel daar in die verlede verskille in die tipes van en benaderings tot openbare oopruimte voorsiening in Suid-Afrika was, is openbare oopruimtes vir ontspanning die fokuspunt in die hede. Verskeie studies is met verloop van tyd vanuit verskillende perspektiewe oor die stedelike park uitgevoer.

1.4.2 Teoretiese benadering tot die studie van parke

Die voorgenoemde navorsing is uitgevoer binne 'n breër raamwerk van relevante teorie en perspektiewe. Vervolgens word die vernaamste teoretiese begronding en begrippe kortliks verduidelik om 'n duidelik en objektiewe begrip van dié voorgenoemde navorsing te vorm.

1.4.2.1 Perspektiewe en benaderinge

Parke is ontwerp en geskep vir mense en is van waarde as dit doeltreffend deur mense benut word. Parke moet so voorsien word dat dit in alle groepe van die gemeenskap, ongeag ouderdom, ras, geslag en sosio-ekonomiese status, se behoeftes voldoen. In die **humanistiese benadering** poog geografe om die rol van menslike waardes terug te bring in die manier waarin daar na ruimte gekyk word. 'n Belangstelling in die subjektiewe betekenis van plek en ruimte ontstaan en vorm 'n reaksie teen suiwer abstrakte geometriese ruimte (Broadbent, 1990).

Volgens die **strukturele benadering** moet strukturele aspekte van die stad, soos byvoorbeeld parke, nie alleen binne die stedelike omgewing beskou word nie, maar binne die totale sosiale stelsel waarvan die stad maar net 'n produk is. Stedelike strukture word 'n weerspieëling van owerhede se waardes. Die voorsiening van parke in Suid-Afrika is direk beïnvloed deur die politieke bestel (Herbert & Thomas, 1990). Tydens die apartheidera, met die instelling van groepgebiedwetgewing, is parke afsonderlik (en ongelyk) voorsien vir die verskillende rasse-groepe.

Alternatiewe benaderings kan gevolg word, waarvan elk op spesifieke aspekte van parke fokus. In die **mensgesentreerde benadering** val die klem op die behoeftes van die ontwikkelde gemeenskap. 'n **Verantwoordelike benadering** tot die stedelike omgewing vereis nie net die sonering vir en bewaring van voldoende groen ruimtes nie, maar ook die voorsiening in basiese behoeftes (Hanekom, 1994). 'n Benadering wat toenemend aanbeveel word vir park- en landskapbeplanning is die **natuurbewaringstrook-/netwerk benadering**. Hierdeur word hoofnodusse van beskermde grond geskakel met gange en sodoende word die negatiewe effekte van fragmentasie teengewerk (Ahern, Gross & Finn, 1992). Om te verseker dat alle aspekte van parke ondersoek word, is dit egter nodig om 'n holistiese benadering te volg, soos dan in dié studie gedoen en deur Young (1994) aanbeveel word.

In dié studie is daar gefokus op die identifisering en klassifisering van parke in die Bellville munisipale gebied. Verder in die studie is die behoeftes en benuttingspatrone van die inwoners bepaal. Die identifisering- en klassifikasieprosesse is vanuit 'n **positivistiese perspektief** benader, ten einde die prosesse logies en rasioneel uit te voer. Die waarneembare aspekte van parke, byvoorbeeld oopheid, estetika en waarde vir die publiek is gemeet aan die subjektiewe reaksie van die gebruiker eerder as met voorafbepaalde formules. Dit is belangrik om die funksionele aspekte van parke (sosiaal, ekologies en ekonomies) reeds in die beplanningsproses te integreer. Ten einde die probleem van betekenisverskille in die studie uit te skakel, word sentrale konsepte en definisies geïdentifiseer en vervolgens eksplisiet gedefinieer.

1.4.2.2 Definisies en konsepte

In die bestudering van die literatuur oor grond in die stedelike gebied word 'n duidelike hiërargie van ruimtelike vlakke veronderstel. Vervolgens word tersake definisies en konsepte binne hierdie hiërargie bespreek.

In die literatuur word grond in stedelike gebiede eerstens geklassifiseer as "ontwikkel(d)" en "onontwikkel(d)". **Onontwikkelde grond** verwys na daardie oppervlakte wat nie met geboustrukture bedek is nie en ook nie aangewend word vir ekonomies winsgewende doeleindes nie. Hierdie tipe grond word, op 'n volgende hiërargiese vlak, as volg geklassifiseer:

- Spekulatiewe grond, wat gereserveer en beskikbaar gehou word vir moontlike verdere ontwikkeling;
- Grond wat van die mark onttrek is weens fisiese gesteldheid, soos byvoorbeeld moerasgrond of ongekompakteerde grond wat te onstabiel is vir die oprigting van strukture; en
- Grond wat nie beskikbaar is vir ontwikkeling nie deur doelbewuste publieke of private besluit, dus **doelbewuste oopruimtes** (Yates, 1980).

Doelbewuste oopruimtes word op 'n verdere hiërargiese vlak geklassifiseer as "privaat" of "openbaar". **Openbare oopruimtes** in stede kan onderskei word van private oopruimtes deurdat die owerheid 'n spesiale mandaat rakende die openbare omgewing het. Openbare oopruimtes behoort dus aan en word bestuur deur plaaslike owerhede of ander openbare liggame en is algemeen toeganklik vir die publiek (Grandjean & Gilgen, 1976). Openbare oopruimtes het 'n invloed op die publiek en word benut as 'n gemeenskaplike bron van ontspanning en sosiale interaksie deur diverse groepe mense (Altman & Zube, 1989; Woolley, 2003). Hierdie openbare oopruimtes word laastens in drie kategorieë ingedeel, naamlik:

- '**Groen**' of '**sagte**' oopruimtes, waar plante aangeplant is binne 'n stedelike omgewing soos parke, buurtparke en natuurlike gebiede;
- '**Nie-groen**' of '**harde**' oopruimtes, wat 'n sterk stedelike karakter het en geplaveide gebiede soos pleine, plaza's en parkeergebiede insluit; en
- **Visuele oopruimtes** met beperkte toegang, indien enige, vir die algemene publiek. Hierdie ruimtes is nie soseer vir aktiewe benutting bedoel nie, maar die estetika daarvan is belangrik. Voorbeelde hiervan is tuine by kantoorparke en padreserwes tussen multi-baan paaie waar plante aangeplant is.

Vir die doel van hierdie navorsing is gelet op openbare oopruimtes in stede wat as sagte of groen oopruimtes geklassifiseer word. Stedelike parke is die fokus van die navorsing en moet nie verwar word met die "groengordel" wat veral in Brittanje afgebaken is nie. Die **stedelike park** is onontwikkelde grond wat benut word deur die aanplanting van plante of bewaar bly in 'n natuurlike staat (Botha, 1974). Die koste van die skepping en instandhouding van parke word geheel of gedeeltelik deur die gemeenskap gedra. Parke is ruimtes van beperkte omvang en lae-intensiteit gebruik.

Die funksies van parke wissel na gelang van die gebruiker se behoefte. Stedelike parke het (hoofsaaklik) 'n tweeledige funksie, naamlik:

- 'n **Sosiale funksie** deur die voorsiening in die ontspanningsbehoefte van die mens en verbetering van die lewenskwaliteit van die stedelike inwoner; en

- 'n **Ekologiese funksie** deur die bewaring van gebiede in hulle natuurlike toestand en om stedelike ontwikkeling te rig.

As vervulling van die sosiale funksie word parke daar gestel vir die ontspanningswaarde wat dit vir die gemeenskap inhou (Botha, 1974), vir stedelike gerief en is 'n instrument vir sosiale vooruitgang (Seymour, 1969). Vir die mens het parke nut as ontspanningsfasiliteit. **Ontspanning** word gesien as spel en rekreasie. Spel is die aktiwiteite wat vereenselwig word met die kind, byvoorbeeld sport wat op vrye en spontane manier onderneem word vir eie plesier. Rekreasie word gekoppel aan gedrag wat nie deel vorm van werk nie, soos vermaak en vryetydsbesteding (Bayat, 1992). Parke bied ook aan mense die geleentheid om op gemeenskaplike grond bymekaar te kom. Toeganklikheid tot parke is noodsaaklik ten einde die sosiale funksie te vervul. 'n Park moet dus gerieflik geleë wees en 'n breë verskeidenheid van vryetydsbestedings- en ontspanningsaktiwiteite bied (Woolley, 2003).

Nie net die mens nie, maar ook die natuur word bevoordeel deur die aanwesigheid van parke. Die ekologiese funksie, wat ook primêr aan parke is, bevorder die behoud van die natuur deur bewaring en dus **volhoubare ontwikkeling** in stede. Vervolgens 'n gedetailleerde beskrywing van volhoubare ontwikkeling in stede waar die behoeftes van die hede vervul moet word, sonder om die vermoë van toekomstige generasies om hulle eie behoeftes te vervul, te vernietig (Hanekom, 1994). Stedelike parke as oopruimtes kan 'n bate vir die hele gemeenskap wees mits dit oordeelkundig benut word.

1.4.3 Volhoubaarheid in parke

Stedelike parke moet voldoen aan die vereistes van 'n wye verskeidenheid mense en subgroepe van die bevolking en sodoende 'n bydrae lewer tot die kwaliteit van lewe in stede (Visser, 1992). Volhoubaarheid, die proses om die balans tussen sosiale, kulturele en ekonomiese verbetering te vind, sonder om natuurlike bronne uit te put of die ekosisteem te besoedel, is verder noodsaaklik in die voorsiening van parke. Volhoubaarheid dui ook op die interafhanklikheid van sosiale, ekonomiese, ekologiese en politieke prosesse (Hanekom, 1994; Pugh, 1996).

Indien volhoubaarheid toegepas word in parke, beteken dit by implikasie dat parke in die sosiale behoeftes van almal in die gemeenskap moet voldoen. In die park word 'n gevoel van identiteit en samehorigheid geskep. Dit is juis hierdie gemeenskaplike grond wat identiteit gee aan die inwoners van 'n gemeenskap (Young, 1994). Parke word beskou as sosiale ruimte, want dit akkommodeer die aktiwiteite van die individu en die gemeenskap as geheel. Om in almal se behoeftes te voorsien, moet parke dus ook multi-funksioneel wees (Dewar & Uitenbogaardt, 1991).

Die grootste probleem rakende volhoubaarheid van parke in Bellville is, soos in die meerderheid Suid-Afrikaanse parke, lewensvatbaarheid. Parke genereer nie 'n eie inkomste nie en ekonomiese volhoubaarheid in parke is dikwels nie haalbaar nie (Nembudani, 1996).

Ekologiese volhoubaarheid is ook van belang vir die bestaan van parke (Dredge, 1995). Parke as deel van 'n groengordel-sisteem is wenslik vir die bevordering van ekologiese volhoubaarheid. Groengordels vorm 'n oop deel rondom 'n stad waar beperkings op konstruksie geplaas word. Groengordels is oorwegend aaneenlopende gebiede rondom 'n stad, maar "groen" sones tussen en binne stede word ook in die definisie ingesluit (Ministry of Housing and Local Government, 1962). Groengordels se primêre doel is om stedelike spreid te beperk deur oopruimtes te reserveer (Correll, Lillydahl & Singell, 1978). Bio-diversiteit in die stedelike omgewing word bevorder deur die voorsiening van habitat aan talle spesies in die stedelike park. Die skakeling van parke in 'n groengordel bevorder die beweging van spesies tussen gebiede. Parke kan ook as longe van die stad beskou word, omdat dit as filter dien vir geraas, hitte, ongunstige gasse en reuke (Rootman, 1991). Sekondêr het groengordels nut as ontspannings- en ontsnappingsfasiliteite weg van die geraas, besoedeling en samedromming in stede (Cohen, 1994). Vervolgens word die skakeling van parke in Bellville as deel van die groengordel van die Kaapse Metropol bespreek.

1.4.4 Parke as deel van die Kaapse metropolitaanse oopruimte-sisteem

Within a given land area all parks, no matter how large they may be, or for what purpose they were established, are related to each other, to the use of resources in the landscape which includes them, and to the society which supports them.


(Hart, 1966: 261)

1.4.4.1 Definisie en ontstaansverloop van die metropolitaanse oopruimte-sisteem

'n Metropolitaanse oopruimte-sisteem (vgl. Engelse akroniem MOSS vir "Metropolitan Open Space System" algemeen gebruik) is 'n netwerk van oop ruimtes wat onderling verbind en versorg is. Die interaksie tussen sosiale, ekonomiese en ekologiese aktiwiteite word deur 'n MOSS onderhou en gevolglik word beide ekologiese prosesse en menslike nedersettings ondersteun en verhef. 'n MOSS bestaan uit openbare en private ruimtes; mensgemaakte of geskepte ruimtes; onontwikkelde ruimtes; geskende natuurlike ruimtes; en ongerepte of oorspronklike natuurlike ruimtes (Suid-Afrika, 1996).

Die toenemende druk van verstedeliking en die beperking van hulpbronne vanuit die openbare sektor laat 'n behoefte ontstaan vir 'n nougesette raamwerk as riglyn vir die beplanning, bestuur, implementering en onderhoud van oopruimtes in Kaapstad. Die Kaapse MOSS is in 2000 begin en daar word gestreef na die identifisering en kartering van oopruimtes in die hele metropool om sover moontlik 'n volhoubare oopruimte-sisteem vir die metropool te skep. Dit sluit die

kategorisering en kwantifisering van oopruimtes in klasse en die rangskikking van oopruimtes in terme van belangrikheid in. In Figuur 1.1 word die omvang van die Kaapse MOSS met betrekking tot stedelike ontwikkelings in die metropool aangedui. Daar word onderneem om breë bestuursriglyne vir die MOSS en oopruimtes in die onmiddellike omgewing te ontwerp (Kaapse Metropolitaanse Raad, 1996). Die inisiatief vir die inkorporering van parke in die oorkoepelende oopruimte-sisteem word geneem op metropool-vlak, terwyl die gedetailleerde beplanning op plaaslike vlak plaasvind.



Bron: Suid-Afrika (1996: 58)

Figuur 1.1 Die Kaapse metropolitaanse oopruimte-sisteem en stedelike randgebiede

1.4.4.2 Skakeling van parke in Bellville met die metropolitaanse oopruimte-sisteem

Die Kaapse MOSS is voortdurend besig om te ontwikkel en uit te brei en tans vorm slegs die natuurreservaat in Bellville deel daarvan. Soos die Kaapse MOSS verder gevestig word, sal dit uitbrei om alle oopruimtes in die metropool te inkorporeer. Programme word tans geloods om die parke in Bellville te koppel aan die groenstroke wat langs die Elsieskraal- en Kuilsrivier geleë is. Die doel hiervan is om groot groenstroke te vorm wat optimaal deur inwoners benut kan word.

Fondse vir die ontwikkeling en skepping van parke in Bellville ontbreek en die skakeling van parke en sportvelde met instansies soos skole, biblioteke en ander gemeenskapgebaseerde organisasies ten einde die finansiële las te help dra, word as moontlike oplossing vir die probleem oorweeg.


1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Mouton & Marais (1992) noem dat die meeste navorsing in werklikheid 'n mengvorm van paradigmas is. Selfs in sulke gevalle neig navorsing steeds meer na een paradigma. Die keuse van insette wat uit 'n betrokke paradigma vir die studie geselekteer is, is deur die teoretiese en metodologiese vereistes van die navoringsprobleem bepaal.

Parke is ontwerp en geskep vir mense om uitdrukking aan hul sosialiteit te gee. Dit is die teenwoordigheid van mense in parke wat aan parke sin en betekenins gee. Navorsing oor parke kan dus nie heeltemal waardeury wees nie en subjektiewe navorsingsmetodes is geregverdig. Die studie het oorwegend 'n kwalitatiewe karakter, hoewel kwantitatiewe metodes ook gebruik is tydens data-insameling en -verwerking om die navorser objektiwiteit te verseker. Die kwalitatiewe karakter word duidelik weerspieël in die formulering van 'n algemene navorsingsdoel eerder as 'n navorsingshipotese, en die verskillende vorme van waarneming wat in die studie gebruik is.

1.5.1 Bellville munisipale gebied as studiegebied

Die studiegebied, waarna verwys word as die Bellville munisipale gebied (kyk Figuur 2.1), is geleë in die Wes-Kaap provinsie en vorm deel van die Kaapse metropolitaanse streek. Die geografiese gebied wat deur die studie gedek word, grens aan Parow in die weste, Delft in die suide, Brackenfell in die ooste en Durbanville in die noorde (Botma, 1996). Die munisipaliteit van Bellville het in Maart 1999 saamgesmelt met die munisipale owerhede van Parow en Durbanville om die nuwe Tygerberg substruktuur te vorm. Veranderinge is steeds besig om in die munisipale owerheid van Bellville in te tree. Hierdie navorsing fokus slegs op die oorspronklike Bellville munisipale gebied.



Bron: Aangepas van Botma (1996)

Figuur 1.2 Die Bellville munisipale gebied met afgebakende gebiede

Die Munisipale gebied van Bellville word in drie gebiede verdeel, naamlik Bellville-Suid, Bellville-Oos en Bellville-Wes, soos gesien kan word in Figuur 1.2. Die suidelike gebied beslaan die grootste oppervlakte van 2479,63ha. Woonbuurte in hierdie gebied is goed gevestig en gemiddeld 50jaar oud. Die oostelike gebied geleë in die noordooste van die munisipale gebied beslaan die kleinste oppervlakte van 1355,73ha. Woonbuurte is gemiddeld groter as die van Bellville-Suid en die eerste ontwikkelings in die gebied was in 1960, 16jaar na die ontstaan van die eerste residensiële gebiede. Bellville-Wes, die mees heterogene gebied wat ouderdom (woonbuurte wissel in ouderdom van 58 tot 10jaar) betref, beslaan die noordwestelike gebied van die Bellville munisipale gebied met 'n oppervlakte van 1656,63ha (Myburgh, 1998).

Die Bellville munisipale gebied huisves 'n relatiewe heterogene bevolking binne 'n verskeidenheid residensiële gebiede. Demografiese en sosio-ekonomiese verskille word in die onderskeie woonbuurte aangetref. Sedert die afskaffing van die Groepsgebiedewet vind integrasie plaas. Die residensiële gebiede is egter steeds hoogs gesegregeerd. Noord van die spoorlyn, soos aangetoon op Figuur 1.2, word die tradisionele "wit" residensiële gebied gevind, terwyl "bruin" areas tradisioneel suid van die spoorlyn gevestig is. Die Bellville munisipale gebied as geheel word in die studie ingesluit en parke van die tradisioneel wit en bruin areas is bestudeer.

1.5.2 Data-insameling

Die insameling van data is met groot omsigtigheid vanaf Junie tot September 1997 gedoen, met opvolgwerk in Oktober 2001. In die navorsingsontwerp word meerdere data-insamelingsmetodes ingesluit waar reaktiewe metodes (soos persoonlike waarneming) aangevul is met minder reaktiewe metodes (soos die gebruik van dokumentêre bronne). Die nodige data is as volg ingesamel:

- Die parke in Bellville is geïdentifiseer uit inligting van Bellville Munisipaliteit en deur veldwerk in die studiegebied;
- Persoonlike waarneming van alle parke in Bellville het die kriteria gelewer vir klassifikasie van parke in Bellville;
- Vraelyste is aan inwoners rondom 'n geselekteerde steekproef van parke in Bellville uitgestuur; Inligting vir die studie is van beide primêre en sekondêre bronne verkry deur van meerdere data-insamelingsmetodes, soos hierbo genoem, gebruik te maak.

1.5.2.1 Sekondêre inligting

Sekondêre databronne is aanvanklik geraadpleeg om rigting aan die navorser te verleen. Relevante literatuur is bestudeer om duidelikheid oor die onderwerp te kry en om die teoretiese grondslag te lê. Sekondêre inligting van toepassing op die studiegebied is ondersoek vir die identifisering van parke. Reeds bestaande data wat gebruik is in die klassifikasieproses, is van

Bellville Munisipaliteit verkry. Tabel 1.1 lys die sekondêre databronne wat tydens die navorsing gebruik is.

Tabel 1.1 Sekondêre databronne gebruik

Data-item	Gebruik vir	Bron
Parknaam	Identifisering van parke	Bellville Munisipaliteit
Erfnommer	Identifisering van parke	Bellville Munisipaliteit
Gebruiksklassifikasie	Identifisering en klassifikasie	Bellville Munisipaliteit
Buurtligging	Parkklassifikasie	Bellville Munisipaliteit
Parkoppervlakte	Parkklassifikasie	Bellville Munisipaliteit

1.5.2.2 Primêre inligting

Primêre inligting is verkry deur persoonlike waarneming in al die parke in die studiegebied en vanaf vraelyste gesirkuleer aan 'n steekproef van inwoners van die Bellville munisipale gebied. Die kriteria vir die klassifikasieproses is uit bestaande data onttrek en tydens persoonlike waarneming aangevul, soos data-items in Tabel 1.2 aantoon. Die inwoners se behoeftes aangaande en benutting van parke is deur middel van 'n vraelys gemeet.

Tabel 1.2 Primêre databronne gebruik

Data-item	Gebruik vir	Bron
Parkonderhoud	Parkklassifikasie	Persoonlike waarneming
Aanwesigheid van speelstrukture	Parkklassifikasie	Persoonlike waarneming
Aanwesigheid van braaigeriewe	Parkklassifikasie	Persoonlike waarneming
Verbetering van landskap	Parkklassifikasie	Persoonlike waarneming
Tipe omheining	Parkklassifikasie	Persoonlike waarneming
Toestand van omheining	Parkklassifikasie	Persoonlike waarneming
Straatligging	Oriëntasie van ligging	Persoonlike waarneming
Demografiese besonderhede van inwoners	Profiel van parkgebruikers	Vraelys
Hoeveelheid vryetyd	Bepaling van vryetydsbesteding	Vraelys
Tipe ontspanningsaktiwiteite	Behoeftebepaling	Vraelys
Frekwensie van parkbesoek	Parkbenutting	Vraelys
Vervoermiddel na park	Parkbenutting	Vraelys
Bewustheid van parke	Parkbewustheid	Vraelys

Ná die klassifikasie van openbare oopruimtes in Bellville, is verder gefokus op 'n enkele parkklas (wat die mees heterogene park tipe met die hoogste voorkoms in Bellville is). Parke in die gekose parkklas is verder in agt subklasse verdeel. Hierdie onderverdeling verfyn die klassifikasiestelsel en

waarborg homogene parkklasse. Prosedures van gestratifiseerde ewekansige steekproefneming is gevolg om een park uit elk van die agt homogene klasse te selekteer vir gevallestudie. Die beginsels van gestratifiseerde ewekansige steekproefneming is toegepas deur die universum van buurtparke in agt strata te verdeel (deur die verdeling van buurtparke in agt subklasse volgens die klassifikasiesetel) wat homogeen is ten opsigte van die eienskappe onder beskouing. Die navorser benodig slegs een park uit elke stratum as 'n gevallestudie. Dié park word geselekteer deur slegs een steekproefelement uit elke stratum deur middel van die eenvoudige ewekansige steekproefmetode te kies.

Elk van die agt gekose parke is as 'n aparte gevallestudie hanteer. In elke gevallestudie is 'n steekproef gemaak van parkgebruikers van die gekose park. Die universum is gedefinieer as alle huishoudings binne 'n 300m radius (as gerieflike stapafstand gedefinieer) vanaf die parkgrens. Die ontwerp veronderstel dat daar slegs een huishouding per wooneenheid is en die universum word bepaal deur wooneenhede binne dié 300m radius te lys. Die navorser het die eenvoudige ewekansige steekproefmetode gebruik om te verseker dat elke steekproefeenheid (huishouding) of elke moontlike kombinasie van steekproefeenhede 'n gelyke kans gehad het om in die steekproef ingesluit te word. Die ewekansige steekproef is gemaak deur aan elke huishouding op die lys van huishoudings 'n syfer toe te ken en dan syfers ewekansig te selekteer uit kanssyfers. Vervolgens is 160 vraelyste (20 per park) uitgedeel aan die steekproef van huishoudings en 'n responskoers van 75% (120 gevalle, 15 per park) is behaal. Die respons van huishoudings is aangemoedig deur opvolgaksies (in Augustus 1997 en Oktober 2001) wat die uitgee van meer vraelyste en hulp met die invul van vraelyste behels het.

Uit die vraelys (kyk Addendum B) is daar vier stappe inligting verkry. Die eerste twee afdelings fokus op die parkgebruiker, terwyl die laaste twee afdelings op parke self fokus. In Afdeling A is persoonlike inligting van inwoners en hul gesinstruktuur ingesamel ten einde 'n demografiese profiel van moontlike parkgebruikers op te stel. Afdeling B handel oor vryetyd⁴, hoeveel vryetyd moontlike parkgebruikers tot hul beskikking het en hoe daar verkies word om hierdie vryetyd te gebruik.

Inligting aangaande die naburige park in die buurt word in Afdeling C ingewin. Daar is vasgestel of dié parke aan inwoners se behoeftes voldoen en hoe gereeld dié parke benut word. Soortgelyke inligting vir algemene parkgebruik in Bellville is in Afdeling D ingewin.

⁴ Vryetyd verwys na tyd beskikbaar naas werk en slaap en moet nie verwar word met ontspanning nie.

1.5.3 Dataverwerking

Verskeie hulpmiddels is gebruik om die gegewens wat tydens die navorsing ingesamel is te orden en op grond daarvan gevolgtrekkings te maak. Die datastel ontvang vir alle tipes oopruimtes in die Bellville munisipale gebied is uitgedun tot 'n datastel slegs vir parke (as 'n tipe oopruimte) in Bellville. Data oor die oppervlakte en funksie van parke verkry van hierdie datastel, gekombineer met data oor onderhoud van parke verkry van persoonlike waarneming, het gedien as kriteria vir die klassifikasie van parke. Die uitdun- en klassifikasieproses lewer 'n totaal van 168 parke in vier hoofklasse. Na afhandeling van die aanvanklike klassifikasieproses is daar gevind dat die parkklasse te heterogeen is om van nut te wees vir die navorsing. Die klassifikasieproses is verfyn om homogene parkklasse te lewer deur aanwending van addisionele kriteria uit persoonlike waarneming verkry. Hierdie inligting is aangedui op kaarte ten einde die verspreiding van parke in die Bellville munisipale gebied visueel weer te gee.


Die vraelysinligting is ingewin in gesinsverband met die hoof van die huishouding as respondent. Die inligting in gesinsverband word geïnterpreteer op grond van ouderdom en geslag en gemiddeldes word bereken om die veralgemeenbaarheid van die studie te verhoog. Waar data in klasse gegroepeer is, word klasmiddelwaardes gebruik in die berekening. Die data is verder met behulp van statistiese metodes verwerk om akkurate en betroubare interpretasie te waarborg. Beskrywende maatstawwe van lokaliteit is gebruik om die datastel oor parkbenutting te ontleed. In kruistabulasies is die statistiek bereken vir veranderlikes wat slegs op nominale vlak gemeet is. Statistiese beduidenheid en korrelasie tussen veranderlikes is deur kruistabulasies gemeet. Bevindinge uit die vertolking van data is instrumenteel in die verskaffing van beplannings- en bestuursriglyne vir die voorsiening van parke in die Bellville munisipale gebied.

1.5.4 Navorsingsprosedure en verslagstruktuur

Die manier waarop die navorsing gestruktureer en uitgevoer is en die struktuur van die navorsingsverslag word kortliks in dié afdeling weergegee. 'n Literatuurstudie is onderneem om 'n betekenisvolle oorsig van die literatuur oor openbare oopruimtes in stede te kry. Die probleemformulering en doelstellings volg uit kennis opgedoen uit die literatuurstudie. Vervolgens is data-insameling en -verwerking, soos hierbo uiteengesit, gedoen. Uit relevante inligting en datavertolking word interpretasies en gevolgtrekkings gemaak binne die raamwerk van die navorsingsprobleem. Die vernaamste stappe in die navorsingsproses word skematies in Figuur 1.3 voorgestel.

In Hoofstuk 1 is inleidende opmerkings gemaak oor die identifikasie, afbakening en formulering van die probleem. As inleiding is parke binne die geografiese raamwerk geplaas en 'n konseptuele basis vir die studie gelê. Probleemformulering en doelstellings is in dié afdeling uiteengesit.

Afbakening van die studiegebied, data-insameling en data-verwerking is in die hoofstuk verduidelik.



Figuur 1.3 Skematiese voorstelling van die navorsingsprosedure

In die daaropvolgende twee hoofstukke word die studieresultate bespreek. Die metodes en strategieë in die navorsing gebruik en die data waarvan die resultate afgelei is, word breedvoerig in die hoofstukke vervat. Hoofstuk 2 fokus op die identifisering, verbreiding en funksionaliteit van parke in Bellville. Die proses en metode van klassifikasie en kenmerke van die verskillende tipes parke word bespreek. Hoofstuk 3 beskryf die inwoners se persepsies en behoeftes aangaande

parke in Bellville. Die vryetydsbesteding van inwoners en hul bewustheid en benutting van parke word bespreek.

In Hoofstuk 4 is 'n samevatting van die studieresultate. Uit die behoeftes van parkgebruikers word riglyne verskaf vir die beplanning en bestuur van parke om optimale benutting te verseker. Die waarde van die navorsing word beoordeel en voorstelle vir verdere navorsing word gegee.

HOOFSTUK 2: VERBREIDING EN STRUKTUUR VAN PARKE IN BELLVILLE

Ongeag die hoeveelheid grond wat in Suid-Afrika aan openbare oopruimtes en ontspanningsfasiliteite toegewys word, is dit volgens Beukes (1991) duidelik dat die vraag na oopruimtes in die stedelike gebiede aan die toeneem is. Bellville is 'n snelgroeïende stad waar residensiële gebiede letterlik daagliks uitbrei en ontwikkelaars en bewaarders in 'n voortdurende stryd is oor die ontwikkeling van openbare oopruimtes (Burger, 1997 Pers. Med.). Die wyse waarop openbare oopruimtes ontwikkel word en die aard van die ontwikkeling berus by die plaaslike owerheid. Dit is nodig vir die plaaslike owerheid om die omvang van oopruimtes te bepaal ten einde die ontwikkeling van oopruimtes te monitor.

2.1 OMVANG EN VERBREIDING VAN PARKE

Die openbare oopruimtes⁵ in Bellville beslaan tans 840ha, of 15,3% van die totale oppervlakte⁶ van die Bellville munisipale gebied. Die oopruimtes is onder die beskerming van die munisipaliteit se Departement van Omgewingsake. Die munisipaliteit verdeel die oopruimtes in klasse volgens hulle funksionaliteit in ontwikkelde oopruimte, nie-ontwikkelde oopruimte, park, reservaat, padreserwe, arboretum en fyntuin (kyk Addendum A). In Tabel 2.1 volg 'n uiteensetting van die verskillende openbare oopruimtes en die oppervlakte wat dit beslaan.

Tabel 2.1 Oppervlakte van alle oopruimtes in die Bellville munisipale gebied

Tipe openbare oopruimte	Oppervlakte beslaan
Ontwikkelde oopruimte	186,60ha
Nie-ontwikkelde oopruimte	60,00ha
Reservaat	125,93ha
Arboretum	2,33ha
Padreserwes	218,40ha
Park	246,54ha
Fyntuin	0,15ha
TOTAAL	839,95ha

Bron: Opgestel uit inligting ontvang van Burger (1997 Pers. Med.)

Die inligting in Tabel 2.1 is gebaseer op 'n datastel ontvang vir alle oopruimtes in die Bellville munisipale gebied. In die studie word slegs die 168 oopruimtes wat as park geklassifiseer word, en 247ha beslaan, ondersoek. Die ontleding van die ruimtelike verbreiding van parke in Tabel 2.2 is

⁵ Daar is 'n totaal van 407 openbare oopruimtes in die Bellville munisipale gebied (Burger, 1997 Pers. Med.).

⁶ Die totale oppervlakte van die Bellville munisipale gebied is 5 491,99ha (Botma, 1996).

belangrik om te bepaal of daar voldoende parkvoorsiening in die onderskeie gebiede van Bellville is.

Tabel 2.2 Park- en woonbuurtinligting volgens gebiede in Bellville, 1998


Park- en buurtinligting	Gebied		
	Oos	Suid	Wes
Totale oppervlakte (ha)	1355,73	2479,63	1656,63
Getal parke	63	62	43
Totale parkoppervlakte (ha)	109,88	60,81	75,85
*Oppervlakte-ratio (%)	8,10	2,45	4,57
Parke verlore sedert 1996 (ha)	1,75	1,23	6,19
Getal parke verlore sedert 1996	4	3	6
Maksimum parkoppervlakte (ha)	18,88	5,39	17,32
Minimum parkoppervlakte (ha)	0,07	0,03	0,11
Gemiddelde parkoppervlakte (ha)	1,74	0,98	1,76
Getal woonbuurte	36	44	20
Oudste residensiële ontwikkeling (in jaar)	37	54	58
Jongste residensiële ontwikkeling (in jaar)	10	15	6

Bron: Opgestel uit inligting verkry van Burger (1997 Pers. Med.); Myburgh (1998)

*Nota: Oppervlakte-ratio is die totale parkoppervlakte van die gebied gedeel deur die totale oppervlakte van die gebied uitgedruk as persentasie.

Die verskil in oppervlakte-ratio tussen die drie gebiede is bewys vir die oneweredige verspreiding van parke in Bellville. Die oostelike gebied, wat ongeveer 20jaar ná die ontstaan van die suidelike en westelike gebiede ontwikkel is, het nie slegs die grootste totale parkoppervlakte (109,88ha) nie, maar ook die hoogste parkoppervlakte-ratio (8,10%). Die getal parke in die westelike gebied is kleiner as in die suidelike gebied, hoewel die totale parkoppervlakte groter is. Die suide het ook verreweg die kleinste parke ($x < 1\text{ha}$). Hieruit word afgelei dat parke in die westelike gebied gemiddeld groter is as in die suidelike gebied, soos bevestig deur die minimum, maksimum en gemiddelde parkoppervlakte per gebied.

Die lae oppervlakte-ratio in die suidelike gebied impliseer dat daar 'n ondervoorsiening van parke in dié gebied is, relatief tot die ander. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die suidelike gebied die industriële kern van Bellville vorm en nie oorwegend uit residensiële gebiede bestaan soos die oostelike en westelike gebiede nie. Parkvoorsiening in die suidelike gebied verskil gevolglik van parkvoorsiening in die ander gebiede. Die mees onlangse ontwikkelings het in die westelike gebied plaasgevind, wat ook die grootste verlies aan parkoppervlakte sedert 1996 toon. Die ongelyke verspreiding van parke soos dit uit Tabel 2.2 blyk, word visueel bevestig deur die oneweredige verbreiding van parke in Figuur 2.1.



Bron: Aangepas van Botma (1996)

Figuur 2.1 Verbreiding van openbare oopruimtes in gebiede van Bellville

Die geleidelike uitbreiding van die stad Bellville oor 'n tydperk van ongeveer 45jaar (waar verskillende beplanningstrategieë vir ontwikkeling gevolg is) is waarskynlik die grootste oorsaak vir die oneweredige verspreiding van parke. Parke wat deur deeglike sistematiese beplanning ontwikkel word, kan meer eweredig toegedeel word. Ten einde die ontwikkeling van en beplanning rondom parke te sistematiseer is dit noodsaaklik om 'n funksionele struktuur te ontwikkel waarvolgens die verskeidenheid parke in homogene klasse verdeel kan word.

2.2 KLASSIFIKASIESKEMAS VIR PARKE

Parktipes en klassifikasieskemas in die literatuur is ontleed en generiese faktore vir die klassifikasie van parke is geïdentifiseer. Uit die generiese faktore is kriteria spesifiek vir parke in Bellville ontwikkel. Tydens die ontleding is 'n parktipe, naamlik buurtparke, geïdentifiseer wat spesifiek van nut is vir die bepaling van parkgebruikers se behoeftes. Kenmerke van dié parktipe word in die algemeen en spesifiek vir Bellville bespreek.

2.2.1 Skemas uit die literatuur

In die bestudering van die literatuur oor parktipes in stede word 'n hiërargie van parke veronderstel wat gebaseer is op die omvang van die bedieningsgebied. Die park wat 'n groot gebied bedien is op 'n hoër vlak in die hiërargie as 'n park met 'n klein bedieningsgebied. Parke in stedelike gebiede is onder die beskerming van 'n beheerliggaam. In Suid-Afrikaanse stede word dié beheerliggaam van parke bepaal deur die omvang van die park se bedieningsgebied. 'n Park wat 'n groot gebied bedien sal dus deur 'n provinsiale beheerliggaam beskerm word terwyl 'n park met 'n kleiner en meer lokale bedieningsgebied onder die beskerming van die plaaslike munisipaliteit is. Naas die bedieningsgebied en beheerliggaam is die funksionele rol wat 'n park in die gemeenskap vervul, 'n bykomende faktor in die klassifikasie van parke. In Tabel 2.3 word die parktipes aan die hand van bogenoemde faktore getipeer.

Tabel 2.3 Kriteria uit die literatuur vir die klassifikasie van parke

Kriterium		Parktipe			
		Streek	Plaaslik	Voorstedelik	Buurt
Beheer	Provinsie	•			
	Munisipaliteit		•	•	•
Funksie	Rekreasie	•	•	•	•
	Sport	•	•		
	Bewaring	•	•	•	•
Bediening	Streek	•			
	Dorp/Stad		•	•	
	Buurt				•

Die **streeks- en plaaslike park** is beide multi-funksionele parke wat 'n soortgelyke funksionele rol binne die stad vervul. Die streekpark, onder die beskerming van die provinsiale owerheid,

bedien die hele streek met geriewe vir aktiewe⁷ en georganiseerde⁸ rekreasie (Botha, 1974). Die plaaslike park voorsien in soortgelyke geriewe, maar bedien slegs die dorp of stad waarbinne dit geleë is en word deur die munisipaliteit bestuur (Bayat, 1992). Beide parktipes vervul 'n ekologiese rol waar die parkgebiede in hul natuurlike toestand bewaar word. Parkgebruikers lê gemiddeld groter afstande af vir die benutting van die streekpark as vir die plaaslike park (MOD, 1987b).

Die primêre funksie van die **voorstedelike en buurtpark** is om in die rekreasiebehoefte van die inwoners van die stad te voorsien. Die munisipaliteit beheer beide die parktipes wat oor 'n verskeidenheid ontspanningsfasiliteite, wat maklik toeganklik is, beskik (Bayat, 1992). Die kenmerkende verskil tussen dié parktipes is hul bedieningsgebiede. Die voorstedelike park bedien die hele dorp of stad, terwyl die buurtpark slegs inwoners van naasliggende wonings in die woonbuurt bedien (Botha, 1974). In hierdie studie word daar op die buurtpark alleen gefokus omdat:

- dit die mees algemene park tipe in residensiële gebiede in Suid-Afrika is; en
- die bedieningsgebied isoleerbare naasliggende wonings is.

Dié keuse word uitgeoefen om toepaslikheid te verhoog en uitvoerbaarheid te vergemaklik. Deur te fokus op die mees algemene park tipe, kan die afgeleide klassifikasieskema ook toegepas word op parke buite die studiegebied. In die studie word behoeftes van parkgebruikers en die benutting van parke ondersoek. Die bedieningsgebied van 'n buurtpark word duidelik gespesifiseer as naasliggende wonings in 'n woonbuurt. Deur die bedieningsgebied van 'n buurtpark af te baken is dit moontlik om die gebruikers van dié park te identifiseer.

2.2.2 Buurtparke as fokuspunt

Buurtparke is in residensiële gebiede van stede geleë om in die ontspanningsbehoefte van inwoners te voorsien. Die identiteit van 'n woonbuurt word in die buurtpark gevorm deur die unieke waardes en kultuur van die inwoners (Woolley, 2003). Hiervan word afgelei dat die buurtpark nie 'n homogene park tipe is nie en in subtipes verdeel kan word. Die kenmerke van dié subtipes word in Tabel 2.4 aangedui.

Die bepalende kenmerk vir die onderskeiding tussen die parksubtipes is hul voorkoms en die aan- of afwesigheid van speelstrukture. **Speelparke en avontuurparke** is soortgelyk met enkele onderskeidende kenmerke. Speelstrukture is opgerig en beide parktipes is in openbare besit en onder die beskerming van die munisipaliteit. Kenmerkend van dié twee subtipes is die aanplanting

⁷ Aktiewe rekreasie is die ontspanningsaktiwiteit waar mense aktief deelneem en as deelnemers beskou word. Bv. kinders wat speel en mense wat draf (Woolley, 2003).

⁸ Georganiseerde rekreasie verwys na die beoefening van sport op 'n kompeterende grondslag en programme word gereël vir deelname. Bv. sokker en krieket wedstryde.

van bome en/of struik in die park en die voorsiening van fasiliteite vir aktiewe rekreasie. Die verskil tussen dié parktipes is in die voorkoms van die oprigting van die speelstrukture en die aanplanting van bome en/of struik. Die uitleg van die speelpark is deeglik beplan en gestruktureer, terwyl die avontuurpark meer informeel en ongestruktureerd voorkom (Grandjean & Gilgen, 1976).

Tabel 2.4 Kenmerke van tipes buurtparke

Kenmerk		Tipe buurtpark			
		Oop erf	Speelpark	Avontuurpark	Gemeenskaplike oopruimte
Ligging	Woonbuurt	•	•	•	•
	Woonkompleks (groepbehuising)	•			•
Besitreg	Openbaar	•	•	•	•
	Privaat	•			•
Beheer	Munisipaliteit	•	•	•	•
	Huiseienaarsvereniging	•			•
Funksie	Aktiewe rekreasie		•	•	
	Passiewe rekreasie	•			•
Speelstrukture	Aanwesig		•	•	
	Afwesig	•			•
Grondbedekking	Bome en/of struik		•	•	
	Gras	•	•	•	•
Voorkoms	Gestruktureerd / Formeel		•		•
	Ongestruktureerd / Informeel	•		•	

Bron: Opgestel uit inligting verkry uit Bayat (1992) en Grandjean & Gilgen (1976)

Geen speelstrukture is opgerig op die **oop erfparke** tipe en **gesamentlike oopruimte** parktipes nie. Die enigste onderskeidende kenmerk tussen dié twee parksubtipes is voorkoms. Die

gesamentlike oopruimte is 'n beplande, gestruktureerde park wat die passiewe⁹ rekreasiebehoeftes van die inwoners vervul. Die oop erf kom meer informeel voor en kan enige onbeboude terrein binne 'n woonbuurt wees wat vir rekreasiedoeleindes gebruik word (Bayat, 1992). Beide parktipes is geskep vir openbare gebruik, maar is nie noodwendig openbare besit nie. Indien 'n oop erf of 'n gemeenskaplike oopruimte binne 'n groepbehuisingskompleks lê, kan dit in privaat besit wees en deur die huiseienaarsvereniging bestuur word. Hierdie klassifikasieskemas uit die literatuur is ontoereikend vir die studie en 'n nuwe, unieke stelsel is doelgerig ontwerp en toegepas.

2.2.3 'n Eie skema vir Bellville

Die klassifikasiesstelsel vir parke in Bellville is ontwerp deur basiskriteria uit die literatuur aan te pas om alle aspekte van parke in Bellville in ag te neem. 'n Algemene klassifikasiesstelsel is ontwerp en toegepas op alle parke in Bellville.

2.2.3.1 Algemene klassifikasieskema

Visuele voorkoms en funksie is die aanvanklike kriteria in die klassifikasieskema vir parke in Bellville. Ná die eerste klassifikasie van parke word parkgrootte as 'n faktor in die klassifikasieskema ingesluit om subtipes te identifiseer. Inligting aangaande die oppervlakte, funksie, beskrywing en geriewe in parke is ingesamel deur persoonlike waarneming in alle parke in Bellville. Bykomende inligting aangaande die aard van die omringende eiendom, paaie, omheining en addisionele attraksies is ingesamel om die klassifikasieskema te verfyn. In Tabel 2.5 word die parkfunksie en klassifikasiekriteria gegee.

Die klassifikasieskema lewer vier hoof parktipes, naamlik rekreasie-, estetika-, ekologie- en buurtparke. Die onderskeidende kenmerk tussen die parktipes is die funksionele rol wat die park in die gemeenskap vervul. Die **rekreasiepark** is die mees formele park tipe en word gekenmerk deur die aanwesigheid van 'n verskeidenheid fasiliteite vir rekreasie, naamlik braai-, speel- en toiletgeriewe. Kenmerkend van rekreasieparke is die goedversorgde gronde, omheining en toegangsfooie wat gehê word. In Figuur 2.2 word die formele karakter en deeglike omheining van rekreasieparke geïllustreer. Rekreasieparke wat die stad bedien, is gewoonlik aangrensend tot 'n hoofroete geleë vir beter toeganklikheid.

⁹ Passiewe rekreasie verwys na ontspanning waar minimale aktiwiteite uitgevoer word en mense oorwegend waarneem en besigtig, Bv. die besigtiging van dierelêwe (Woolley, 2003).

Tabel 2.5 Kriteria vir die klassifikasie van parke

Maatstawwe		Parkfunksie en –tipe			
		Buurt	Estetika	Georganiseerde rekreasie	Ekologiese behoud
Bediening	Buurt	•			
	Stad		•	•	•
Voorkoms	Verwaarloos	•			
	Versorg	•	•	•	
	Natuurlik bewaar		•		•
	Kunsmatige strukture	•	•	•	
	Landskapsverbetering		•		
Geriewe	Waterbronne			•	
	Toiletgeriewe			•	
	Braaigeriewe			•	
	Speelstrukture	•		•	
	Sitbanke	•	•	•	
	Vullisdromme	•	•	•	
Omheining	Geen	•	•		•
	Soliede mure			•	
	Deursigtig(draad/pale)			•	
Roete Begrensing	Snelweg				•
	Hoofweg		•	•	•
	Buurtstraat	•			
Aanliggende Eiendomsbesit	Privaat	•	•	•	•
	Openbaar		•	•	
Addisionele Lokmiddels	Aanwesig		•	•	•
	Afwesig	•			



Figuur 2.2 Rekreasiepark met omheining

Die **estetikapark** is nie soseer vir aktiewe benutting bedoel nie, maar word gekenmerk deur die versorgde voorkoms van die park. Dikwels is die enigste funksie van dié parktype dat die aantreklike visuele voorkoms gesien word wanneer 'n gebruiker daar verbybeweeg. Die estetikapark word onderverdeel in twee subtypes, naamlik parke waar landskapsverbetering aangebring is en parke waar die ekologie gedeeltelik behoue bly. Figuur 2.3 wys hoe landskapsverbetering in 'n estetikapark aangebring is.



Figuur 2.3 Estetikapark met fyntuin aangeplant

Die aanlê van kunsmatige strukture en fyntuin is kenmerkend van die **landskapsverbeterde estetikapark**. Geen vorm van omheining word by so 'n park gevind nie en die eiendom aangrensend is oorwegend vir private gebruik.

Die **ekologie-estetikapark** vervul 'n multi-funksionele rol in die stad. Bykomend tot die primêre rol (soortgelyk aan die landskapsverbeterde estetikapark) as aantrekklike visuele park in die stad, vind bewaring ook plaas in ekologie-estetikaparke deur die natuur in 'n mate ongerep te laat. Ekologiese behoud is egter net gedeeltelik, weens inmenging deur die mens met die oprigting van kunsmatige strukture, soos in Figuur 2.4 vertoon.



Figuur 2.4 Kunsmatige strukture aangebring vir stroomkanalisering in 'n ekologie-estetikapark

Die **ekologiepark** vervul primêr 'n bewaringsrol in die stad en die invloed van die mens is minimaal in die ontwikkeling daarvan. In dié parktipe word die natuur so ongerep moontlik gelaat om biologiese diversiteit te bevorder.

In stede is ekologieparke dikwels langs damme of riviere (kyk Figuur 2.5) geleë en natuurlike plantegroei word aangetref. Die beplanning van stedelike ontwikkeling rondom ekologieparke is van so 'n aard dat aangrensende eiendomme oorwegend in private besit is en aanliggende roetes nie baie verkeer dra nie.



Figuur 2.5 Ekologiepark langs 'n dam geleë

Die **buurtpark** is in 'n woonbuurt geleë en voldoen aan die rekreasiebehoeftes van die inwoners van naasliggende wonings. Buurtparke is nie omhein nie en speelstrukture, soos in Figuur 2.6 gesien, word opgerig vir aktiewe rekreasie.



Figuur 2.6 Buurtpark met speelstrukture

Speelstrukture is kenmerkend van die meeste buurtparke, maar hoef nie teenwoordig te wees vir parke om as buurtpark geklassifiseer te word nie. Die buurtpark is die mees heterogene park tipe in voorkoms, maar homogeen in funksie.

2.2.3.2 Buurtparke as spesiale parktipe

Die buurtparke kan weens voorkomsverskille in subtypes onderverdeel word. Die twee oorhoofse tipes, naamlik dié met speelstrukture en dié daarsonder, word verder onderverdeel in agt homogene buurtparksubtypes. Die kenmerke van dié subtypes word in Tabel 2.6 onderskei.

Tabel 2.6 Klassifikasieskema vir buurtparke in Bellville

Kenmerke		Tipe buurtpark volgens versorging							
		Met speelstrukture				Sonder speelstrukture			
		Groot/ Versorg	Groot/ Onversorg	Klein/ Versorg	Klein/ Onversorg	Groot/ Versorg	Groot/ Onversorg	Klein/ Versorg	Klein/ Onversorg
Funksie	Aktiewe rekreasie	•	•	•	•				
	Passiewe rekreasie					•	•	•	•
Speelstrukture	Aanwesig	•	•	•	•				
	Afwesig					•	•	•	•
Voorkoms	Versorg	•		•		•		•	
	Verwaarloos		•		•		•		•
Grootte	< 0,75ha	•	•			•	•		
	≥ 0,75ha			•	•			•	•

Die vorm van rekreasie in die buurtparksubtypes is gekoppel aan die aan- of afwesigheid van speelstrukture, maar dit is nie onderling uitsluitend nie. Buurtparke met speelstrukture is toegerus met speelstrukture en word hoofsaaklik vir aktiewe rekreasie benut. Buurtparke sonder speelstrukture vervul, soos oop erfbuurtparke, die passiewe rekreasie behoeftes van naasliggende inwoners.

Die kriteria vir die verdere onderverdeling van die twee subtypes is grootte en visuele voorkoms. Die oppervlakte van buurtparke wissel en 'n absolute klassifikasienorm word gebruik om op grond van oppervlakte in hektaar 'n onderskeid tussen parke te maak. Buurtparke met 'n oppervlakte kleiner as 0,75ha (dit impliseer afmetings van ± 86m vierkant) word as 'klein' geklassifiseer en 'groot' buurtparke het 'n oppervlakte groter of gelyk aan 0,75ha. Figuur 2.7 lig die voorkomsverskille tussen agt buurtparktipes visueel toe.



Groot, versorg, met speelstrukture



Groot, verwaarloos, met speelstrukture



Klein, versorg, met speelstrukture



Klein, verwaarloos, met speelstrukture



Groot, versorg, sonder speelstrukture



Groot, verwaarloos, sonder speelstrukture



Klein, versorg, sonder speelstrukture



Klein, verwaarloos, sonder speelstrukture

Figuur 2.7 Voorkomsverskille tussen buurtparksubtipes in Bellville, 2001

Die graad van instandhouding is bloot deur waarneming geëvalueer. Parke wat onversorg voorkom, met lang gras of groot dele wat weens oorbenutting kaalgetrap is, word as 'verwaarloos' geklassifiseer. Gereeld instandgehoue buurtparke, waar gras gereeld gesny en besproei word, is as 'versorg' geklassifiseer. Die klassifikasieskema vir buurtparke is só ontwerp dat die resultaat van die klassifikasieproses parktipes lewer wat homogeen in funksie en voorkoms is. Vervolgens word die empiriese toepassing van die klassifikasieskema vir parke in Bellville beskryf.

2.3 EMPIRIESE KLASSIFIKASIE VAN BELVILLE SE PARKE

Die algemene klassifikasieskema is toegepas deur elke park in Bellville aan die klassifikasiekriteria te meet en as een van die vier hoof parktipes te klassifiseer. Ná die algemene klassifikasieproses word die buurtparke as spesiale fokus aan verdere klassifikasiekriteria onderwerp om in agt subtipes verdeel te word.

2.3.1 Algemene klassifikasie

Die klassifikasieskema is sonder uitsondering op al 168 geïdentifiseerde parke in Bellville toegepas. Die omvang van die parktipes varieer grootliks, met buurtparke wat die grootste totale oppervlakte beslaan (vgl. Tabel 2.7).


Tabel 2.7 Omvang van tipes parke in Bellville, 1997

Omvang	Parktipe				
	Buurt	Ekologie	Estetika	Rekreasie	Alle tipes
Getal parke	142	8	16	2	168
Persentasie van totaal (%)	84,5	4,8	9,5	1,2	100
Totale oppervlakte (ha)	162,86	56,11	23,71	3,87	246,55
*Oppervlakte-ratio (%)	66,1	22,8	9,5	1,6	100
Gemiddelde parkoppervlakte (ha)	1,15	7,01	1,48	1,94	1,47

Bron: Opgestel uit inligting verkry van Burger (1997 Pers. Med.)

*Nota: Oppervlakte-ratio is die totale oppervlakte van 'n parktipe gedeel deur die totale oppervlakte van alle parktipes uitgedruk as persentasie.

In die Bellville munisipale gebied is daar net twee rekreasieparke (kyk Figuur 2.8), wat minder as twee persent van die totale parkoppervlakte beslaan. Beide rekreasieparke het braaigeriewe en is in die ouer residensiële areas suid van die nasionale pad geleë. Die braaiarea in Bellville-Suid beslaan 1,8ha en is in die tradisionele bruinwoongebied geleë. Die Danie Uyspark is in die westelike gebied van Bellville geleë en beslaan 'n oppervlakte van 2,07ha.



Bron: Aangepas van Botma (1996)

Figuur 2.8 Verbreiding van parke volgens klassifikasie-groepe in Bellville, 1997

Daar is 16 estetikaparke in Bellville wat 'n oppervlakte van 23,71ha, of omtrent een tiende van die totale parkoppervlakte beslaan. Oppervlakttes van dié parke wissel van die kleinste park met 'n

oppervlakte van 0,14ha tot die grootste van 4,31ha. Die estetikaparke in Bellville waar landskapsverbetering aangebring is, is hoofsaaklik naasliggend tot munisipale of kantoorgeboue. Die ekologie-estetikapark is gemiddeld groter as die landskapsverbeterde estetikapark. Die ekologieparke, soos in Figuur 2.8 gesien, is geleë langs die Elsieskraalrivier en Door de Kraaldam in die westelike gebied en die Kuilsrivier in die oostelike gebied.

Die ekologieparke, wat minder as vyf persent van die totale getal parke verteenwoordig, beslaan egter amper 'n kwart van die totale parkoppervlakte. Indien die gemiddelde oppervlakte van die onderskeie parktipes vergelyk word, is dit duidelik dat die ekologiepark met 'n gemiddelde oppervlakte van 6,07ha die grootste park tipe is. In teenstelling met die ekologiepark is die buurtpark die kleinste park tipe met 'n gemiddelde parkoppervlakte van 1,15ha. Die 142 buurtparke (vier uit elke vyf parke), is die mees algemene park tipe in Bellville en word vervolgens in verdere subtypes onderverdeel.

2.3.2 Buurtparke as spesiale fokus in Bellville

Die ongelyke verbreiding van buurtparke in die woongebiede toon ooreenkomste met die verbreiding van parke in die algemeen in Bellville. Die verbreiding van buurtparke verskil wel van die verbreiding van parke deur ondervoorsiening van buurtparke in die westelike deel eerder as in die suide. Buurtparke met speelstrukture is die mees algemene park tipe en ongeveer 60% van die 142 buurtparke in Bellville is toegerus met speelstrukture. Kyk Tabel 2.8 vir vergelykende syfers van die buurtparktypes.

Tabel 2.8 Omvang van buurtparke in Bellville

Omvang	Tipe buurtpark										Totaal
	Met speelstrukture					Sonder speelstrukture					
	Versorg		Verwaarloos		Totaal	Versorg		Verwaarloos		Totaal	
	Groot	Klein	Groot	Klein		Groot	Klein	Groot	Klein		
Getal parke	35	41	4	4	84	14	20	8	16	58	142
Persentasie van totaal (%)	24,6	28,9	2,8	2,8	59,1	9,9	14,1	5,6	11,3	40,9	100
Totale oppervlakte (ha)	69,57	16,35	4,21	1,47	91,6	40,73	6,41	18,53	5,58	71,25	162,86
*Oppervlakte-ratio (%)	42,7	10,1	2,6	0,9	56,3	25,0	3,9	11,4	3,4	43,7	100
Gemiddelde parkoppervlakte (ha)	1,99	0,40	1,05	0,37	1,09	2,91	0,32	2,32	0,35	1,23	1,15

Bron: Opgestel uit inligting verkry van Burger (1997 Pers. Med.)

*Nota: Oppervlakte-ratio is die totale oppervlakte van 'n buurtparksubtipe gedeel deur die totale oppervlakte van alle buurtparktypes uitgedruk as persentasie

Klein, versorgde buurtparke met speelstrukture kom die meeste voor. Hoewel dit net tien persent van die totale parkoppervlakte beslaan maak dit amper 30% van die totale getal parke uit. Groot,

versorgde buurtparke met speelstrukture vorm 'n kwart van die totale parkgetal en beslaan meer as 40% van die totale parkoppervlakte. Die twee parktipes wat dus beduidend meer voorkom as die ander parktipes, is parke met speelstrukture en 'n versorgde voorkoms. Dit is verblydend dat drie uit elke vier parke in Bellville gereeld in stand gehou word en as versorg geklassifiseer is. Instandhouding vind meer gereeld plaas in parke met speelstrukture waar slegs 9,5% van parke verwaarloos is teenoor die 41,4% verwaarloosde buurtparke sonder speelstrukture.

Gemiddelde parkoppervlakte van buurtparke sonder speelstrukture wissel van een derde tot drie hektaar en dié van buurtparke met speelstrukture tussen 0,4 tot twee hektaar. Buurtparke met speelstrukture is dus gemiddeld kleiner. Die kleinste buurtpark in Bellville is in die suidelike gebied geleë en beslaan 'n oppervlakte van 0,03ha. Dié buurtpark het geen speelstrukture nie en word nie gereeld in stand gehou nie. Die grootste buurtpark in Bellville het ook geen speelstrukture nie, maar word gereeld in stand gehou. Dié park beslaan 'n oppervlakte van 8,78ha en is in die oostelike gebied geleë.

Die gemeenskaplike oopruimte in die Groenvallei-kompleks in Bellville word kortliks bespreek as 'n uitsonderlike geval wat nie binne die klassifikasieskema vir buurtparke pas nie. Die Groenvallei-kompleks is 'n groepbehuisingkema in die suidelike gebied van Bellville en bestaan uit skakelhuise met parke tussenin. Hierdie kompleks verskil van ander behuisingkemas in Bellville want dit word gereserveer as lae-koste behuising, maar die parke tussen die wonings is nie deel van die behuisingkema (en dus in privaat besit) nie, maar behoort aan die munisipaliteit. Die verskeidenheid parke wat binne die kompleks gevind word, waarvan sommige speelstrukture het, word deur groengange verbind om 'n aaneengeskakelde strook te vorm. Die parke tussen die wonings word dus vir instandhoudingsdoeleindes as een park beskou, nie 'n aantal kleiner parke nie.

2.4 SAMEVATTING

Die werêldwye stryd om die behoud van openbare oopruimtes word ook in die Bellville munisipale gebied gevoer. Oopruimtes in Bellville beslaan minder as een sesde van die totale munisipale oppervlakte en sedert 1996 is 9,17ha van die totale 840ha oopruimtes in Bellville aan ontwikkeling afgestaan. Die oostelike gebied het die grootste parkoppervlakte-ratio en die suidelike gebied, wat die industriële kern van die stad huisves, die kleinste ratio.

Volgens die literatuur is gevind dat klassifikasieskemas vir parke hoofsaaklik op die beheer en bedieningsgebied van parke berus. Hierdie kriteria is onvoldoende vir die klassifikasie van parke in Bellville. 'n Klassifikasieskema wat gebaseer is op parkvoorkoms en die funksionele rol wat die park in die gemeenskap vervul, is ontwerp vir parke in Bellville. Vier hoof parktipes is met die klassifikasieproses geïdentifiseer. Die buurtpark word uitgesonder as spesiale fokus weens die

heterogene voorkoms van dié parktipe en die groter omvang daarvan in Bellville. Die kriteria vir die klassifikasieskema vir buurtparke in Bellville toon ooreenkomste met die literatuur. Speelstrukture (aanwesig of afwesig) vorm die basis vir die klassifikasieskema. Verdere onderverdeling vind op grond van die voorkoms (mate van instandhouding) en grootte van parke plaas. Die doel van die klassifikasieproses is om parke in homogene tipes te verdeel om die ontleding van parke te vergemaklik en beplanning rondom parke te sistematiseer.

'n Deeglike kennis van parkgebruikers, bykomend tot 'n omvattende kennis van die parke self, is nodig vir die beplanning en voorsiening van parke. Inwoners se persepsies van en behoeftes vir parke en parkbenutting word in die volgende hoofstuk ondersoek deur 'n gevallestudie te doen vir elk van die agt buurtparktipes.

HOOFSTUK 3: INWONERPERSEPSIES, -BEHOEFTE EN BENUTTING VAN PARKE IN BELLVILLE

Public spaces reflect ourselves, our large culture, our private beliefs, and public values.

(Berman, 1986: 149)

Die karakter van parke word bepaal deur die mense wat dit besoek. Die Departement van Omgewing van die Bellville Munisipaliteit streef daarna om bestaande parke te reserveer vir die bewaring van natuurlike plant- en dierspesies en vir ontspanning van die mens. Daar word ook gepoog om 'n diens aan die belastingbetaler, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir befondsing van parke, te lewer. Om suksesvolle dienslewering te verseker moet parke maklik toeganklik wees en aan die behoeftes van die belastingbetaler voldoen. Dit is dus nodig om te bepaal wat die inwoners se behoeftes is, want sodoende kan parke vir die publiek geskep en optimale benutting deur toepaslike bestuur verseker word.

'n Bespreking van die Suid-Afrikaanse patrone in parkbenutting volg om kortliks die verskille in die benutting van parke uit te wys. Die vryetydsbesteding van inwoners in Bellville is ondersoek om die kapasiteit vir benutting van parke in Bellville te bepaal. Naas die vryetydsbesteding word die behoeftes van inwoners in Bellville aangaande parke in die algemeen, en dan buurtparke as spesifieke fokus, bespreek.

3.1 PARKGEBRUIK: DIE SUID-AFRIKAANSE ERVARING

Die verskil in die lewensiklus van inwoners eerder as sosio-ekonomiese verskille beïnvloed parkbenutting. Die patrone van parkbenutting word gekoppel aan verskeie faktore van die lewensiklus soos ouderdom, huwelik- en familiestatus. Rekreasie-aktiwiteite in parke wissel na gelang van fases in die lewensiklus van die gebruiker. Kinders benut parkfasiliteite deur aktiewe rekreasie terwyl pensioenarisse deur passiewe rekreasie van fasiliteite gebruik maak (Woolley, 2003). Ouers besoek meestal parke deur hulle kinders te vergesel (Sillitoe, 1969).

Veranderinge wat in familiepatrone en die bevolkingsamestelling in spesifieke buurte ingetree het, het 'n invloed op die gebruik van parke (Berman, 1986; Ebert, 1995). Kinders is die grootste parkgebruikers in gesinne en die getal kinders per gesin bepaal dikwels die frekwensie van parkbesoeke. Die gemiddelde grootte van 'n gesin in Suid-Afrika word beraam as 4,3 met wisselende gesinsgroottes vir die verskillende bevolkingsgroepe as volg: Swart 4,7; Bruin 4,6; Asiër 4,2; Wit 2,9 (Statistiek Suid-Afrika, 2001). Toegang tot privaatvervoer beïnvloed inwoners se benutting van parke. Daar is gevind dat inwoners wat 'n motor besit meer bereid is om groot afstande na parke af te lê (Sillitoe, 1969). In die geval van buurtparke, wat binne die bereik van

inwoners van naasliggende wonings is, verkies inwoners om parke te voet te besoek (Sillitoe, 1969). Voorgenoemde skets ook die nasionale tendense in die benutting van parke, waarvan Bellville na verwagting nie veel sal afwyk nie.

3.2 KAPASITEIT VIR PARKGEBRUIK: VRYETYDSBESTEDING IN BELLVILLE

Met die hedendaagse gejaagde lewenswyse word daar verwag dat mense nie veel vryetyd op hande het nie. Die beskikbaarheid van vryetyd vir gesinslede word deur 'n verskeidenheid van faktore beïnvloed. Die voortdurende toename in lewenskostes veroorsaak dat meer vroue die arbeidsmark betree om gesinne ekonomies lewensvatbaar te maak en gevolglik het moeders minder vryetyd beskikbaar. Vryetyd van kinders word opgeneem deur toenemende buitemuurse aktiwiteite. Die arbeidsure in die dienssektor om aan die publiek verlengde diensure te verskaf, het 'n beduidende invloed op die vryetyd van arbeiders. Daar is egter gevind dat mense hulle tyd doeltreffend organiseer en ten spyte van druk skedules steeds vryetyd beskikbaar het. Die gemiddelde hoeveelheid vryetyd van die respondentgesinne in Bellville, word in Tabel 3.1 vertoon.

Tabel 3.1 Hoeveelheid vryetyd tot gesinslede se beskikking, Bellville 1997

Ouderdomsgroep (jaar)	Gemiddelde vryetyd (ure)					
	Mans			Vroue		
	Weeksdae*	Naweek**	n	Weeksdae*	Naweek**	n
≤19 (Kinders)	2,4	6,9	52	2,6	6,8	65
20–39 (Jong volwassenes)	2,1	6,7	46	2,4	6,7	55
40–59 (Volwassenes)	2,0	6,4	48	2,4	6,4	57
60+ (Pensioenarisse)	2,7	6,8	35	2,8	7,0	40

Bron: Vraelysopname 1997

*Gemiddeld per weekdag **Gemiddeld per naweekdag (Sa en So)

Die beskikbaarheid van vryetyd verskil nie beduidend tussen mans en vroue van verskillende ouderdomsgroepe nie. Die gesinslede het, soos verwag, meer vryetyd tot hul beskikking gedurende die naweek. Gesinslede in die ouderdomsgroepe 20–39jaar (genoem jong volwassenes) en 40–59jaar (genoem volwassenes) het die minste gemiddelde vryetyd tot hulle beskikking. Hierdie ouderdomsgroepe vorm grootliks deel van die ekonomies aktiewe bevolking en werksverpligtinge bring mee dat daar minder vryetyd vir dié gesinslede is. Die aanname word gemaak dat die broodwinner van die gesin oorwegend in die ouderdomsgroep 40-59jaar is. Hierdie ouderdomsgroep het van die minste vryetyd gedurende die week.

Die gesinslede in die ouderdomsgroepe ≤19jaar (genoem kinders) en 60+jaar (genoem pensioenarisse) het waarneembaar die meeste vryetyd tot hul beskikking gedurende die week en

naweek. Hierdie gesinslede is oorwegend nie ekonomies aktief nie en dit verklaar gedeeltelik die vryetyd tot hulle beskikking. Nie alleenlik kennis oor die hoeveelheid vryetyd tot inwoners se beskikking nie, maar ook hoe hierdie tyd spandeer word is nodig in die evaluering van parkgebruike. In Tabel 3.2 word die rekreasie-aktiwiteite wat gesinslede verkies om in hul vryetyd te beoefen vertoon.

Tabel 3.2 Gunsteling rekreasie-aktiwiteite beoefen in vryetyd, Bellville 1997

Gesinslid			Voorkeur rekreasie-aktiwiteit (% van ouderdomsgroep)					
Geslag	Ouderdomsgroep (jaar)	n	Inkopies	Kultuur	Sport	Natuur	Park	Tuis
Manlik	≤19 (Kinders)	52	7,7	9,6	15,4	3,8	7,7	55,8
	20–39 (Jong volwassenes)	46	2,2	1,1	19,6	19,6	0,0	56,5
	40–59 (Volwassenes)	47	4,3	4,3	12,8	19,1	0,0	59,6
	60+ (Pensioenarisse)	36	2,8	0,0	2,8	8,3	2,8	83,3
Vroulik	≤19 (Kinders)	65	10,8	10,8	20,0	3,1	4,6	50,8
	20–39 (Jong volwassenes)	55	18,2	1,8	3,6	10,9	1,8	63,6
	40–59 (Volwassenes)	57	10,5	7,0	3,5	12,3	0,0	66,7
	60+ (Pensioenarisse)	40	5,0	2,5	5,0	10,0	2,5	75,0

Bron: Vraelysopname 1997

Tussen een uit twee en vier uit vyf van die gesinslede verkies om hulle vryetyd tuis te spandeer. Die proporsies pensioenarisse (vroue en mans) wat verkies om hulle vryetyd tuis te spandeer is 75% of meer, beduidend meer as die ander gesinslede. Geen gesinslede het aangedui dat aktiwiteite soos lees, handwerk en sosiaal saam met vriende verkeer tuis beoefen word nie. Gesinslede verkies dus om passief by die huis te wees in hulle vryetyd. Naas tuis wees, word die grootste proporsie van kinders se vryetyd aan sport bestee. By die meeste skole word skoliere aangemoedig om sport as 'n buitemuurse aktiwiteit te beoefen en skoolgaande kinders spandeer dus 'n groot persentasie van hulle tyd aan sport.

In Tabel 3.2 is daar 'n onderskeid getref tussen 'natuur' en 'park'. Park verwys na openbare oopruimtes in Bellville en spesifiek die buurtpark in die omgewing. Die konnotasie aan natuur is wyer en verwys na aktiwiteite wat die besigtiging van dierelewe in natuurgebiede in en rondom Bellville behels. Alhoewel die tweede grootste proporsie van gesinslede, kinders en jong volwasse vroue uitgesluit, se vryetyd in die natuur spandeer word, word die minimum vryetyd in buurtparke deurgebring. Manlike jong volwassenes en beide volwasse mans en vroue verkies om geen van hulle vryetyd in buurtparke te spandeer nie. Die grootste gebruikers van parke in gesinne is dus kinders. Die geringe intensiteit in die benutting van parke word deur die frekwensie van parkbesoek in Tabel 3.3 bevestig.

Tabel 3.3 Frekwensie van parkbesoek, Bellville 1997

Parkbesoek deur gesinslede (% van ouderdomsgroep)							
Gesinslid			Frekwensie van parkbesoek				
Geslag	Ouderdomsgroep (jaar)	n	Nooit	Jaarliks	Maandeliks	Weekliks	Daagliks
Manlik	≤19 (Kinders)	52	9,6	26,9	11,5	30,8	21,2
	20–39 (Jong volwassenes)	46	30,4	30,4	10,9	26,1	2,2
	40–59 (Volwassenes)	48	25,0	14,6	20,8	37,5	2,1
	60+ (Pensioenarisse)	36	22,2	11,1	27,8	27,8	11,1
Vroulik	≤19 (Kinders)	65	18,5	23,0	4,6	46,2	7,7
	20–39 (Jong volwassenes)	55	18,2	29,1	14,6	34,5	3,6
	40–59 (Volwassenes)	57	21,1	26,3	21,1	28,0	3,5
	60+ (Pensioenarisse)	40	20,2	15,0	15,0	30,0	20,0

Bron: Vraelysopname 1997

Bevindinge uit Tabel 3.2 dat kinders die grootste gebruikers van parke is, word ondersteun deur die groot proporsies kinders wat parke op 'n daaglikse en veral weeklikse basis besoek. Die keuse deur manlike jong volwassenes om nie parke in hulle vryetyd te benut nie word onderskryf deur die ongeveer twee-derdes van manlike jong volwassenes wat parke nooit of slegs jaarliks besoek. Die ontleding van frekwensie van parkbesoeke toon dat gesinslede wat gereeld parke benut dit op 'n weeklikse, eerder as 'n daaglikse basis benut.

Let op die teenstrydigheid wat bestaan in die frekwensie van parkbesoek deur volwassenes en jong volwassenes. Alhoewel bykans almal in die ouderdomsgroepe 20-59jaar. verkies om nie parke in hulle vryetyd te besoek nie, besoek ongeveer een-derde van dié ouderdomsgroepe weekliks die park. 'n Moontlike verklaring vir dié verskynsel is dat volwassenes en jong volwassenes parke besoek om kinders te vergesel en beskou dit nie as hul voorkeur vryetydsbesteding nie. Die hoof van die gesin (die respondent) is verder ook geraadpleeg oor hulle parkbehoefte om te bepaal of groter parkbenutting moontlik is deur beter voorsiening in hulle behoeftes.

3.3 ALGEMENE PARKBEHOEFTE VAN INWONERS

Die behoeftes van inwoners in Bellville met betrekking tot alle parktipes is bestudeer. Parke met 'n algemene funksie verwys na parke wat op 'n wyer vlak as buurtvlak voorsien word en sluit in: ekologie-, estetika- en rekreasieparke. Die bewustheid en gevolglike benutting van parke weerspieël inwoners se behoeftes aan die voorsiening van parke. Die patroon van benutting, dit wil sê, waarvoor en hoe parke benut word, is 'n aanduiding van die inwoners se behoeftes wat in parke voorsien moet word. 'n Bespreking oor die bewustheid en benutting van parke word gevolg

deur 'n opgawe van redes vir nie-benutting van parke. Die algemene gebruikersbehoefte waaraan parke moet voldoen vir beter benutting word bespreek as slotsom vir die afdeling.

3.3.1 Bewustheid en benutting van parke

Bewustheid is seker een van die belangrikste voorvereistes vir die benutting van parke. Inwoners kan nie parke benut indien hulle nie daarvan bewus is nie. Tabel 3.4 toon huishoudings se bewustheid en benutting van parke.

Tabel 3.4 Parkbewustheid en -benutting volgens park tipe, Bellville 1997

Park tipe	Respondent se persepsie			
	Bewustheid (%)		Benutting (%)	
	Ja	Nee	Ja	Nee
Ekologie	66,7	33,3	21,7	78,3
Estetika	79,2	20,8	15,0	85,0
Rekreasie	76,7	23,3	20,0	80,0

n=120

Bron: Vraelysopname 1997

Opname-resultate toon dat meer as twee-derdes van die respondente bewus is van die verskillende park tipes in Bellville, maar minder as een-vyfde dit benut. Ekologieparke is die tipe wat die onbekendste aan respondente is. In vergelyking met die meer as drie-kwart respondente wat bewus is van estetika- en rekreasieparke is slegs twee-derdes van respondente bewus van ekologieparke. Ongeag respondente se laer bewustheid van ekologieparke, is dit nietemin die park tipe wat die meeste deur respondente benut word. Die beter benutting van ekologieparke word toegeskryf aan die unieke attraksie van dierelewe wat in dié parke gebied word. Die mees benutte ekologiepark in Bellville is die park rondom die Door de Kraaldam wat deur die helfte van die gebruikers van ekologieparke (n=26) besoek word.

Estetikaparke word benut deur dit te besoek, maar ook deur die waarneming van die visuele voorkoms wanneer verby sulke parke beweeg word. Dit is dus meer ingewikkeld om 'n betroubare aanduiding te kry van die benutting van estetikaparke. Respondente is daarop gewys dat die benutting van estetikaparke ook visuele benutting moet insluit. Opnames toon dat estetikaparke min benut word. Estetikaparke is bekend aan meer as drie-kwart van die respondente, maar minders as een-vyfde benut dié park tipe. Die Elizabethpark, die mees benutte estetikapark, lê langs die gekanaliseerde lope van die Elsieskraalrivier en word deur twee-derdes van die gebruikers van estetikaparke (n=18) benut. Alhoewel die benutting van estetikaparke gering is, het dié parke steeds nut weens die visuele aantreklikheid wat aan die omgewing verleen word.

Die bewustheid en benutting van rekreasieparke deur respondente stem ooreen met dié van estetikaparke. Meer as drie-kwart van die inwoners is bewus van rekreasieparke, maar slegs een- vyfde maak gebruik daarvan. Die Danie Uyspark, wat deur die helfte van die gebruikers van rekreasieparke (n=24) besoek word, is die mees benutte rekreasiepark. Uit hierdie bewustheid en benutting van parke kan afgelei word dat respondente 'n behoefte aan ekologieparke het. Daar is nie 'n groot behoefte aan estetikaparke vir fisiese benutting nie, maar dié parktipe is nodig vir die visuele waarde wat dit aan die omgewing bring. Respondente beskik dikwels self oor die fasiliteite wat rekreasieparke bied en verkies om hulle eie fasiliteite te benut. Dit is kommerwekkend dat 'n beduidende proporsie inwoners wat bewus is van hierdie parktipes dit nie benut nie. Daar is vervolgens ondersoek ingestel na redes vir die nie-benutting van parke.

3.3.2 Nie-benutting van parke

In die literatuur word vier faktore genoem wat as verklaring dien waarom inwoners nie parke benut nie. Die faktore is:

- **Bewustheid:** Inwoners is gewoon nie bewus van die bestaan van parke nie;
- **Toeganklikheid:** Lang afstande na parke ontmoedig inwoners om parke te benut;
- **Ekonomies:** Inwoners het nie finansiële vermoë om parke te besoek nie; en
- **Wetlik:** 'n Voorbeeld van die rol wat politieke faktore in parkbenutting speel is die reservering van parke volgens rasgroepe tydens die apartheidsjare in Suid-Afrika.

Hierdie faktore uit die literatuur beskryf ook die situasie rondom parke in die Bellville munisipale gebied. In Tabel 3.5 word die redes vir die nie-benutting van parke weergegee.

Tabel 3.5 Redes vir nie-benutting van parke volgens parktipe, Bellville 1997

Rede	Parktipe		
	Rekreasie (%)	Estetika (%)	Ekologie (%)
Onbekend/Onbewus	29,7	23,5	39,4
Beperkte toeganklikheid	23,1	27,5	20,2
Onvoldoende vryetyd	18,7	16,7	21,3
Onvoldoende attraksies	15,4	22,5	11,7
Geen belangstelling	7,7	4,9	5,3
Onveilig/Onvoldoende sekuriteit	5,5	4,9	2,1
Getal	91	102	94

Bron: Vraelysopname 1997

Die grootste faktor vir die nie-benutting van parke is respondente wat onbewus is, of nie bekend is met spesifieke parktipes nie. Beperkte toeganklikheid word ook redelik dikwels as rede aangevoer

hoekom respondente nie parke gebruik nie. Die lang afstande wat afgelê moet word, beperk die toeganklikheid van veral estetikaparke.

Naas bewustheid en toeganklikheid word 'n tekort aan vryetyd aangevoer as rede vir nie-benutting van parke. 'n Gebrek aan addisionele attraksies, veral in estikaparke wat beperkte fasiliteite vir fisiese benutting bied, is 'n verdere rede vir die nie-benutting van parke. Dit is gunstig vir die benutting van parke dat so 'n geringe proporsie respondente 'n tekort aan belangstelling aanvoer as rede vir die nie-benutting van parke. 'n Geringe proporsie respondente noem dat sekuriteit in parke onvoldoende is en die benutting van parke beïnvloed.

By die meeste parktipes word geen toegangsfooie gehef nie en gevolglik het ekonomiese faktore 'n geringe invloed in die nie-benutting van parke. In rekreasieparke waar toegangsfooie wel gehef word, bestempel 'n onbeduidende proporsie repondente dit as 'n weerhoudende faktor. Repondente noem dat politieke faktore moontlik 'n rol gespeel het in die voorsiening en verspreiding van parke in die Bellville munisipale gebied, maar geen direkte invloed het in die nie-benutting van parke nie. Uit die voorafgaande word afgelei dat parkbenutting verhoog kan word deur parke wat in die behoeftes van inwoners voldoen, te voorsien.

3.3.3 Algemene behoeftes waaraan parke moet voldoen

Die onderskeie parktipes word deur inwoners benut vir verskillende doeleindes. Gebruikers se parkbehoefte verskil en dit is 'n uitdaging om almal se behoeftes te bevredig. Tydens die ondersoek was dit moontlik om algemene behoeftes te identifiseer waaraan parke moet voldoen vir beter benutting. Respondente kon self spesifiseer watter tipe fasiliteite hulle in watter park tipe verskaf sou wou sien om benutting te verbeter.

Respondente voel nie onveilig in parke nie (kyk Tabel 3.5), maar meen dat die verbetering van sekuriteit tot beter benutting van al die parktipes sal lei. Indien sekuriteit verbeter word deur toegangsfooie te hef om effektief beheer oor parkgebruikers uit te kan oefen, is 70% van respondente (n=120) bereid om 'n fooi te betaal. Die enkele uitstaande parkbehoefte wat respondente noem vir beter benutting van ekologieparke is die aanbring van wandelpaaie. Daar word verder voorgestel dat die aanbring van 'n teetuin en vlooiemark in estetikaparke die benutting van die park tipe sal verhoog sonder om die visuele funksie te skaad. Alhoewel geen beduidende proporsie inwoners 'n enkele fasiliteit uitsonder vir beter benutting van rekreasieparke nie, noem respondente dat die rekreasieparke die meeste potensiaal het om 'n verskeidenheid addisionele fasiliteite te huisves.

Uit die voorgenoemde blyk dit dat parke, buiten die primêre funksionele rol wat hulle binne die gemeenskap vervul, ook addisionele attraksies moet huisves om gebruikerbehoefte te bevredig.

Die skepping van multi-funksionele parke is dus 'n moontlike oplossing vir die nie-benutting van parke. Die ontleding van inwoners se behoeftes aangaande buurtparke word verder ontleed en vervolgens bespreek.

3.4 'N PROFIEL VAN BUURTPARKE IN BELLVILLE

Die ontleding van hierdie parktipe geskied aan die hand van gevallestudies. Die buurtparke in Bellville word in agt duidelik onderskeide kategorieë verdeel (vgl. Tabel 2.8). Die gevallestudiemetode word gebruik omdat 'n indiepte ondersoek na buurtparke noodsaaklik is om 'n deeglike begrip vir die behoeftes van inwoners aangaande buurtparke te ontwikkel. Weens die feit dat parke binne elk van die agt buurtparksubtipes homogeen is, is die keuse van dié parktipe as eenheid van ontleding bevorderlik vir die veralgemeenbaarheid van die gevallestudies. Een park uit elk van die agt subtipes is ewekansig geselekteer vir verdere ondersoek. In Figuur 3.1 word die verbreiding van die agtbuurtparke wat vir gevallestudie geselekteer is, vertoon.

Die ondersoek het bevind dat huishoudings 'n algemene persepsie van buurtparke het ten spyte van die onderlinge verskille in die persepsies en benutting van die agt buurtparksubtipes. Vervolgens word huishoudings se algemene persepsie bespreek gevolg deur die gevallestudie van die agt buurtparksubtipes.


3.4.1 Algemene persepsie van buurtparke

Die noodsaaklikheid van buurtparke word besef, al is dit net vir estetiese redes. 'n Verskeidenheid respondente het getoon dat die visuele nut van parke belangriker as die fisiese benutting daarvan is. Dit beteken dus nie dat parke fisies deur gesinslede besoek hoef te word om nut vir hulle te hê nie. Gesinslede beskik oor meer vryetyd oor die naweek as deur die week en daar is gevind dat die buurtpark meer gereeld oor naweke as in die week besoek word. In Tabel 3.6 word die algemene benuttingspatrone van parkgebruikers weergegee.

Die vervoermiddel gebruik om 'n buurtpark in Bellville te besoek verskil nie van die nasionale patroon nie. Die grootste proporsie parkgebruikers stap na buurtparke. Vroulike parkgebruikers, met die uitsondering van jong volwassenes, maak meer van fietse as vervoermiddel gebruik as manlike parkgebruikers. Naas stap word motors (eerder as fietse) gebruik as vervoermiddel na parke. Dit is veral vroulike pensioenarisse wat van 'n motor as vervoermiddel gebruik maak. Dit word toegeskryf aan pensioenarisse wat dikwels nie so vrylik kan beweeg nie en vroue wat begaan is oor hulle veiligheid op pad na 'n park.

Die benutting van buurtparke in Bellville wyk effens af van die nasionale patroon, waar buurtparke deur kinders vir aktiewe rekreasie en deur pensioenarisse vir passiewe rekreasie benut word. Buurtparke in Bellville word hoofsaaklik vir aktiewe rekreasie benut (ook deur pensioenarisse wat

verkieë om wandeling te neem eerder as op bankies te sit en die natuur te bewonder). Buurtparke word dus oorwegend benut vir wandeling en deur kinders vir speel. Die buurtparke word wel vir passiewe rekreasie benut deur 'n kwart van beide volwasse mans en vroue wat die natuur bewonder.



Bron: Aangepas uit Botma (1996)

Figuur 3.1 Verspreiding van buurtparke in Bellville as gevallestudie hanteer

Tabel 3.6 Buurtparkbenutting deur gesinslede, Bellville 1997

Aktiwiteite		Parkgebruikers (%)							
		Manlik				Vroulik			
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar
Vervoer na park	Stap	91,5	81,3	97,2	85,8	88,7	88,9	93,3	78,1
	Fiets	0,0	6,3	0,0	7,1	3,8	4,5	4,5	6,3
	Motor	8,5	12,4	2,8	7,1	7,5	6,6	2,2	15,6
Waarvoor benut	Speel	59,6	9,4	2,8	0,0	64,1	4,5	0,0	0,0
	Wandel	34,0	90,6	66,6	100,0	30,2	84,4	71,1	90,6
	Natuur bewonder	4,3	0,0	25,0	0,0	3,8	11,1	24,5	6,3
	Ontspan/Piekniek	2,1	0,0	2,8	0,0	1,9	0,0	2,2	0,0
	Stap met hond	0,0	0,0	2,8	0,0	0,0	0,0	2,2	3,1
Gem. Getal ure per week		2,5	1,7	1,1	2,1	2,4	2,0	1,3	2,9
Getal		47	32	36	28	53	45	45	32

Bron: Vraelysopname 1997

Parkgebruikers spandeer gemiddeld tussen een en drie ure per week in parke. Kinders en pensioenarisse, wat die meeste vryetyd beskikbaar het, spandeer die langste tydperk in die parke. Respondente se tevredenheid met parkfasiliteite is ook ondersoek, soos in Tabel 3.7 getoon.

Tabel 3.7 Respondente se tevredenheid met parkfasiliteite, Bellville 1997

Tevredenheid	Parkfasiliteit		
	Speelstrukture (%)	Voorkoms (%)	Sekuriteit (%)
Ja	48,3	53,3	48,3
Nee	51,7	46,7	51,7

n=120

Bron: Vraelysopname 1997

'n Klein meerderheid respondente is tevrede met die voorkoms en versorging van hulle buurtparke. Drie-kwart van die ontevrede respondente (n=56) voer ongereelde instandhouding aan as rede en die oorblywende kwart die onvoldoende verwydering van rommel en vullis.

Respondente neig om ontevrede met beide die sekuriteit en speelfasiliteite in buurtparke te wees. Die meeste klagtes aangaande speelfasiliteite in parke is oor die kwantiteit van speelstrukture omdat daar te min apparaat is om aan kinders se speelbehoefte te voldoen. Sekuriteit en veiligheid in parke word volgens die meeste respondente bedreig deur kwaadwillige persone in die parke en swaar en vinnig bewegende verkeer aangrensend tot parke. Buiten die algemene persepsie van buurtparke is inwoners se parkbehoefte baie spesifiek vir elk van die subtipies.

3.4.2 Buurtparke met speelstrukture

Die aan- of afwesigheid van speelstrukture bepaal dikwels die vorm van rekreasie in 'n buurtpark. Buurtparke met speelstrukture is toegerus met speelapparate en word hoofsaaklik benut vir aktiewe rekreasie.

3.4.2.1 Groot versorgde buurtpark: Meerlustpark

Meerlustpark in die oostelike gebied van Bellville is geleë op die hoek van Feldhausen-, Bourgogne- en Meerluststraat (kyk Figuur 3.1). Die park het 'n oppervlakte van 4,96ha en word geklassifiseer as 'n groot, versorgde speelpark met speelstrukture (kyk Figuur 3.2).



Figuur 3.2 Meerlustpark: 'n Groot, versorgde speelpark met speelstrukture

Meerlustpark beslaan 'n groot oppervlakte en is aanliggend tot 'n groot getal enkelstaande wooneenhede. Die park is sentraal in die woonbuurt geleë en toeganklik vir 'n groot getal huishoudings. Die bereikbaarheid van die park is bevestig deurdat 60% van gebruikers nader as 100m aan die park woon (kyk Tabel 3.8).

Meerlustpark is in 'n gevestigde woonbuurt geleë met die verblyfspatrone van respondente baie stabiel. Die stabiliteit van verblyf is afgelei uit die feit dat al die respondente huiseienaars is en gemiddeld 10jaar in die buurt woon. Die meeste huishoudings rondom die park is van gemiddelde grootte en bestaan uit drie tot vyf inwoners, waarvan die meerderheid in die ouderdomsgroepe ≤19jaar en 40–59jaar is. Uit die gemiddelde ouderdom van dié groepe (kyk Tabel 3.9) word die lewensfase van die huishouding bepaal wat 'n invloed op verblyfsduur het. Die meeste huishoudings rondom die park is gevestig met kinders van skoolgaande ouderdom wat dikwels verblyfsduur verhoog.

Tabel 3.8 Algemene profiel van Meerlustpark se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	60,0%	Huishouding n=15
	100-200m	40,0%	
	>200m	0,0%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	9,9	Respondent n=15
Eienaarskap	Eienaar	100,0%	Respondent n=15
	Huurder	0,0%	
Inwonertal	1	0,0%	Huishouding n=15
	2	33,3%	
	3-5	60,0%	
	>5	6,7%	
	Getal (Gemiddeld)	3,6	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	60,0%	Respondent n=15
	Nee	40,0%	
Voorkomsbevrediging	Ja	80,0%	
	Nee	20,0%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	66,7%	
	Nee	33,3%	

Bron: Vraelysopname 1997

Meerlustpark word gekenmerk deur die verskeie en interessante speelstrukture (kyk Figuur 3.2) in die goed versorgde park. Weens die goeie instandhouding van gronde en speelstrukture word verwag dat gebruikers tevrede sal wees met die voorkoms en speelfasiliteite van die park. Die respondente se tevredenheid met al die parkfasiliteite is baie hoog. Respondente is tevrede met die verskeidenheid en instandhouding van die speelfasiliteite. Die ontevrede respondente is ongelukkig dat balspele nie in die park toegelaat word nie. Die respondente stel voor dat weens

die groot oppervlakte van die park, balspele in dele van die park toegelaat kan word sonder om aanliggende inwoners of ander parkgebruikers te steur. Een-derde van respondente noem dat die grootste veiligheidsrisiko in die park rommel is wat beserings kan veroorsaak.

Tabel 3.9 Huishoudingsprofile van Meerlustpark se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	13,7	28,3	44,6	67,3	
Geslag	Manlik	57,9%	62,5%	52,9%	50,0%	
	Vroulik	42,1%	37,5%	47,1%	50,0%	
Kwalifikasie	Geen	31,5%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Laerskool	63,2%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Hoërskool	5,3%	62,5%	58,8%	80,0%	
	Tersiëre opleiding	0,0%	37,5%	41,2%	20,0%	
Getal parkbesoekers per jaar	Nooit	5,3%	25,0%	11,8%	30,0%	
	1	0,0%	0,0%	5,9%	0,0%	
	12	5,3%	25,0%	0,0%	0,0%	
	50	57,8%	50,0%	76,4%	50,0%	
	300	31,6%	0,0%	5,9%	20,0%	
Getal(en%)	n=54	19(35,2)	8(14,8)	17(31,5)	10(18,5)	
Besoektyd van parkgebruikers	Week	Nooit	0,0%	50,0%	33,3%	0,0%
		Oggend	0,0%	0,0%	20,0%	42,9%
		Middag	83,3%	0,0%	6,7%	57,1%
		Aand	16,7%	50,0%	40,0%	0,0%
	Naweek	Nooit	5,6%	0,0%	20,0%	42,8%
		Oggend	11,1%	0,0%	6,7%	14,3%
		Middag	77,7%	100,0%	66,7%	14,3%
		Aand	5,6%	0,0%	6,7%	28,6%
Getal(en%)	n=46	18(39,1)	6(13,1)	15(32,6)	7(15,2)	

Bron: Vraelysopname 1997

Huishoudingsprofile is bestudeer deur die gesinslede te ontleed volgens ouderdom, soos weergegee in Tabel 3.9. Die vier klasse waarin ouderdomme gegroepeer is, verteenwoordig verskillende stadiums in die lewensiklus en sodoende word die invloed daarvan op parkbenutting blootgelê. Die volgende aannames is gemaak in verband met die verskillende ouderdomsgroepe:

- ≤ 19 jaar, verwys na **kinders** van voorskoolse en skoolgaande ouderdomme. Die groep is nie ekonomies aktief nie en vorm deel van en is afhanklikes in 'n groter huishouding.
- 20-39jaar, verwys na **jong volwassenes** wat besig is met tersiêre opleiding of reeds werkend is. Die groep is groot en deels ekonomies aktief en vorm deel van die huishouding as afhanklikes (bv. Studen`te wat studeer en by hulle ouers inwoon) of voorsieners (bv. 'n enkel-wonende persoon of 'n man en vrou met 'n gesin).
- 40-49jaar, verwys na **volwassenes** wat hoofsaaklik die voorsieners in die huishouding is. Hierdie groep is ekonomies aktief.
- 60+jaar, verwys na **pensioenarisse** wat hoofsaaklik afgetree en nie meer ekonomies aktief is nie. Hierdie groep woon alleen of vorm deel van 'n huishouding waar hulle saam met hulle kinders woon, as afhanklikes of voorsieners.

Die kwalifikasie waaroor gesinslede beskik is 'n aanduiding van onderwyspeil, wat die ontwikkelingsvlak en welvaart van die huishouding bepaal. Een-derde van die gesinslede (ouderdomsgroep ≤ 19 jaar buite rekening gelaat) beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie en bepaal dat huishoudings rondom dié buurtpark 'n relatiewe hoë welvaartspeil het. Hiervan word afgelei dat die huishoudings in 'n gegoede buurt woon met 'n relatiewe hoë ontwikkelingsvlak. Dit word aanvaar dat inwoners in dié buurt respek vir privaat en publieke eiendom sal toon en 'n hoë standaard gehandhaaf word vir die voorkoms van die buurtpark. 'n Onversorgde buurtpark sal minder gereedlik deur inwoners met 'n hoë welvaartspeil aanvaar word.

Ongeveer een-derde van die huishouding bestaan uit kinders. Uit die gemiddelde ouderdom is afgelei dat die meeste van die kinders in hulle vroeë tienerjare is. Daar word oor die proporsie van kinders in die huishouding gerapporteer om te bepaal of parkbenutting ooreenstem met die nasionale patroon waar kinders die grootste gebruikers van buurtparke is. Uit die getal parkbesoeke per jaar is dit duidelik dat 'n groot proporsie gesinslede die buurtpark tussen 50 tot 300 keer per jaar besoek. Dié park word dus daagliks en (veral) wekluks deur gesinslede besoek. Kinders besoek die park die meeste gevolg deur drie-kwart van volwassenes wat ten minste een besoek per week aan die park bring. Gedurende die week word die park in die middag deur kinders en pensioenarisse besoek. Jong volwassenes en volwassenes besoek die park in die aand na werk. Die grootste proporsie parkgebruikers, pensioenarisse uitgesluit, besoek die park in die middag gedurende die naweek. Pensioenarisse noem dat die park besig is gedurende die naweek en verkies om dit nie te benut nie of dit in die aand te benut vir wandeling as daar minder aktiwiteite is.

3.4.2.2 Groot onversorgde buurtpark: Frank Louwpark

Frank Louwpark is geleë tussen Frank Louw-, Sausman-, William Taylor- en Fritzstraat (kyk Figuur 3.1). Dié park, in die suidelike gebied van Bellville, beslaan 'n oppervlakte van 0,76ha en word geklassifiseer as 'n groot, verwaarloosde speelpark met speelstrukture (kyk Figuur 3.3).



Figuur 3.3 Frank Louwpark: 'n Groot, verwaarloosde speelpark met speelstrukture

Frank Louwpark is soos Meerlustpark sentraal vir die gebruikers geleë. Die park word hoofsaaklik deur enkelstaande wooneenhede omring en is bereikbaar vir 'n groot getal huishoudings. Toeganklikheid tot die park is goed en al die respondente woon binne 200m vanaf die park (kyk Tabel 3.10).

Frank Louwpark is in 'n gevestigde woonbuurt geleë en alhoewel van die respondente al lank in hulle huidige wonings bly (gemiddeld 10jaar), is die verblyfsduur van meer as die helfte van die respondente relatief kort. Die stabiliteit van verblyfsduur word ook verlaag deur die groot proporsie (47%) respondente wat nie eiendom besit nie, maar wonings huur. Die huishoudings rondom Frank Louwpark is groot met gemiddeld vyf inwoners per huishouding. Die grootste proporsie gesinslede (kyk Tabel 3.11) is tussen 0 en 39jaar oud en die huishoudings gevolglik jonk en nie gevestig nie.

Respondente se tevredenheid met die speelfasiliteite is, soos verwag, hoog met die interessante speelstrukture wat kenmerkend van Frank Louwpark is (kyk Figuur 3.3). In teenstelling is slegs ongeveer 'n kwart van respondente tevrede met die voorkoms van die park. Die ontevrede respondente noem dat daar te min speelfasiliteite is om in al die gebruikers se behoeftes te voorsien. Die park kom verwaarloos en onversorg voor as gevolg van oorbenutting. Weens die

baie voetverkeer wat die park ontvang, word onooglike sanderige dele gevind waar die gras uitgetrap is. Respondente noem dat die sekuriteit in die park voldoende is.

Tabel 3.10 Algemene profiel van Frank Louwpark se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	60,0%	Huishouding n=15
	100-200m	40,0%	
	>200m	0,0%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	9,9	Respondent n=15
Eienaarskap	Eienaar	53,3%	Respondent n=15
	Huurder	46,7%	
Inwonertal	1	0,0%	Huishouding n=15
	2	0,0%	
	3-5	53,3%	
	>5	46,7%	
	Getal (Gemiddeld)	5,1	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	80,0%	Respondent n=15
	Nee	20,0%	
Voorkomsbevrediging	Ja	26,7%	
	Nee	73,3%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	60,0%	
	Nee	40,0%	

Bron: Vraelysopname 1997

Kenmerkend van die huishoudings (ouderdomsgroep ≤ 19 jaar buite rekening gelaat) is dat geen gesinslede tersiêre kwalifikasies het nie, ten spyte van die groot proporsie wat wel tot hoërskool gekwalifiseer het. Die lae onderwyspeil verklaar waarom huishoudings rondom dié buurtpark 'n lae welvaartspeil het en in 'n behoefteige buurt woonagtig is. Die voorkoms van die buurtpark is waarskynlik nie 'n prioriteit vir inwoners nie en 'n swak versorgde park word meer geredelik aanvaar. Respondente het wel klagtes en die tevredenheid met die voorkoms van die park is laag, maar geen daadwerklike aksies word geneem om die voorkoms te verbeter nie.

Een-derde van die huishoudingslidmate is kinders wat gemiddeld in hulle vroeë tienerjare is. Die helfte van die gesinslede besoek die park ten minste 50 keer per jaar, terwyl ongeveer een-vyfde van kinders die park tot 300 keer besoek. Ten spyte van parkgebruikers wat dié buurtpark gereeld

benut, is daar ook 'n verbasend groot proporsie gesinslede (veral kinders en jong volwassenes) wat die park slegs een keer per jaar besoek.

Tabel 3.11 Huishoudingsprofile van Frank Louwpark se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	12,4	29,1	46,2	64,8	
Kwalifikasie	Geen	53,9%	0,0%	0,0%	17,6%	
	Laerskool	34,6%	19,1%	0,0%	64,8%	
	Hoërskool	11,5%	80,9%	100,0%	17,6%	
	Tersiëre opleiding	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%	
Getal parkbesoek per jaar	Nooit	7,7%	4,8%	23,1%	11,8%	
	1	34,6%	33,3%	15,4%	5,9%	
	12	7,7%	9,5%	23,1%	52,9%	
	50	30,7%	52,4%	38,4%	11,8%	
	300	19,3%	0,0%	0,0%	17,6%	
Getal(en%)	n=77	26(33,8)	21(27,3)	13(16,9)	17(22,1)	
Besoektyd van parkgebruikers	Week	Nooit	20,8%	40,0%	40,0%	0,0%
		Oggend	16,7%	10,0%	20,0%	46,7%
		Middag	54,2%	20,0%	30,0%	40,0%
		Aand	8,3%	30,0%	10,0%	13,3%
	Naweek	Nooit	0,0%	10,0%	0,0%	20,0%
		Oggend	37,5%	30,0%	40,0%	46,7%
		Middag	50,0%	60,0%	60,0%	33,3%
		Aand	12,5%	0,0%	0,0%	0,0%
Getal(en%)	n=69	24(34,8)	20(29,0)	10(14,5)	15(21,7)	

Bron: Vraelysopname 1997

Werkverpligtinge verhoed gewoonlik volwassenes om parke in die middag gedurende die week te benut, maar parkgebruikers van alle ouderdomme benut die park oorwegend in die middag gedurende die week en oor naweke. Hieruit word afgelei dat 'n proporsie van die volwassenes tuisteskeppers is wat parke besoek om toesig oor hulle kinders te hou. Let op hoe die benuttingspatrone van pensioenarisse van die res van die huishouding verskil deurdat parkbesoektye oorwegend soggens is.

3.4.2.3 Klein versorgde buurtpark: Plattekloofwegpark

Plattekloofwegpark is geleë in die westelike gebied van Bellville op die hoek van Plattekloofweg en Lobenstijnstraat (vgl. Figuur 3.1). Die park word geklassifiseer as 'n klein, versorgde speelpark met speelstrukture (kyk Figuur 3.4) en het 'n oppervlakte van 0,73ha.



Figuur 3.4 Plattekloofwegpark: 'n Klein, versorgde speelpark met speelstrukture

Plattekloofweg is geleë in 'n nuut ontwikkelde woonbuurt. Die park is sentraal geleë en maklik toeganklik vir die huishoudings in enkelstaande woonhuise en twee dorpuiskomplekse wat die park omring. Tabel 3.12 toon dat die park redelik naby aan huishoudings geleë is met geen gebruiker verder as 200m van die park nie. Die bereikbaarheid van die park word in 'n mate beperk deur die besige straat (Plattekloofweg) aan die suidekant van die park.

Dié buurt is een van die meer onlangse ontwikkelings in die Bellville munisipale gebied en nog nie volkome gevestig nie. Huishoudings bly gemiddeld nog net vyf en 'n half jaar in hulle huidige wonings en verblyfsduur is gevolglik kort. Die grootste proporsie gesinslede is in die ouderdomsgroep 20-39jaar. Uit die gemiddelde ouderdom van dié ouderdomsgroep (kyk Tabel 3.13) word afgelei dat gesinne nog jonk is met kinders van voorskoolse ouderdom. Alhoewel 100% van die respondente eienaars is, is gesinne is nog nie gevestig nie en kan maklik van woning verwissel as die familie uitbrei. Die gevolg is dat verblyfstabiliteit laag is. Die huishoudings rondom Plattekloofwegpark is baie klein, met gemiddeld twee lede per huishouding. Uit die bestudering van inwonertal word afgelei dat die samestelling van huishoudings verskil tussen klein, jong families en enkellopendes.

Kenmerkend van Plattekloofwegpark is die goed versorgde voorkoms van die parkgronde en die goeie toestand van die speelfasiliteite. Die respondente se tevredenheid met al die parkfasiliteite is hoog. Respondente is nie ontevrede met die toestand van die speelfasiliteite nie, maar voel omdat die park teen 'n helling geleë is, dit moeilik vir voorskoolse kinders is om in die park te speel. Die grootste veiligheidsrisiko volgens ontevrede respondente is die spoed van verkeer in Plattekloofweg. Daar word voorgestel dat 'n muur aan die kant van die park wat teen Plattekloofweg grens en spoedwalle in die pad aangebring word.

Tabel 3.12 Algemene profiel van Plattekloofwegpark se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	26,7%	Huishouding n=15
	100-200m	73,3%	
	>200m	0,0%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	5,4	Respondent n=15
Eienaarskap	Eienaar	100,0%	Respondent n=15
	Huurder	0,0%	
Inwonertal	1	40,0%	Huishouding n=15
	2	33,3%	
	3-5	26,7%	
	>5	0,0%	
	Getal (Gemiddeld)	2,0	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	60,0%	Respondent n=15
	Nee	40,0%	
Voorkomsbevrediging	Ja	93,3%	
	Nee	6,7%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	66,7%	
	Nee	33,3%	

Bron: Vraelysopname 1997

Al die gesinslede in die ouderdomsgroep 20-59jaar het 'n tersiêre kwalifikasie. Die onderwyspeil van huishoudings rondom Plattekloofweg is baie hoog en inwoners van die buurt het gevolglik 'n hoë welvaartspeil. Die standarde wat gestel word vir die versorging van die buurtpark is hoog en ongereelde instandhouding is onaanvaarbaar vir inwoners. Plattekloofwegpark word benut deur al die gesinslede van huishoudings wat in die gevallestudie bestudeer is.

Uit die getal parkbesoeke is dit duidelik dat 'n groot proporsie gesinslede die buurtpark tussen 50 tot 300 keer per jaar besoek. Dié park word veral op woensdae deur gesinslede besoek. Kinders besoek die park die meeste, gevolg deur bykans drie-kwart pensioenarisse wat ten minste een besoek per week aan die park bring. Gedurende die week word die park oorwegend in die aand benut. Pensioenarisse verkies om die park soggens te benut wanneer daar minder aktiwiteite is. Die park word nie so gereeld soos ander buurtparke in die middag deur kinders benut nie. Let ook op dat kinders se besoeke meer ooreenstem met dié van ander parkgebruikers. Dit kan verklaar word deur die aantal voorskoolse kinders wat deur 'n gesinslid na die park vergesel word.

Tabel 3.13 Huishoudingsprofiel van Plattekloofwegpark se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	7,1	32,1	49,5	66,3	
Kwalifikasie	Geen	71,4%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Laerskool	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Hoërskool	28,6%	0,0%	0,0%	42,9%	
	Tersiëre opleiding	0,0%	100,0%	100,0%	57,1%	
Getal parkbesoeke per jaar	Nooit	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%	
	1	0,0%	40,0%	16,7%	28,6%	
	12	0,0%	10,0%	16,7%	0,0%	
	50	71,4%	40,0%	33,3%	71,4%	
	300	28,6%	10,0%	33,3%	0,0%	
Getal(en%)	n=30	7(23,3)	10(33,3)	6(20,0)	7(23,3)	
Besoektyd van parkgebruikers	Week	Nooit	14,3%	20,0%	16,7%	0,0%
		Oggend	28,6%	10,0%	0,0%	85,7%
		Middag	14,3%	0,0%	0,0%	0,0%
		Aand	42,8%	70,0%	83,3%	14,3%
	Naweek	Nooit	0,0%	0,0%	16,7%	0,0%
		Oggend	0,0%	10,0%	16,7%	57,1%
		Middag	71,4%	50,0%	50,0%	0,0%
		Aand	28,6%	40,0%	16,6%	42,9%
Getal(en%)	n=30	7(23,3)	10(33,3)	6(20,0)	7(23,3)	

Bron: Vraelysopname 1997

Gedurende die naweek word die buurtpark, pensioenarisse uitgesluit, oorwegend in die middag benut. Pensioenarisse verkies, soos in die week, om die buurtpark te besoek wanneer dit stil is met minder aktiwiteite wat plaasvind.

3.4.2.4 Klein onversorgde buurtpark: Kasselsvleiwegpark

Kasselsvleiwegpark is geleë in die suidelike gebied van Bellville, suid van Kasselsvleiweg en noord van Nicolaas Arendsstraat (vgl. Figuur 3.1). Die park beslaan 'n oppervlakte van 0,38ha en word geklassifiseer as 'n klein, verwaarloosde speelplek met speelstrukture (kyk Figuur 3.5).



Figuur 3.5 Kasselsvleiwegpark: 'n Klein, verwaarloosde speelplek met speelstrukture

Kasselsvleiwegpark word deur enkelstaande wooneenhede in die ooste en suide, 'n buurtkafée in die noorde en munisipale kantore in die weste begrens. Weens die aanliggende buurtkafée en kantore is die park nie direk toeganklik vir 'n groot getal huishoudings nie. Indien daar gekyk word na die afstand van huishoudings vanaf die park is bereikbaarheid van die park laag in vergelyking met voorgenoemde drie parke (vgl. Tabel 3.14). Net minder as die helfte van die huishoudings is tussen 100 tot 200m van die park, maar een-vyfde van die huishoudings (in vergelyking met geen van die huishoudings in voorgenoemde parke) is verder as 200m vanaf die park.

Soos by Frank Louwpark, is Kasselsvleiwegpark in 'n gevestigde woonbuurt geleë met bykans 'n derde van die respondente wat al lank in die buurt woon. Ten spyte van die bykans 30% respondente wat al langer as 20jaar in hulle huidige wonings bly is die verblyfsduur van 70% huishoudings kort. Die stabiliteit van verblyfsduur word verlaag deur die proporsie respondente wat nie eiendom besit nie, maar wonings huur. Die huishoudings rondom Kasselsvleiwegpark is relatief groot met 80% van die huishoudings wat meer as drie inwoners het (kyk Tabel 3.14).

Kasselsvleiwegpark kom erg onversorg voor weens die afwesigheid van gras en die groot sanderige dele wat deur oorbenutting veroorsaak word. In Figuur 3.5 is die tekens van oorbenutting duidelik sigbaar.

Tabel 3.14 Algemene profiel van Kasselsvleiweg se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	33,3%	Huishouding n=15
	100-200m	46,7%	
	>200m	20,%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	8,9	Respondent n=15
Eienaarskap	Eienaar	66,7%	Respondent n=15
	Huurder	33,3%	
Inwonertal	1	0,0%	Huishouding n=15
	2	20,0%	
	3-5	66,7%	
	>5	13,3%	
	Getal (Gemiddeld)	4,1	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	13,3%	Respondent n=15
	Nee	86,7%	
Voorkomsbevrediging	Ja	20,0%	
	Nee	80,0%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	26,7%	
	Nee	73,3%	

Bron: Vraelysopname 1997

Die speelfasiliteite op die park bestaan uit een apparaat met vier swaai. Respondente se tevredenheid met die parkfasiliteite is na verwagting uiters laag. Respondente is oor die algemeen ontevrede met die hoeveelheid en die toestand van die speelfasiliteite. Die park voldoen nie aan die speelbehoefte van die kinders wat dit benut nie. Die meerderheid respondente is hoogs ontevrede met die voorkoms van die park. Die aanplant van gras en bome sal die tevredenheidspeil van respondente met die voorkoms van die park verhoog. Respondente is ook kennelik ontevrede met sekuriteit in dié buurtpark. Verkeer wat teen 'n hoë spoed in die aanliggende pad verby beweeg, maak die park onveilig vir die kinders wat dit benut. Die teenwoordigheid van kwaadwillige bendeleders is egter die grootste sekuriteitsrisiko vir alle parkgebruikers. Respondente stel voor dat die park omhein en gepatrolleer word om sekuriteit te verbeter.

Drie-kwart van die gesinslede (kyk Tabel 3.15) is 39jaar of jonger. Uit die gemiddelde ouderdom van dié gesinslede word afgelei dat die huishoudings relatief jonk en nog nie gevestig is nie. Ten spyte van die groot proporsie volwassenes en jong volwassenes wat tot hoërskool gekwalifiseer het, beskik min oor tersiëre kwalifikasies. Die onderwyspeil van pensioenarisse is oorwegend laerskoolvlak.

Tabel 3.15 Huishoudingsprofile van Kasselsvleiweg se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	10,6	29,0	48,2	68,0	
Kwalifikasie	Geen	66,6%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Laerskool	19,1%	16,0%	0,0%	80,0%	
	Hoërskool	14,3%	68,0%	72,7%	20,0%	
	Tersiëre opleiding	0,0%	16,0%	27,3%	0,0%	
Getal parkbesoekers per jaar	Nooit	23,8%	36,0%	0,0%	0,0%	
	1	38,1%	32,0%	81,8%	40,0%	
	12	9,5%	12,0%	18,2%	0,0%	
	50	19,1%	12,0%	0,0%	60,0%	
	300	9,5%	8,0%	0,0%	0,0%	
Getal(en%)	n=62	21(33,8)	25(40,3)	11(17,7)	5(8,1)	
Besoeke van parkgebruikers	Week	Nooit	62,5%	37,5%	90,9%	0,0%
		Oggend	0,0%	0,0%	9,1%	100,0%
		Middag	12,5%	25,0%	0,0%	0,0%
		Aand	25,0%	37,5%	0,0%	0,0%
	Naweek	Nooit	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
		Oggend	25,0%	12,5%	27,3%	100,0%
		Middag	75,0%	87,5%	72,7%	0,0%
		Aand	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
Getal(en%)	n=48	16(33,3)	16(33,3)	11(22,9)	5(10,4)	

Bron: Vraelysopname 1997

Dié lae onderwyspeil van die gesinslede bepaal dat die huishoudings rondom dié buurtpark 'n lae welvaartspeil het en in 'n behoefte buurt woonagtig is. Hoewel die respondente nie die swak versorgde park so geredelik aanvaar nie, is daar ander behoeftes (soos behuising) in die buurt wat meer aandag geniet.

Omdat een-derde van die huishoudings uit kinders bestaan, is die verwagting dat die park gereeld benut sal word. Uit die getal parkbesoeke per jaar is dit egter duidelik dat groot proporsies gesinslede die buurtpark nooit of slegs een keer per jaar besoek. Die afwesigheid van gras en min speelfasiliteite dien as verklaring vir die lae frekwensie benutting van die park deur veral kinders. Die groot proporsie pensioenarisse wat die park weekliks benut, word verklaar deur wandelinge deur die park op besoek aan die aanliggende buurtkafee. Meer as 'n derde van die parkgebruikers 59jaar en jonger benut nie die park gedurende die week nie. Al die pensioenarisse besoek die park in die oggend gedurende die week en naweek. Weens die sekuriteitsrisiko's word die park gedurende die naweek hoofsaaklik in die middag benut en geensins saans nie.

3.4.3 Buurtparke sonder speelstrukture

Speelstrukture is kenmerkend van meeste buurtparke, maar hoef nie teenwoordig te wees vir parke om as buurtpark geklassifiseer te word nie. Buurtparke sonder speelstrukture vervul ook in die passiewe rekreasiebehoefte van die inwoners, soos byvoorbeeld die oop erfbuurtpark.

3.4.3.1 Groot versorgde buurtpark: Blomvleipark

Blomvleipark is geleë op die hoek van Lincoln- en Sturkeweg in die westelike gebied van Bellville (kyk Figuur 3.1). Die park word geklassifiseer as 'n groot, versorgde speelpark sonder speelstrukture (kyk Figuur 3.6) en het 'n oppervlakte van 1,9ha.



Figuur 3.6 Blomvleipark: 'n Groot, versorgde speelpark sonder speelstrukture

Blomvleipark beslaan 'n groot oppervlakte en is toeganklik vir 'n groot getal huishoudings van enkelstaande woonhuise en 'n dorpshuiskompleks aanliggend tot die park. Die grootste proporsie (87%) huishoudings woon 200m of nader aan die park. Die bereikbaarheid van die park word effens verlaag deur die besige straat (Lincolnweg) aanliggend tot die buurtpark.

Die verblyfspatrone van respondente is baie stabiel en al die respondente besit hulle eiendom en woon al lank in die gevestigde buurt (kyk Tabel 3.16). Die huishoudings rondom Blomvleipark is klein met die grootste proporsie huishoudings wat slegs twee lede het. Die meerderheid gesinslede is in die ouderdomsgroep 40-59jaar en ongeveer een-tiende is jonger as 20jaar (kyk Tabel 3.17). Uit die voorafgaande word afgelei dat min van die gesinne kinders het.

Tabel 3.16 Algemene profiel van Blomvleipark se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	46,7%	Huishouding n=15
	100-200m	40,0%	
	>200m	13,3%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	10,4	Respondent n=15
Eienaarskap	Eienaar	100,0%	Respondent n=15
	Huurder	0,0%	
Inwonertal	1	6,7%	Huishouding n=15
	2	60,0%	
	3-5	33,3%	
	>5	0,0%	
	Getal (Gemiddeld)	2,4	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	46,7%	Respondent n=15
	Nee	53,3%	
Voorkomsbevrediging	Ja	46,7%	
	Nee	53,3%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	60,0%	
	Nee	40,0%	

Bron: Vraelysopname 1997

Blomvleipark word gekenmerk deur die groot, oop versorgde grasperke. Respondente se tevredenheid met speelfasiliteite en die voorkoms van die park is redelik laag. Effens meer as die helfte van die respondente is ontevrede met die speelfasiliteite van die buurtpark omdat daar geen speelstrukture is nie. Die ontevrede respondente is nie ongelukkig met die instandhouding van die park nie, maar noem dat daar geen formele strukture is nie en die park soos 'n oop stuk grond wat geen waarde het nie voorkom. Dié respondente is dus ontevrede met die voorkoms van die park en nie die instandhouding daarvan nie. Die aanplant van inheemse bome, aanbring van banke en die uitleg van wandelpaadjies sal struktuur aan die park gee en meer gebruikers lok. Die besige straat aanliggend tot die park is die enigste veiligheidsrisiko vir die parkgebruikers. Die aanbring

van 'n muur of die aanplant van digte struik aan die besige straatfront en spoedwalle in die besige straat word voorgestel vir die beveiliging van die buurtpark.

Meer as die helfte van die gesinslede (ouderdomsgroep ≤ 19 jaar buite rekening gelaat) beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie en bepaal dat huishoudings 'n hoë welvaartspeil het en in 'n goeie woonbuurt woon. 'n Hoë standaard word gehandhaaf vir die voorkoms van die buurtpark, soos bevestig is deur die proporsie respondente wat ontevrede is met die voorkoms van die park ten spyte van gereelde instandhouding.

Tabel 3.17 Huishoudingsprofile van Blomvleipark se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤ 19 jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	4,5	27,5	52,6	64,9	
Kwalifikasie	Geen	100,0%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Laerskool	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Hoërskool	0,0%	44,4%	57,1%	33,3%	
	Tersiêre opleiding	0,0%	55,6%	42,9%	66,7%	
Getal parkbesoekes per jaar	Nooit	0,0%	0,0%	0,0%	11,2%	
	1	50,0%	55,6%	7,1%	0,0%	
	12	0,0%	0,0%	57,1%	33,3%	
	50	50,0%	44,4%	35,8%	33,3%	
	300	0,0%	0,0%	0,0%	22,2%	
Getal(en%)	n=36	4(11,1)	9(25,0)	14(38,9)	9(25,0)	
Besoeke van parkgebruikers	Week	Nooit	0,0%	22,2%	50,0%	37,5%
		Oggend	25,0%	22,2%	14,3%	25,0%
		Middag	25,0%	22,2%	21,4%	37,5%
		Aand	50,0%	33,4%	14,3%	0,0%
	Naweek	Nooit	0,0%	0,0%	14,3%	50,0%
		Oggend	0,0%	44,4%	28,6%	25,0%
		Middag	50,0%	44,4%	50,0%	25,0%
		Aand	50,0%	11,2%	7,1%	0,0%
Getal(en%)	n=35	4(11,4)	9(25,7)	14(40,0)	8(22,9)	

Bron: Vraelysopname 1997

Blomvleipark word deur al die gesinslede benut, maar uit die getal parkbesoekes per jaar word afgelei dat die park nie gereeld besoek word nie. Die afwesigheid van speelstrukture dien as verklarings vir die minder gereelde benutting van dié buurtpark deur kinders. Pensioenarisse besoek

die park die meeste, maar benut nooit die park saans nie. Die helfte van die volwassenes benut nie die park gedurende die week nie, maar besoek die park in die middag gedurende die naweek.

3.4.3.2 Groot onversorgde buurtpark: Haarlempark

Haarlempark is geleë in die oostelike gebied van Bellville, suid van Haarlemweg en noord van Panoramarylaan. Die park word geklassifiseer as 'n groot, verwaarloosde speelpark sonder speelstrukture (kyk Figuur 3.7) en het 'n oppervlakte van 3,29ha.



Figuur 3.7 Haarlempark: 'n Groot, verwaarloosde speelpark sonder speelstrukture

Die park word aan die noorde kant deur 'n winkelkompleks en in die suide deur 'n pad wat swaar verkeer dra begrens. Die afstande na die park toon dat huishoudings relatief naby die park (Tabel 3.18) woon, ten spyte van die naasliggende winkelkompleks wat woonhuise verplaas. Toeganklikheid tot die park is laag en word wel beïnvloed deur die winkelkompleks en besige straat.

Haarlempark is in 'n gevestigde woonbuurt geleë met respondente wat al besonder lank (gemiddeld 19jaar) in hulle huidige wonings wat hulle besit, bly. Die meeste huishoudings rondom die park is van gemiddelde grootte (3 persone) en bestaan meesal uit drie tot vyf inwoners. Die verblyfspatrone van huishoudings rondom Haarlempark blyk dus baie stabiel te wees. Die meerderheid (67%) gesinslede is 40 jaar of ouer, en daar is min jong gesinne wat jong kinders het (kyk Tabel 3.19). Die huishoudings rondom die park is dus gevestig met volwassenes of pensioenarisse aan die hoof van die huishouding en ouer kinders en jong volwassenes wat by hulle ouers woonagtig is.

Tabel 3.18 Algemene profiel van Haarlempark se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	46,7%	Huishouding n=15
	100-200m	40,0%	
	>200m	13,3%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	19,1	Respondent n=15
Eienaarskap	Eenaar	100,0%	Respondent n=15
	Huurder	0,0%	
Inwonertal	1	0,0%	Huishouding n=15
	2	33,3%	
	3-5	66,7%	
	>5	0,0%	
	Getal (Gemiddeld)	2,9	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	46,7%	Respondent n=15
	Nee	53,3%	
Voorkomsbevrediging	Ja	86,7%	
	Nee	13,3%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	40,0%	
	Nee	60,0%	

Bron: Vraelysopname 1997

Kenmerkend van Haarlempark is die groot getalle bome wat langs die dreineersloot in die middel van die park aangeplant is. Haarlempark word wel gereeld in stand gehou, maar weens groot sanderige dele kom die park verwaarloos voor. Meer as die helfte van die respondente is ontevrede met die speelfasiliteite as gevolg van die afwesigheid van speelstrukture vir kinders. Respondente noem dat die groot oppervlakte van die park toelaat dat daar in 'n deel van die park speelstrukture aangebring kan word sonder om die karakter van die park te verander.

Ten spyte van die onversorgde voorkoms is respondente se tevredenheid met die parkvoorkoms baie hoog. Dit kan verklaar word deur respondente wat parkvoorkoms koppel aan die mate van instandhouding. Respondente is tevrede met die instandhouding van die park en gevolglik met die voorkoms van die park. Die respondente is wel ontevrede oor die swak oppervlakdreinerings van die park en dat die park as deurloop (wat tot oorbenutting lei en sanderige dele tot gevolg het) gebruik word na die winkelkompleks. Kwaadwillige hawelose persone wat in die park vergader gedurende die dag is volgens die ontevrede respondente 'n veiligheidsrisiko vir parkgebruikers.

Die huishoudings rondom Haarlempark handhaaf 'n relatiewe hoë welvaartspeil soos afgelei uit die onderwyspeil van gesinslede. Meer as die helfte van gesinslede (ouderdomsgroep ≤19jaar buite rekening gelaat) het tot hoërskool of 'n tersiêre-vlak gekwalifiseer.

Tabel 3.19 Huishoudingsprofile van Haarlempark se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	15,7	24,1	51,9	65,8	
Kwalifikasie	Geen	28,6%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Laerskool	28,6%	0,0%	11,8%	0,0%	
	Hoërskool	42,8%	57,1%	35,3%	58,3%	
	Tersiêre opleiding	0,0%	42,9%	52,9%	41,7%	
Getal parkbesoeke per jaar	Nooit	14,3%	71,4%	52,9%	0,0%	
	1	0,0%	0,0%	5,9%	16,7%	
	12	14,3%	14,3%	11,8%	33,3%	
	50	57,1%	14,3%	29,4%	33,3%	
	300	14,3%	0,0%	0,0%	16,7%	
Getal(en%)	n=43	7(16,3)	7(16,3)	17(39,5)	12(27,9)	
Besoektyd van parkgebruikers	Week	Nooit	50,0%	50,0%	37,5%	50,0%
		Oggend	0,0%	0,0%	12,5%	41,7%
		Middag	50,0%	50,0%	25,0%	8,3%
		Aand	0,0%	0,0%	25,0%	0,0%
	Naweek	Nooit	33,3%	50,0%	37,5%	16,7%
		Oggend	0,0%	50,0%	12,5%	50,0%
		Middag	50,0%	0,0%	50,0%	33,3%
		Aand	16,7%	0,0%	0,0%	0,0%
Getal(en%)	n=28	6(21,4)	2(7,1)	8(28,6)	12(42,9)	

Bron: Vraelysopname 1997

Die buurtpark word bykans nooit deur een-derde van gesinslede benut nie. Uit die getal parkbesoeke per jaar word afgelei dat volwassenes en jong volwassenes selde die buurtpark besoek, terwyl baie kinders en pensioenarisse oorwegend tussen 12 en 50 besoeke per jaar aan die park bring. Besoeke aan die park gedurende die week en oor die naweek vind hoofsaaklik in die middag plaas.

3.4.3.3 Klein versorgde buurtpark: Voightpark

Voightpark is geleë in die suidelike gebied van Bellville, wes van Teddingtonstraat en oos van Durbanweg (kyk Figuur 3.1). Hierdie park is 'n klein, versorgde speelpark sonder speelstrukture (kyk Figuur 3.8) en beslaan 'n oppervlakte van 0,57ha.



Figuur 3.8 Voightpark: 'n Klein, versorgde speelpark sonder speelstrukture

Voightpark beslaan 'n klein oppervlakte en is omring deur woonhuise wat omskep is in kantore met besigheidsregte. Toeganklikheid tot die park is laag weens die groot getal kantore aanliggend tot die park en die afstand vanaf huishoudings na die park (kyk Tabel 3.20). Meer as die helfte van die huishoudings woon verder as 200m van die park.

Voightpark is in 'n ou gevestigde woonbuurt geleë en die verblyfsduur toon dat respondente al lank (gemiddeld bykans 18jaar) woonagtig in hulle huidige wonings is. Bykans al die respondente besit hulle eiendom en saam met die lang verblyfsduur van respondente is die verblyfstabiliteit van huishoudings rondom Voightpark hoog. Die grootte van huishoudings rondom die park is klein en meer as die helfte het slegs twee inwoners per huishouding, waarvan omtrent een-derde jong volwassenes is (kyk Tabel 3.21). Die meeste kinders in die huishoudings rondom die park is van skoolgaande ouderdom.

Goed versorgde parkgronde waar vullisdromme en bankies aangebring is, is kenmerkend van Voightpark. Respondente se tevredenheid met die fasiliteite en voorkoms van die buurtpark is oor die algemeen hoog. Omtrent drie-kwart van die respondente is tevrede met die voorkoms van die

park. Die ontevrede respondente noem dat die afwesigheid van speelstrukture die grootste oorsaak van hulle ontevredenheid is. Die ontevredenheid van respondente aangaande sekuriteit in dié park is duidelik. Respondente ondervind probleme met hawelose mense wat parkgebruikers aanval en rommel strooi wat onooglik is en beserings kan veroorsaak.

Tabel 3.20 Algemene profiel van Voightpark se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	13,3%	Huishouding n=15
	100-200m	33,3%	
	>200m	53,4%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	17,7	Respondent n=15
Eienaarskap	Eienaar	93,3%	Respondent n=15
	Huurder	6,7%	
Inwonertal	1	0,0%	Huishouding n=15
	2	53,3%	
	3-5	40,0%	
	>5	6,7%	
	Getal (Gemiddeld)	2,9	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	53,3%	Respondent n=15
	Nee	46,7%	
Voorkomsbevrediging	Ja	73,3%	
	Nee	26,7%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	40,0%	
	Nee	60,0%	

Bron: Vraelysopname 1997

Die onderwyspeil van huishoudings is hoog en 'n relatiewe groot proporsie gesinslede het hoërskool geslaag en 'n tersiêre kwalifikasie. Ten spyte van die hoë onderwyspeil is huishoudings rondom Voightpark in 'n behoeftige woonbuurt gevestigem het 'n lae welvaartspeil. Die ontwikkelingsvlak van huishoudings in dié woonbuurt is waarskynlik ook laag en die standaard vir die voorkoms en instandhouding van die park is laer as in gegoede woonbuurte. 'n Swak versorgde buurtpark sal meer geredelik deur inwoners met 'n lae welvaartspeil aanvaar word.

Voightpark word nie gereeld deur huishoudings benut nie ten spyte van parktevredenheid wat relatief hoog is. Uit die getal parkbesoeke per jaar word afgelei dat die meerderheid huishoudings die park nooit of slegs een keer per jaar gebruik. Geen van die gesinslede benut die park meer as

50 keer per jaar nie. Let op hoe ongereeld kinders, wat gewoonlik die grootste gebruikers van buurtparke is, dié park benut.

Tabel 3.21 Huishoudingsprofiel van Voightpark se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	12,7	28,9	50,4	65,9	
Kwalifikasie	Geen	45,5%	7,11%	0,0%	0,0%	
	Laerskool	45,5%	0,0%	0,0%	57,1%	
	Hoërskool	9,0%	50,0%	72,7%	42,9%	
	Tersiëre opleiding	0,0%	42,9%	27,3%	0,0%	
Getal parkbesoekers per jaar	Nooit	9,1%	50,0%	27,2%	85,7%	
	1	72,7%	28,6%	18,2%	14,3%	
	12	0,0%	21,4%	27,3%	0,0%	
	50	18,2%	0,0%	27,3%	0,0%	
	300	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%	
Getal(en%)	n=43	11(25,6)	14(32,6)	11(25,6)	7(16,3)	
Besoektyd van parkgebruikers	Week	Nooit	0,0%	57,1%	0,0%	0,0%
		Oggend	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
		Middag	100,0%	42,9%	100,0%	100,0%
		Aand	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
	Naweek	Nooit	40,0%	28,6%	50,0%	0,0%
		Oggend	20,0%	57,1%	25,0%	0,0%
		Middag	40,0%	14,3%	25,0%	100,0%
		Aand	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
Getal(en%)	n=26	10(38,5)	7(26,9)	8(30,8)	1(3,8)	

Bron: Vraelysopname 1997

Die afwesigheid van speelstrukture en die veiligheidsrisiko van aanvalle deur hawelose mense verklaar die swak benutting van die park deur kinders. Weens bogenoemde sekuriteitsrede word die park nooit saans gebruik nie, maar verkies gesinslede om die park in die middag te besoek gedurende die week en naweek.

3.4.3.4 Klein onversorgde buurtpark: Hogarthpark

Hogarthpark op die hoek van Hall- en Lindastraat is geleë in die suidelike gebied van Bellville (kyk Figuur 3.1). Die park het 'n oppervlakte van 0,33ha en word geklassifiseer as 'n klein, verwaarloosde speelpark sonder speelstrukture (kyk Figuur 3.9).

Hogarthpark beslaan 'n klein oppervlakte en is aanliggend tot enkele woonhuise. Die park is sentraal geleë en maklik bereikbaar vir die huishoudings van aanliggende woonhuise. Bykans die helfte van die huishoudings woon tussen 100 tot 200m vanaf die park (kyk Tabel 3.22). Die park is langs 'n elektriese substasie geleë, wat die toeganklikheid tot die park aansienlik verlaag.



Figuur 3.9 Hogarthpark: 'n Klein, verwaarloosde speelpark sonder speelstrukture

Hogarthpark is in 'n gevestigde woonbuurt geleë en hoewel van die respondente al lank (gemiddeld 13jaar) in hulle huidige wonings bly is die verblyfsduur van sestig persent van die respondente kort. Die stabiliteit van verblyfsduur word verlaag deur 'n kwart van die respondente wat nie 'n eiendom besit nie, maar wonings huur. Die huishoudings rondom die park is van gemiddelde grootte en twee-derdes van die huishoudings bestaan uit drie tot vyf lede. Die meerderheid van die gesinslede is kinders of volwassenes. Volgens die gemiddelde ouderdomme van die kohorte is die meeste huishoudings rondom dié park middeljarige volwassenes met kinders van skoolgaande ouderdom (vgl Tabel 3.23).

Hogarthpark word nie gereeld in stand gehou nie en gevolglik vertoon die park soos 'n verlate oop erf met ongesnyde gras. Respondente se tevredenheid met parkfasiliteite is baie laag. Alle respondente voel tereg dat die park onversorg is en ongeveer drie-kwart van respondente is nie tevrede met speelfasiliteite wat die park bied nie. Respondente beskryf die park as in 'n erg vervalde toestand te wees met geen fasiliteite nie en beskou nie die park as 'n buurtpark nie. Respondente noem dat die park meer formeel uitgelê kan word deur die plant van bome en struie.

Bykans drie-kwart van die respondente is ontevrede met die veiligheid van en sekuriteit in die park. Kwaadwillige hawelose persone in die park is 'n gedeeltelike bedreiging vir die sekuriteit van parkgebruikers. Rommel wat deur hawelose persone op die park gelaat word en die molplaag wat gate in die parkoppervlak laat, word dikwels deur die lang gras versteek en kan beserings veroorsaak.

Tabel 3.22 Algemene profiel van Hogarthpark se omliggende inwoners

ALGEMENE PROFIEL			
Kenmerk	Eenheid	Proporsie/Getal	Metingsgroep
Afstand na park	<100m	26,7%	Huishouding n=15
	100-200m	46,6%	
	>200m	26,7%	
Verblyfsduur	Jaar (Gemiddeld)	12,6	Respondent n=15
Eienaarskap	Eienaar	73,3%	Respondent n=15
	Huurder	26,7%	
Inwonertal	1	0,0%	Huishouding n=15
	2	20,0%	
	3-5	66,7%	
	>5	13,3%	
	Getal (Gemiddeld)	3,6	
Speelbehoeftebevrediging	Ja	26,7%	Respondent n=15
	Nee	73,3%	
Voorkomsbevrediging	Ja	0,0%	
	Nee	100,0%	
Sekuriteitbevrediging	Ja	26,7%	
	Nee	73,3%	

Bron: Vraelysopname 1997

Die onderwyspeil van gesinslede, met die uitsondering van jong volwassenes, is gemiddeld laag. Die welvaartspeil van huishoudings is dus laag ten spyte daarvan dat meer as die helfte van jong volwassenes 'n tersiêre kwalifikasie het. Hiervan word afgelei dat huishoudings in 'n middel-inkomste buurt woon en dat 'n matige standaard gehandhaaf word vir die voorkoms van parke. Twee-vyftes van die huishoudingslede is kinders. Uit die gemiddelde ouderdom word afgelei dat meeste van die kinders in hulle vroeë tienerjare is en daar word verwag dat die buurtpark gereeld deur die kinders benut sal word. Uit die getal parkbesoeke per jaar is dit duidelik dat slegs pensioenarisse die buurtpark soveel as 300 keer per jaar besoek, gevolg deur kinders en jong volwassenes wat die park tot 50 keer per jaar besoek.

Tabel 3.23 Huishoudingsprofile van Hogarthpark se omliggende inwoners

HUISHOUDINGSPROFIEL						
Kenmerk	Eenheid	Gesinslid (%)				
		≤19jaar	20-39jaar	40-59jaar	60+jaar	
Ouderdom	Jaar (Gemiddeld)	12,9	27,6	47,9	66,8	
Kwalifikasie	Geen	27,3%	0,0%	0,0%	0,0%	
	Laerskool	45,4%	0,0%	0,0%	44,4%	
	Hoërskool	27,3%	42,9%	81,2%	55,6%	
	Tersiëre opleiding	0,0%	57,1%	18,8%	0,0%	
Getal parkbesoeke per jaar	Nooit	31,8%	0,0%	43,8%	44,4%	
	1	9,1%	42,9%	31,2%	22,2%	
	12	13,6%	0,0%	18,8%	0,0%	
	50	45,5%	57,1%	6,2%	0,0%	
	300	0,0%	0,0%	0,0%	33,4%	
Getal(en%)	n=54	22(40,7)	7(13,0)	16(29,6)	9(16,7)	
Besoeptyd van parkgebruikers	Week	Nooit	46,7%	71,4%	44,4%	0,0%
		Oggend	0,0%	0,0%	0,0%	40,0%
		Middag	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
		Aand	53,3%	28,6%	55,6%	60,0%
	Naweek	Nooit	33,3%	0,0%	44,4%	40,0%
		Oggend	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
		Middag	66,7%	100,0%	55,6%	60,0%
		Aand	0,0%	0,0%	0,0%	0,0%
Getal(en%)	n=36	15(41,7)	7(19,4)	9(25,0)	5(13,9)	

Bron: Vraelysopname 1997

Uit die ontevredenheid van die meerderheid respondente met die voorkoms van dié park is ongereelde benutting van die buurtpark verwag. Hierdie verwagting word bevestig deur die proporsie gesinslede (veral volwassenes en pensioenarisse) wat die park nooit of net een keer per jaar besoek. Gedurende die week word Hogarthpark oorwegend in die aand na werk benut en gedurende die naweek in die middag.

3.5 SAMEVATTING

Die steekproef van inwoners van die Bellville munisipale gebied het gedurende die week min vryetyd. Ongeag bedrywige skedules in die week, beskik die meeste gesinslede wel oor vryetyd gedurende die naweek. Die vryetyd tot gesinslede se beskikking word oorwegend tuis spandeer. 'n Beduidende proporsie gesinslede geniet die natuurlewe, maar verkies om nie buurtparke in hulle

vryetyd te besoek nie. Kinders en pensioenarisse is die grootste gebruikers van die bestaande parke. Parke word op 'n weeklikse eerder as daaglikse basis deur gebruikers benut. Die benutting van parke is verder ontleed deur die parkbehoefte van huishoudings te bestudeer.

Bewustheid van parke vorm 'n integrerende deel in die benutting daarvan. 'n Beduidende proporsie respondente wat bewus is van estetika- en rekreasieparke benut dit nie. Die benutting van ekologieparke verskil, want hoewel min respondente bewus is van dié parktipe maak die meerderheid respondente wat wel daarvan bewus is, gebruik daarvan. Die eiiesoortige attraksie van dierelewe in ekologieparke wat nie in die ander parktipes gevind word nie, is 'n moontlike verklaring vir die beter benutting van dié parktipe. Respondente voer 'n verskeidenheid redes aan vir die nie-benutting van parke in Bellville. Onbewustheid van en groot afstande wat afgelê moet word vir parkbesoeke het 'n beduidende invloed op die nie-benutting van die parke. Gebruikers se parkbehoefte verskil en dit is nodig vir die munisipale owerheid om multi-funksionele parke te skep om in meer gebruikersbehoefte te voorsien. Bestaande enkel-funksionele parke kan omskep word tot multi-funksionele parke deur addisionele attraksies, wat bykomend is tot die primêre funksie wat dit in die gemeenskap vervul, aan te bring.

In die oostelike gebied van Bellville het die ekologie- en estetikaparke visuele nut vir die huishoudings en word nie fisies gereeld benut nie. Daar is 'n groot getal buurtparke in die oostelike gebied. Daar is geen onversorgde buurtparke met speelstrukture in dié gebied nie. Die proporsie buurtparke sonder speelfasiliteite is hoog in vergelyking met buurtparke in die westelike en suidelike gebiede. Buurtparke sonder speelfasiliteite word minder gereeld benut as dié met speelfasiliteite en het dikwels slegs visuele nut vir huishoudings.

Parke in die westelike gebied word die meeste benut. Die westelike gebied is die enigste gebied in Bellville met al vier hoofparktipes, naamlik ekologie-, estetika-, rekreasie- en buurtparke. Anders as die ekologieparke langs die Kuilsrivier in die oostelike gebied, word die ekologieparke langs die Elsiekraalrivier en Door de Kraaldam in die westelike gebied baie gereeld deur huishoudings benut. Ekologieparke in die westelike gebied is meer formeel uitgelê met wandelpaaie en inligtingsborde oor die dierelewe in die parke as die ekologieparke in die ooste en lok om dié rede meer gebruikers. Die westelike gebied het min buurtparke in vergelyking met die oostelike en suidelike gebiede. Die buurtparke word oorwegend goed in stand gehou en gereeld benut.

Die parkopset van die suidelike gebied verskil van die ander gebiede. Daar is geen ekologieparke in die suide van Bellville nie. Kenmerkend van die suidelike gebied is die groot getal klein buurtparke (kyk gemiddelde parkoppervlakte in Tabel 2.2). In vergelyking met die geval in die oostelike en westelike gebiede word buurtparke in die suidelike gebied swak versorg en ongereeld

in stand gehou. Weens die onversorgde voorkoms, word buurtparke in die suidelike gebied minder gereeld benut.

Uit die voorafgaande gevallestudies is gevind dat buurtparke hoofsaaklik benut word vir wandeling en as speelplek vir kinders. Parkgebruikers verkies om na buurtparke te stap. Daar is gevind dat huishoudings se benutting van verskillende buurtparktipos wissel en dat die volgende faktore parkbenutting direk en indirek beïnvloed:

- **Toeganklikheid:** Al die buurtparksubtipes wat bestudeer is, het geen omheining nie en is vryelik toeganklik. Toeganklikheid in die vorm van toegang tot die park het in dié studie geen invloed op parkbenutting nie, maar bereikbaarheid het wel. Die bereikbaarheid van 'n park word bepaal deur die afstand na 'n park vanaf eiendom aanliggend tot die park. Daar is gevind dat huishoudings aanliggend tot en binne 200m radius vanaf 'n buurtpark dit meer gereeld benut. Die buurtparke wat omring word deur enkelstaande wooneenhede of dorpshuiskomplekse is meer bereikbaar vir huishoudings en word meer gereeld benut. Buurtparke wat omring is deur kantoorgeboue, klein winkelsentrums en besige strate is minder bereikbaar vir huishoudings en word nie gereeld benut nie.
- **Verblyfsduur en eienaarskap:** Die lengte van verblyf in 'n woning en eienaarskap bepaal hoe stabiel 'n huishouding se verblyfsduur is. Huishoudings wat lank in 'n woning woon en waarvan die respondent die eienaar is, se verblyfstabiliteit is hoog. Verblyfstabiliteit is laag indien huishoudings kort in 'n woning bly en die respondent die woning huur. Daar is gevind dat huishoudings waarvan die verblyfstabiliteit hoog is meer gereeld die buurtpark besoek. Die feit dat huishoudings meer bekend is met hulle omgewing en hulle buurtpark is 'n moontlike verklaring vir beter benutting. Beter bekendheid lei tot beter benutting van die buurtpark.
- **Stadium in lewensiklus:** Die ouderdom van gesinslede en die huishouding beïnvloed parkbenutting. Die ouderdom van die huishouding het 'n invloed op die stabiliteit van verblyf wat, soos hierbo genoem, 'n invloed op parkbenutting het. Huishoudings wat uit volwassenes met kinders van skoolgaande ouderdom bestaan se verblyfstabiliteit is hoog, want huishoudings is gevestig en minder geneig om van woning te verwissel. Die verblyfstabiliteit van huishoudings wat uit jong volwassenes met voorskoolse kinders bestaan, is laag want die huishoudings is nog ongevestig en geneig om makliker van woning te verwissel. Kinders is die grootste gebruikers van parke en in huishoudings met kinders is ander gesinslede meer geneig om parke te benut. Lewensfase het indirek 'n invloed op die benutting van parke. Ongetroude jong volwassenes is dié groep wat die minste buurtparke benut. Getroude volwassenes en jong volwassenes, veral waar daar reeds kinders in die gesin is, benut buurtparke meer gereeld. Die sosio-ekonomiese status van huishoudings beïnvloed indirek die benutting van buurtparke en word later bespreek onder die opskrif kwalifikasie.

- **Grootte van huishouding:** Die grootte van die huishouding het indirek 'n invloed op parkbenutting. Daar is gevind dat huishoudings wat uit een of twee lede bestaan buurtparke minder benut as groter huishoudings. Die verskynsel is verder ondersoek en gevind dat die tipe (kind, jong volwassene, volwassene of pensioenaris) gesinslid (wat indirek die grootte van die huishouding bepaal) parkbenutting beïnvloed. Die aanwesigheid van kinders (wat die huishouding vergroot) veroorsaak dat buurtparke gereeld benut word.
- **Kwalifikasie:** Parktevredenheid (wat 'n direkte invloed op parkbenutting het) word beïnvloed deur die ontwikkelingsvlak van die huishouding. Die sosio-ekonomiese status van die huishouding word bepaal deur die kwalifikasies van die broodwinners in die huishouding. 'n Hoër onderwyspeil word bereik deur hoër kwalifikasies wat lei tot 'n hoër ontwikkelingsvlak en welvaartspeil. Huishoudings met 'n hoë welvaartspeil is geneig om in 'n gegoede buurt waar inwoners met 'n hoë ontwikkelingsvlak woon, te vestig. In hierdie woonbuurte word hoër standaarde vir parkvoorkoms en instandhouding gehandhaaf. In die studie is gevind dat huishoudings met 'n lae welvaartspeil meer geredelike swak versorgde parke aanvaar.
- **Parktevredenheid:** Dit is die enkele faktor wat die grootste invloed op parkbenutting het. Huishoudings wat tevrede is met hulle buurtpark benut dit elke dag of een maal per week. Ontevrede huishoudings benut buurtparke nooit of baie ongereeld. Parktevredenheid word hoofsaaklik beïnvloed deur die voorkoms en versorging van 'n park en die ontwikkelingsvlak van gebruikers.
- **Parkvoorkoms:** Parkvoorkoms het 'n bepalende invloed op parktevredenheid. Buurtparke wat gereeld in stand gehou word en 'n versorgde voorkoms het, word meer gereeld benut as onversorgde parke. Buurtparke met speelfasiliteite word meer gereeld benut as buurtparke sonder speelfasiliteite.

Besoektye van parkgebruikers wissel nie soseer tussen buurtparktipies nie, maar eerder tussen ouderdomsgroepe. Kinders benut buurtparke in die middag en volwassenes en jong volwassenes in die aand na werk. Pensioenarisse verkies om buurtparke in die oggend te benut wanneer daar nie so baie aktiwiteite is nie. In buurtparke waar probleme met veiligheid (in die vorm van hawelose mense en kwaadwillige bendeledes) ondervind word, word parke nie saans of oor naweke benut nie. Die kennis opgedoen aangaande die vryetydsbesteding en parkbehoefte van parkgebruikers maak dit moonlik om riglyne te gee vir die beplanning en bestuur van parke vir optimale benutting.

HOOFSTUK 4: IS BELLVILLE SE PARKE GESKIK VIR DIE INWONERS?

Parks are for people

(Seymour 1969: 73)

Langtermynbeplanning vir die voorsiening van parke om in die veranderende behoeftes van die gemeenskap te voldoen, is noodsaaklik. Slegs deur ingeligde beplanning kan lewensvatbare parke vir die publiek geskep word. Die huidige toestand van parke in stede is grootliks die gevolg van swak en selfs geen beplanning in die verlede. Dit is nodig om aandag te skenk aan die verbetering van die kapasiteit van die munisipale owerheid om die stedelike omgewing te bestuur (om te verhoed dat die foute van die verlede herhaal word) en sodoende lewensomstandighede in stede te verbeter (Dewar & Uytendogaardt 1991; Pugh 1996).

Riglyne uit die resultate van hierdie onderhawige studie kan aan munisipale owerhede voorgelê word vir die beplanning en bestuur van parke om meer optimale benutting te bewerkstellig. 'n Samevatting van die studieresultate word gegee gevolg deur riglyne vir die beplanning en bestuur van parke in Bellville. Die waarde van die navorsing word beoordeel en voorstelle vir verdere navorsing word gemaak.

4.1 SAMEVATTING VAN STUDIERESULTATE

Die resultate van die studie word kortliks gegee waaruit riglyne vir owerheidsbestuur volg. 'n Algemene klassifikasiesistelsel is ontwerp en toegepas op alle parke in Bellville. Die resultate oor die verbreiding en struktuur van hierdie geklassifiseerde parke word eerstens bespreek, gevolg deur resultate van inwonerbenutting en persepsie.

4.1.1 Die morfologie van parke: Verbreiding en struktuurkenmerke

Oopruimtes in Bellville beslaan 15,3% van die totale munisipale oppervlakte en sedert 1996 is 9,17ha van die totale 840ha oopruimtes in Bellville aan ontwikkeling afgestaan. Dit is opvallend dat die westelike gebied, wat die jongste residensiële ontwikkelings het, die grootste verlies aan oopruimtes getoon het. Die oostelike gebied het die grootste totale parkoppervlakte en die suidelike gebied, wat die industriële kern van die stad huisves, die kleinste parkoppervlakte. Die hoogste parkoppervlakte-ratio word in die oostelike gebied aangetref, wat ongeveer 20jaar ná die ontstaan van die suidelike en westelike gebiede ontwikkel is, en toon dat parke meer prominent in latere ontwikkelings ingesluit is. Parke in die westelike gebied het die grootste gemiddelde oppervlakte per park.

Verskeie klassifikasieskemas gerapporteer in die literatuur is oorweeg, maar ontoereikend gevind. Die navorser het 'n nuwe unieke klassifikasiesstelsel ontwerp deur kriteria uit die literatuur te neem as basis en dit aan te pas om 'n verskeidenheid aspekte van parke in Bellville te inkorporeer. 'n Klassifikasieskema gebaseer op parkvoorkoms en die funksionele rol wat die park in die gemeenskap vervul, is ontwerp vir parke in Bellville. In die algemene empiriese klassifikasie-oefening van parke in Bellville is vier hoof parktipes, naamlik buurt-, ekologie-, estetika- en rekreasieparke onderskei. Die 162ha buurtparke wat 84,5% van die parktotaal vorm, is die mees algemene parktipe in Bellville. In die Bellville munisipale gebied is daar net twee rekreasieparke, wat slegs 1,6% van die totale parkoppervlakte beslaan. Die ekologieparke, wat slegs 4,8% van die totale getal parke vorm, beslaan 22,8% van die totale parkoppervlakte. Ekologieparke, met 'n gemiddelde oppervlakte van 6,07ha, is die grootste parktipe.

Buurtparke is in residensiële gebiede van stede geleë om in die ontspanningsbehoefte van inwoners te voorsien. Buurtparke word uitgesonder vir spesiale fokus weens die heterogene voorkoms van dié parktipe en die groot omvang daarvan in Bellville. Die buurtparke is weens voorkomsverskille in subtipes onderverdeel. Die twee hoof tipes, naamlik dié met speelstrukture en dié daarsonder word verder onderverdeel in agt homogene buurtparksubtipes. Verdere onderverdeling is gedoen op grond van die voorkoms en grootte van parke. Buurtparke met speelstrukture is gemiddeld kleiner, maar is die mees algemene parktipe. Ongeveer 60% van die 142 buurtparke in Bellville is toegerus met speelstrukture. Die parksubtipes wat beduidend meer voorkom as die ander parksubtipes is parke met speelstrukture en 'n versorgde voorkoms.

4.1.2 Inwonerbenutting en persepsies

Gedurende die week het gesinslede min vryetyd tot hulle beskikking. Die aanname word gemaak dat die broodwinner van die gesin oorwegend in die ouderdomsgroep 40-59jaar is, wat die minste vryetyd gedurende die week het. Pensioenarisse en kinders, wat nie ekonomies aktief is nie, het waarneembaar die meeste vryetyd tot hul beskikking. Ongeag bedrywige skedules in die week, beskik die meeste gesinslede wel oor vryetyd gedurende die naweek. Gesinslede spandeer oorwegend hulle vryetyd tuis. Naas tuis wees, spandeer kinders die grootste proporsie vryetyd aan sport. Alhoewel die tweede grootste proporsie van gesinslede, kinders en jong volwasse vroue uitgesluit, se vryetyd in die natuur spandeer word, word die minimum tyd in die natuur in buurtparke deurgebring. Meer as een-derde van alle gesinslede verkies om nooit parke in hulle vryetyd te besoek nie. 'n Verdere aanduiding van die geringe parkbenutting is die proporsie gesinslede wat parke slegs een maal per jaar benut. Die ontleding van die frekwensie van parkbesoek toon dat gebruikers wat gereeld parke benut dit op 'n weeklikse, eerder as 'n daaglikse basis benut.

Bewustheid van parke is 'n voorvereiste vir die benutting daarvan. Dit is kommerwekkend dat 'n beduidende proporsie respondente wat bewus is van ekologie-, estetika- en rekreasieparke, dit nie benut nie. Respondente voer 'n verskeidenheid redes aan vir die nie-benutting van parke in Bellville. Onbewustheid van en groot afstande wat afgelê moet word vir parkbesoek, het 'n beduidende invloed op die nie-benutting van parke. Gebruikers se parkbehoefte verskil en respondente noem dat die aanbring van addisionele fasiliteite meer gereelde parkbenutting sal aanmoedig. Die rekreasieparke word deur respondente uitgewys as die park met die meeste potensiaal om 'n verskeidenheid addisionele fasiliteite te huisves. Die ontleding van gebruikers se behoeftes aangaande buurtparke is aan die hand van gevallestudies gedoen.

Buurtparke word oor naweke benut vir wandeling en as speelplekke vir kinders. Parkgebruikers verkies om na buurtparke te stap. Uit die gevallestudies van die buurtparksubtipes is gevind dat huishoudings se benutting van buurtparke verskil. In Tabel 4.1 word die faktore wat buurtpark benutting beïnvloed opsommend gegee.

Tabel 4.1 Redes vir die verskille in benutting van buurtparksubtipes

Parktipe	Toeganklikheid		Stabiliteit		Gesinsgrootte		Onderwyspeil		Tevredenheid		Besoekfrekwensie	
	Hoog	Laag	Hoog	Laag	Groot	Klein	Hoog	Laag	Hoog	Laag	Gereeld	Ongereeld
Groot	•		•		•		•		•		•	
Klein		•		•	•			•		•		•
Versorg	•		•			•	•		•		•	
Onversorg		•		•	•			•		•		•
Met speel	•			•	•		•		•		•	
Sonder speel		•	•		•		•		•			•

Daar bestaan 'n algemene patroon in die verskille in parkbenutting tussen buurtparksubtipes. Parkbenutting soos gewys in besoekfrekwensie in Tabel 4.1 word hoofsaaklik beïnvloed deur toeganklikheid, verblyfstabiliteit, gesinsgrootte, onderwyspeil en parktevredeheid. In die buurtparke waar toeganklikheid en verblyfstabiliteit hoog is, is daar 'n geneigdheid om parke meer gereeld te benut. Gesinsgrootte het nie so 'n beduidende invloed op die benutting van parke nie, maar die getal kinders per huishouding wel. Huishoudings met kinders benut buurtparke meer gereeld. Die welvaartspeil van huishoudings word bepaal deur die onderwyspeil van gesinslede. Huishoudings met 'n hoë welvaartspeil is geneig om in 'n goeie buurt, waar inwoners met 'n hoë ontwikkelingsvlak woon, te vestig. Dit word aanvaar dat inwoners in dié tipe buurt respek vir eiendom sal toon en 'n hoë standaard gehandhaaf word vir die voorkoms van die buurt. 'n Onversorgde buurtpark sal minder gereeld deur huishoudings met 'n hoë welvaartspeil aanvaar word, terwyl huishoudings met 'n lae welvaartspeil meer gereeld swak versorgde parke aanvaar.

Parktevredenheid is die faktor wat die grootste direkte invloed op parkbenutting het, naamlik waar parktevredenheid hoog is, word parke gereeld benut.

Die verband tussen die faktore wat buurtparkbenutting beïnvloed, soos hierbo genoem, word weerspieël in die benutting van groot buurtparke (kyk Tabel 4.1). Die benutting van klein buurtparke toon die negatiewe verband, met die uitsondering van gesinsgrootte, aan. Huishoudings rondom klein buurtparke is wel groot, maar, anders as verwag, word dié tipe buurtpark nie so baie benut nie. 'n Moontlike verklaring vir die afwyking is dat, hoewel die gesin groot is, daar nie so 'n groot getal jong kinders is nie.

Die versorgde buurtpark vertoon dieselfde patroon as parke wat gereeld benut word. Gesinsgrootte is die uitsondering, want ten spyte van klein gesinne word die park gereeld benut. Die gereelde instandhouding en goed versorgde voorkoms van dié parktipe is die bepalende faktor in die benutting daarvan. Die benuttingspatroon van onversorgde parke is die teenoorgestelde van die benutting van versorgde parke. Ten spyte van groot huishoudings is parkbenutting laag weens die onversorgde en verwaarloosde voorkoms van die parke wat die bepalende faktor in die nie-benutting van dié buurtparktipe is.

Met die uitsondering van verblyfstabiliteit volg buurtparke met speelstrukture die patroon vir parke wat gereeld benut word. Die aanwesigheid van speelstrukture lok huishoudings wat nog onbekend met die omgewing is en nie lank in 'n buurt woonagtig is nie om dié parktipe gereeld te benut. Buurtparke sonder speelstrukture word nie gereeld benut nie, want daar is nie voldoende addisionele attraksies om huishoudings te lok nie ten spyte van al die faktore wat gunstig is vir die gereelde benutting van dié parktipe.

Parktevredenheid is die mees bepalende faktor in die benutting van buurtparke. Die meerderheid respondente is tevrede met die voorkoms en versorging van hulle buurtparke. Respondente is hoofsaaklik ontevrede met beide die veiligheid en speelfasiliteite in buurtparke. Die verbetering van sekuriteit en speelfasiliteite sal die tevredenheid van huishoudings verhoog en tot meer gereelde parkbenutting lei. Gevolglik word riglyne verskaf om parkfasiliteite te verbeter vir meer optimale benutting.

4.2 BEPLANNING EN BESTUURSRIGLYNE VIR OPTIMALE PARKBENUTTING

It is equally possible through planning decisions to influence patterns of activities, to create better or worse conditions for outdoor events, and to create lively or lifeless cities... .

(Gehl 1987: 33)

Seymour (1969) beskou parke as lewende en dinamiese stadstrukture. Optimale parkbenutting is wel die ideaal, maar die onderbenutting van parke is die realiteit. Beplanning en besluitneming rondom parke in Bellville is nodig om die aktiwiteitspatrone van inwoners só te verander dat parke weer die kern van mense se vryetydsbesteding word. Uit die ondersoek is bepaal waarom parke nie aan inwoners se behoeftes voldoen nie en hieruit word riglyne gegee vir beter sekuriteit, voldoende instandhouding en die skepping van multi-funksionele parke.

4.2.1 Riglyne vir beter sekuriteit

In die voorsiening van veilige parke word verwys na die beveiliging van beide sosiale en fisiese aspekte van parke. Uit die opname is gevind dat die aanwesigheid van hawelose persone die grootste bedreiging vir die veiligheid van parkgebruikers is. Die veiligheid van parke vir gebruik deur kinders word op die spel geplaas deur swaar, vinnige verkeer en besoedeling waar rommel (soos glasstukke en blikkies) beserings kan veroorsaak. Veiligheid in parke kan volgens respondente bevorder word deur:

- die ontwikkeling van parke weg van, of die aanbring van spoedwalle in, **besige strate**, weens die gevaar van swaar verkeer;
- verhoogde **sekuriteit** deur betroubare parkpersoneel gereeld aanwesig op parkpersele te hê of 'n buurtwag wat roetinebesoeke aan parke lewer om beveiliging teen kwaadwillige persone te verseker;
- te waak teen **verwaarlosing** (wat hawelose persone lok) deur die fasiliteite wat benut word te onderhou; en
- doeltreffende **beligting** in parke vir benutting in die aand.

Buiten beligting word 'n gevoel van veiligheid in parke verhoog indien daar geboue of strate (waar mense sigbaar is) in die nabyheid is of deur groot sigafstand¹⁰. Nie net sigafstand nie, maar ook sigbaarheid¹¹ van parke kan parksekuriteit verbeter. Indien ouers 'n park van hulle huis af kan sien, sal hulle waarskynlik meer geredelik toestemming aan kinders verleen om daar te gaan speel.

4.2.2 Riglyne vir volhoubare instandhouding

In die beplanning vir die ontwikkeling van 'n nuwe park moet nie alleenlik die aanvanklike ontwikkelingskoste in berekening gebring word nie, maar ook instandhoudingskoste. Parke in groot dele van Bellville kan nie voldoende in stand gehou word met die fondse wat daarvoor toegewys is nie. In die opname is gevind dat respondente deeglik bewus is van die tekort aan fondse vir instandhouding en noem hulle dat privatisering van dienste in parke moontlik die enigste oplossing

¹⁰ Sigafstand verwys na die afstand waarop dit moontlik is om te sien. Daar moet dus nie tussengeleë strukture, bome of bosse wees wat die visie beperk nie.

¹¹ Sigbaarheid is wat gesien kan word, of te wel waarneembaarheid.

vir voldoende parkvoorsiening is. Die koste van instandhouding kan besnoei word deur van lae- onderhoud fasiliteite gebruik te maak.

Die probleme met instandhouding kan tot 'n minimum beperk word deur die fisiese aspekte van parke voor ontwikkeling te ondersoek. Ontwikkelings- en instandhoudingskoste word byvoorbeeld verhoog deur fisiese beperkings in parke. Probleme met steil hellings in parke in heuwelagtige woonbuurte kan instandhouding belemmer. Die visuele voorkoms van parke word beïnvloed deur die dravermoë van parke met verwysing na verskillende soorte ontspanningsaktiwiteite. Parke word van tyd tot tyd blootgestel aan groot groepe mense. Nie net 'n groot getal op een slag nie, maar selfs kleiner groepe op 'n gereelde basis plaas druk op die landskap. Respondente noem dat deeglike toesig en bestuur, asook toepaslike ontwerp en aanpassings, gemaak moet word om te verseker dat 'n park nie oorbenut word nie. Parke met 'n verwaarloosde voorkoms is dus nie net die gevolg van onvoldoende instandhouding nie, maar ook van oorbenutting. Die dravermoë van multi-funksionele parke moet deeglik gemonitor word om oorbenutting te beperk.

4.2.3 Riglyne vir multi-funksionele parke

Afwisseling stimuleer die brein terwyl eentonigheid in parke dikwels kan lei tot die agteruitgang in die benutting van parke. Die behoeftes van gebruikers vorm die kern vir die suksesvolle voorsiening van parke vir optimale benutting. Om in die veranderende behoeftes van gebruikers te voorsien moet die standaard vir parkontwikkeling veranderbaar en buigbaar wees. Parkstandaarde moet ook gereeld hersien en aangepas word.

Optimale benutting word dus verseker deur 'n multi-funksionele park wat in die meeste behoeftes van die breër publiek kan voldoen, sonder om druk op die omgewing te plaas. Respondente is van mening dat multi-funksionele parke mense lok om langer tydperke in parke te vertoef. Parke wat meer gereeld benut word (en bedrywig lyk) lok ander inwoners om parke te besoek. Bestaande enkel-funksionele parke kan omskep word tot multi-funksionele parke deur addisionele attraksies aan te bring wat bykomend is tot die primêre funksie wat dit in die gemeenskap vervul.

Beplanning vir multi-funksionele parke verg ook laterale denke oor multi-funksionaliteit. Vir Wall (1992) beteken multi-funksionaliteit nie net bloot die aanbring van addisionele aktiwiteite by bestaande enkel-funksionele parke nie, maar is daar drie metodes om multi-funksionaliteit te bewerkstellig, naamlik:

- **Verskillende funksies op 'n perseel op dieselfde tyd** deur byvoorbeeld addisionele attraksies aan te bring op 'n park bykomend tot die primêre funksie - soos deur die respondente voorgestel.
- **Verskillende funksies op 'n perseel op verskillende tye** deur byvoorbeeld die funksie van 'n perseel oor tyd aan te pas en te verander. 'n Praktiese voorbeeld hiervan is om 'n perseel

wat as stortingsterrein gebruik (en uitgeput) is te bedek met bo-grond en gras, en bome en struike aan te plant. Hierdie perseel kan dan oor tyd as park benut word.

- **Dieselfde funksie op 'n perseel op verskillende tye** deur byvoorbeeld persele wat aan skole behoort en vir rekreasie gebruik word na skoolure beskikbaar te stel vir dieselfde gebruik deur die nie-skoolgaande publiek.

Die voorgenoemde riglyne kan suksesvol uitgevoer word indien 'n verenigde, geïntegreerde stelsel ontwikkel word om in die behoeftes van parkgebruikers te voorsien sonder om die natuurlike en kulturele waardes van parke te beskadig. In die toekoms moet daar gestreef word na die geïntegreerde en volhoubare voorsiening van multi-funksionele parke in Bellville.

4.3 WAARDEBEPALING VAN DIE NAVORSING

Dit is nodig om 'n waardebeplanning van die navorsing te doen as riglyne vir toekomstige navorsing. Voor navorsing begin word moet die navorser 'n deeglike begrip hê van die metodes wat gebruik gaan word. In die beplanningsfase moet bepaal word wat bestudeer gaan word en hoe te werk gegaan moet word om inligting in te win. Beplanning is 'n belangrike komponent van navorsing en deeglike beplanning verhoog die sukses van die studie.

4.3.1 Suksesse van die studie

Die uitstuur van vraelyste aan inwoners was, bykomend tot die inwin van inligting, geslaag as 'n bewusmakingsveldtog. Die inwoners is bewus gemaak van:

- parke en die belang van parke in hulle alledaagse lewe;
- die probleme wat gepaard gaan met die voorsiening, ontwikkeling en bestuur van parke; en
- die belang van inwonerbetrokkenheid in sake rakende parke in woonbuurte.

Die opstel van 'n klassifikasieskema vir parke in Bellville was suksesvol. Deur kriteria uit die literatuur as basis te gebruik en dit aan te pas om spesifieke aspekte van parke in Bellville te inkorporeer, kon parke funksioneel geklassifiseer word. Inligting aangaande parkbenutting is van uiteenlopende gebruikers (wat ouderdom en vlak van opvoeding betref) ingewin.

4.3.2 Tekortkominge van die studie

Daar is dikwels slegs een geleentheid om data in te samel en die navorser moet voldoende inligting by die geleentheid inwin. Dit is ook belangrik dat die korrekte hoeveelheid inligting ingewin word. Tydens die studie het die navorser egter gevind dat die insameling van oorbodige data nie wenslik is nie. Deur inligting oor te veel uiteenlopende aspekte in te samel word die data wat wel noodsaaklik vir die studie is dikwels nie omvattend genoeg ingesamel nie. Die bewoording van die vrae is van kardinale belang om betroubare en toepaslike antwoorde van die respondente

te kry. Die navorser het geleer dat deur die bewoording van vrae effens aan te pas meer 'nie van toepassing'-antwoorde op vrae uitgeskakel kon word.

Met die opstel van 'n klassifikasieskema kon die navorser anders te werk gegaan het om die graad van instandhouding in parke te bepaal. Inligting oor skedules vir die instandhouding van parke kon van die munisipaliteit verkry word en waarneming sou nie eenmalig nie, maar oor tyd uitgeoefen word. Die verbreiding van die vier hoof parkklasse is deeglik bestudeer, maar met die onderverdeling van die buurtparke in agt subklasse het die navorser gefokus op die benutting van die subklasse eerder as die verbreiding daarvan. Die agt buurtparke wat as gevallestudies bestudeer is, is deur 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef uit elke buurtparksubklas gekies. In retrospek sou die navorser anders te werk gegaan het met die seleksie van die agt buurtparke deur subklasse eers per gebied (suid, wes en oos) te verdeel en dan 'n ewekansige steekproef uit elke gebied te kies. Met die evaluering van die navorsing en uit die tekortkominge het 'n aantal voorstelle vir verdere navorsing na vore gekom.

4.4 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

Die verbreiding van parke in Bellville kan verder ondersoek word deur die voorsiening van parke in die tradisionele bruin en wit gebiede van Bellville te vergelyk. Die spesifieke fokus op buurtparke kan ook uitgebrei word deur te bepaal of daar 'n verband tussen woonbuurtgrootte en buurtparkgrootte is.

Die navorsing wat onderneem is, is hoofsaaklik beskrywend en bied insig in die vryetydsbesteding en parkbehoefte van inwoners in die Bellville munisipale gebied. 'n Studie aanvullend tot inwonerbehoefte kan gemaak word om te bepaal wat die publiek se beeld van parke is en watter houdings by die publiek parkgebruik affekteer. Verklarende navorsing is nodig om die sterkte van die verband tussen vryetyd, behoeftes en parkbenutting te bepaal. Deur verklarende navorsing kan bepaal word watter aktiwiteite in parke aangemoedig moet word om optimale benutting te verseker. Navorsing oor parke kan ook die volgende aspekte ondersoek:

- die langtermyn invloed vir betrokke inwoners en die waarde van aanliggende eiendom; en
- die langtermyn implikasies vir die funksionering van die natuurlike ekosisteem waarin die stad geplaas is (Walmsley & Botten 1994).

Parke beskik oor die vermoë om 'n wye deursnit van die gemeenskap te bedien en om bewaring van natuurlike gebiede te bevorder. In dié studie is gefokus op die rekreasie- en funksionele doelwitte waaraan parke moet voldoen. Navorsing is nodig oor die geïntegreerde voorsiening van parke wat nie net die ekologiese en estetiese doelwitte ondersoek nie, maar ook die ekonomiese aspekte.

4.5 SAMEVATTING

Parke vorm deel van 'n baie wyer voorsiening van openbare ontspanningsdienste, buitelugopvoeding en verhoogde lewenskwaliteit in stede. Die voorsiening van parke word geregverdig deur die voordele wat mense daaruit verkry. Dit is nie net nodig om parke fisies te benut nie, maar die blote bestaan van parke verbeter alreeds die kwaliteit van lewe in stede (dit het dus intrinsieke waarde). Altman & Zube (1989) merk tereg op dat parke in stede lewe kry wanneer hulle benut word en parke word benut wanneer dit in die behoeftes van die gebruikers voldoen. Dit is wel moeilik om in al die behoeftes van die algemene publiek te voorsien, omdat daar geen generiese parkgebruiker is nie. Vir gebruikers is die ervaring van die park verskillend elke keer wanneer dit besoek word. Beplanning en voorsiening van parke moet van so 'n aard wees dat parke optimaal benut word en volhoubaar is. Indien parke doeltreffend bestuur word, sal dit 'n volgehoue bate vir die Bellville munisipale gebied wees.

Dit bring die vraag of Bellville se parke geskik is vir die publiek weer na vore. Dit is duidelik uit die groot proporsie respondente wat nie parke benut nie dat die parke in hulle huidige vorm nie volledig geskik is vir die publiek nie. Hierdie probleem kan opgelos word deur sekuriteit in parke te verhoog, instandhouding te verbeter en enkel-funksionele parke te omskep in multi-funksionele parke. Die aanbring van addisionele fasiliteite in bestaande parke is 'n eenvoudige metode om parke te skep wat in groter getalle inwoners se behoeftes voorsien.

MAAR die vraag moet ook gevra word: is die publiek opgevoed vir benutting van parke in Bellville? Uit die ontleding van inwoners se vryetydsbesteding blyk dit nie die geval te wees nie. Die oplossing vir die probleem is egter nie so eenvoudig nie. Het Lasdun (1991) se beskouing dat mense opgevoed moet word om respek te toon vir die voorreg om openbare parke gratis tot hulle beskikking te hê, nie veel meer waarde as volkome behoeftebevrediging nie? Vele omgewingsprogramme kan geloods word, maar om die aanvanklike belangstelling by die publiek te wek is 'n uiters moeilike taak. Dit is ook moeilik om volwassenes wat in 'n lewenstyl gevestig is, tot ander insigte te bring. Omgewingsopvoeding is 'n tydsame proses wat eers oor die langtermyn resultate lewer.

VERWYSINGS

- African National Congress (ANC) 2001. SA could face negative population growth rate. Sapa-Inet Bridge 02.05.2001. [Online]. Beskikbaar: http://www.anc.org.za/briefing/nw_20010503.html [01.10.2002].
- Ahern, J, Gross, M & Finn, J 1992. GIS integrates landscape ecology and open space planning. *GIS World* 5, 1: 64-66, 68-69.
- Altman, I & Zube, EH (reds.). 1989. *Public places and spaces*. New York: Plenum.
- Bartone, C, Bernstein, J, Leitman, J & Eigen, JC 1994. *Toward environmental strategies for cities: policy considerations for urban development management in developing countries*. Washington, D.C.: Die Wêreldbank.
- Bayat, MS 1992. Administrative aspects of parks and recreational facilities at the local government level with particular reference to the Durban Municipality: a theoretical and practical perspective. DPhil-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Beaumont, RD & Dold, MB 1993. Third World development and the environment. *Civil Engineering* 1, 5: 15-19.
- Behrens, E 1996. Urban open spaces: the threatend life-support of cities. *Muniviro* 13, 3: 15-18.
- Berman, M 1986. Control as a dimension of public-space quality – M Francis. In Altman, I & Zube, EH (reds.) *Public places and spaces*, pp 147-169. New York: Plenum.
- Beukes, PA 1991. Evaluering van die voorsiening en benutting van oopruimtes by laekostebehuising. M.S&S.-verslag. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Botha, BP 1974. Die vereistes vir doelmatige skepping en benutting van munisipale parke en ontspanningsfasiliteite vir die Oos-Rand. M.A.-tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Botma, JP 1996. Openbare oopruimtes in Bellville. Kaart. Parke en Rekreasie-afdeling, Bellville Munisipaliteit.
- Broadbent, G 1990. *Emerging concepts in urban space design*. Londen: Van Nostrand Reinhold.
- Chadwick, G 1966. *The park and town: public landscape in the 19th and 20th centuries*. Londen: Architectural Press.
- Cohen, SE 1994. Greenbelts in London and Jerusalem. *Geographical Review* 84, 1: 73-89.
- Colquhoun, A 1989. *Modernity and the classical tradition*. Cambridge, Massachusetts: The MIT Press.
- Correll, MR, Lillydahl, JH & Singell, LD 1978. The effects of greenbelts on residential property values: some findings on the political economy of open space. *Land Economics* 54, 2: 207-217.
- Cranz, G 1982. *The politics of park design: a history of urban parks in America*. Cambridge, Massachusetts: The MIT Press.
- Deacon, J 1992. Groen lange vir stede. *Suid-Afrikaanse Panorama* 37, 2: 62-67.
- Dewar, D & Uytendogaardt, RS 1991. *South African cities: a manifesto for change*. Kaapstad: Navorsingseenheid vir stedelike probleme, Universiteit van Kaapstad.

- Dredge, D 1995. Sustainable rapid urban expansion: the case of Xalapa, Mexico. *Habitat international* 19, 3: 317-329.
- Ebert, R 1995. *Urban parks in Germany*. Glouchester: Comedia.
- Gehl, J 1987. *Life between buildings: using public space*, vertaal vanaf Deens deur J Kock. New York: Van Nostrand Reinhold. (Oorspronklike gepubliseer in 1980)
- Grandjean, E & Gilgen, A 1976. *Environmental factors in urban planning: air pollution, noise, urban spaces, sunlight and natural light indoors*. Londen: Taylor & Francis.
- Hanekom, F 1994. Openingsrede by die Departement van Omgewingsake konferensie. Stedelike oopruimtes: moontlikhede vir produktiewe benutting. Pretoria.
- Hart, WJ 1966. Managing parks as human ecosystems – GE Machlis. In Altman, I & Zube, EH (reds.) *Public places and spaces*, pp 255-273. New York: Plenum.
- Herbert, D & Thomas, CJ 1990. *Cities in space: city in place*. Londen: Fulton.
- Hurry, LB 1994. Participatory operational and development strategies for community based environmental management. Referaat gelewer by die Departement van Omgewingsake konferensie. Stedelike oopruimtes: moontlikhede vir produktiewe benutting. Pretoria.
- Jordaan, PF 1994. Die rol en betekenis van stedelike oopruimtes as 'n produktiewe sisteem – 'n oorsigtelike beskouing. Referaat gelewer by die Departement van Omgewingsake konferensie. Stedelike oopruimtes: moontlikhede vir produktiewe benutting. Pretoria.
- Kaapse Metropolitaanse Raad, 1996. Metropolitan spatial development framework: a guide for spatial development in the Cape metropolitan functional region. Tegnieese verslag. Kaapstad: Departement van Ruimtelike Beplanning.
- Lasdun, S 1991. *The English park: royal, private and public*. Londen: Deutsch.
- Ministry of Housing and Local Government 1962. *The green belts*. Londen: HMSO Publikasies.
- Mouton, J & Marais, HC 1992. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN-uitgewers.
- Munisipale en Openbare Dienste (MOD) 1987a. Beplan parke sodat dit behoorlik benut kan word. *Munisipale en Openbare Dienste Supplement* 6, 11: 1.
- Munisipale en Openbare Dienste (MOD) 1987b. Publiek het groter behoefte aan parke waar pieknik gehou kan word. *Munisipale en Openbare Dienste Supplement* 6, 11: 5.
- Myburgh, DW 1998. Stedelike nedersetting in die Tygerberg: 1945-1995. In Du Plessis, NM (red.) *Die Tygerberg: die verhaal van die Tygerbergheuwels en die stedelike gebiede Parow, Bellville en Durbanville*, pp67-88. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers Beperk.
- Nembudani, ME 1996. A geographical analysis of public open spaces for recreational use in Guguletu, Cape Town. M.A.-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Pugh, C (red.). 1996. *Sustainability, the environment and urbanization*. Londen: Earthscan publikasies.

- Rootman, A 1991. 'n Ondersoek na die behoeftes aan en gebruik van woonbuurtparke asook na die standarde ter voorsiening daarvan. M.S&S-verslag. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Seymour, WN 1969. *Small urban spaces*. New York: New York University Press.
- Sillitoe, KK 1969. *Planning for leisure: an enquiry into the present pattern of outdoor and physical recreation and the frequency and manner of use of public open spaces, among people living in urban areas of England and Wales*. Londen: HMSO Publikasies.
- Statistiek Suid-Afrika 2001. South Africa in transition: selected findings from the October household survey of 1999 and changes that have occurred between 1995 and 1999. [Online]. Beskikbaar: <http://www.statssa.gov.za/default3.html> [01.10.2002].
- Statistiese Verslag 2002. The world fact book 2002. [Online]. Beskikbaar: <http://www.cia.gov/cia/publications/factbook/index.html> [01.10.2002].
- Suid-Afrika (Republiek van) 1996. *Green paper on land policy*. Pretoria: Departement van Grondsake.
- Visser, DdeB 1992. Die houding van Stellenbossers tot oopruimtes: met verwysing na parke en riviere. M.S&S.-verslag. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Wall, KC 1992. Competition for open spaces within South Africa's urban areas. *Siviele Ingenieur in Suid-Afrika* 34, 9: 313-319.
- Walmsley, RD & Botten, ML 1994. *Cities and sustainable development*. Pretoria: Stigting vir Navorsingsontwikkeling en Departement van Omgewingsake en Toerisme.
- Welch, D 1995. *Managing public use of parks, open spaces and countryside*. Londen: Pitman.
- Woolley, H 2003. *Urban open spaces*. London: Spon Press.
- Yates, MW 1980. The role of an open space system in urban areas with particular reference to Pretoria. MSc-tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria (mikrofiche).
- Young, GA 1994. Towards a model for urban park -urban ecology and sustainable environments. Referaat gelewer by die Departement van Omgewingsake konferensie. Stedelike oopruimtes: moontlikhede vir produktiewe benutting. Pretoria.

PERSOONLIKE MEDEDELINGS

Burger, S 1997. Departementhoof, Parke en Rekreasieafdeling, Munisipaliteit van Bellville.

Needham, JH 1997. Senior Geografiese Inligtingstelsel Analis, Parke en Rekreasieafdeling, Munisipaliteit van Bellville.

ADDENDA

ADDENDUM A: LYS EN KLASSIFIKASIE VAN PARKE IN BELLVILLE, 1997

	Parkno.	Parknaam	Park klassifikasie	Algemene klassifikasie	Distrik
1	1	SHIRLEY	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
2	2	LABIANCE	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
3	3	FRANS HALS	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
4	4	WENNING	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
5	5	RUNKEL	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
6	6	BELLGRAVIA	Buurtpark (J)	P.O.R.	Suid
7	7	LAURINDA	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
8	8	GROBBELAAR	Estetikapark (BK)	P.O.R.	Suid
9	9	CHRISMAR	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
10	10	NOORD STR. KERK	Buurtpark (I)	P.O.R.	Suid
11	11	STEENVELD	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
12	12	SUIKERBOSSIE	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
13	13	VILETTE	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
14	14	DE JONGH	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
15	15	OOSTHUIZEN	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
16	16	MORESON	Buurtpark (K)	P.O.R.	Suid
17	17	BRINK	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
18	18	NOBLE	Buurtpark (I)	P.O.R.	Suid
19	19	LOUW	Buurtpark (H)	P.O.R.	Suid
20	20	VOIGT	Buurtpark (K)	P.O.R.	Suid
21	22	DAVIS	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
22	23	VAN NIEKERK	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes
23	24	PANSERGROUW	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes
24	25	BROADWAY	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
25	26	DUMINY	Buurtpark (K)	P.O.R.	Wes
26	28	ELIZABETH	Estetikapark (D)	P.O.R.	Suid

	Parkno.	Parknaam	Park klassifikasie	Algemene klassifikasie	Distrik
27	29	VREDELUST	Estetikapark (D)	P.O.R.	Wes
28	30	ELSIESKRAAL BO	Estetikapark (D)	P.O.R.	Wes
29	31	BURGERSENTRUM	Estetikapark (CG)	P.O.R.	Suid
30	33	ANDREW MURRAY	Estetikapark (BK)	P.O.R.	Suid
31	36	WISTERIA	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
32	37b	NASSAU	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
33	38	SLUYSKEN	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
34	39	VERGESIG	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
35	40	MAGNOLIA	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
36	41	GREEN SLEEVES	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
37	42	BLOMVLEI	Buurtpark (I)	P.O.R.	Wes
38	43	HAARLEM	Buurtpark (J)	P.O.R.	Oos
39	44	CULEMBORG SNG.	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
40	45	WELGEMOED KERK	Estetikapark (BK)	P.O.R.	Wes
41	46	TRIMPARK	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
42	47	OU MUTUAL	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
43	48	TACOMAWEG	Estetikapark (BK)	P.O.R.	Oos
44	49	MORESTER	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
45	50	EDMAR	Buurtpark (L)	P.O.R.	Oos
46	51	HARROD DRIVE	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
47	52	T-STROOK	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
48	53a	AROMA	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
49	53b	HOHEIZEN SNG.	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes
50	54	MONTAQUE	Estetikapark (BG)	P.O.R.	Oos
51	55	PEPPER	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
52	56	CAMELLIA SNG.	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
53	57	BATYA	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes

	Parkno.	Parknaam	Park klassifikasie	Algemene klassifikasie	Distrik
54	58	CHANTECLER	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
55	59	KONTIKI	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
56	60	BLOEMHOF	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
57	61	PANORAMA RYLAAN	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
58	62	CHATEAU LAAN	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
59	64	GOEWERNEUR	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
60	65	RHOSS	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
61	66	SMITH	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
62	67	RETIEF	Buurtpark (L)	P.O.R.	Suid
63	68	PETER BARLOW RLN.	Buurtpark (J)	P.O.R.	Suid
64	69	GROENVALLEI no.1	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
65	70	OLD OAK DEPOT	Buurtpark (I)	Depot	Oos
66	71	KENDAL KANAAL	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
67	72	MARMER	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
68	73	RAYSLLOT	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
69	74	AMANDA GLEN	Estetikapark (BG)	P.O.R.	Oos
70	75	FRANK LOUW	Buurtpark (F)	P.O.R.	Suid
71	76	WILIAM HARTEL LAAN	Buurtpark (F)	P.O.R.	Suid
72	78	BEROMA	Buurtpark (H)	P.O.R.	Suid
73	79	GLENHAVEN LN.	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
74	80	CENTRAL DR. NORTH	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
75	81	MAREE	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
76	82	EENDRAG	Buurtpark (F)	P.O.R.	Suid
77	83	BRAAIPLEK BLV. SUID	Rekreasiepark (A)	P.O.R.	Suid
78	84	BLV. SUID BURGER	Buurtpark (J)	Kantoorpark	Suid
79	85	KASSELSVLEIWEG	Buurtpark (H)	P.O.R.	Suid
80	86	OOP	Buurtpark (F)	P.O.R.	Suid

	Parkno.	Parknaam	Park klassifikasie	Algemene klassifikasie	Distrik
81	87	LAUSANNE	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
82	88	DIRKIE UYS	Buurtpark (K)	Padreserwe	Suid
83	89	VLEI	Estetikapark (BK)	P.O.R.	Suid
84	90	OEDERWEG	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
85	91	MEERLUST	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
86	92	WALLNUT	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
87	93	CHAVONNE	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
88	94	IMHOF	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Wes
89	96	PATOU LAAN	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
90	98	LORNA	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
91	101	HENDRIK VERWOERD RLN.	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes
92	102	RHEAZIGHT	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
93	103	BELLWOOD	Buurtpark (L)	P.O.R.	Oos
94	104	RIDGEWORTH NEK	Buurtpark (L)	P.O.R.	Oos
95	105	ST.CHRISTOPHER	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
96	106	LAUREL	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
97	107	GARRISON	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes
98	108	VAN RIEBEECKSHOF	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Wes
99	109	EVERSDALWEG	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Oos
100	110	KALMEN	Buurtpark (L)	P.O.R.	Wes
101	112	HILARY	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
102	113	LANZERAC	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
103	114	DAWN CLOSE	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
104	115	NOELINE	Buurtpark (L)	P.O.R.	Oos
105	116	OUDE WERF	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes
106	117	CAMDEBO	Buurtpark (J)	P.O.R.	Wes
107	118	EKSTEEN	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes

	Parkno.	Parknaam	Park klassifikasie	Algemene klassifikasie	Distrik
108	122	BELMONT	Buurtpark (K)	P.O.R.	Suid
109	123	ANGELIER	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Wes
110	124	AARON FIGAJI	Buurtpark (H)	P.O.R.	Suid
111	125	CHERRY	Buurtpark (L)	P.O.R.	Oos
112	126	SNOWBALL	Buurtpark (E)	P.O.R.	Wes
113	127	BOTRIVIER	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
114	129	VRYMANSFONTEIN	Buurtpark (K)	P.O.R.	Wes
115	135	VERGENOEG	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
116	136	RAGLAN	Estetikapark (BK)	P.O.R.	Suid
117	161	HOGARTH	Buurtpark (L)	P.O.R.	Suid
118	162	DIEMERSDAL	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Wes
119	164	MALIBU no.1	Buurtpark (L)	P.O.R.	Oos
120	165	NELSON PARK	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
121	166	NEPTUNE	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos
122	167	FENNEL SNG.	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Oos
123	170	ZINIWEG	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
124	171	HEIDEWEG 1	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
125	174	PEPERDRUIF	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
126	175	SONNEBLUM	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
127	177	YSTERHOUT no.1	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
128	180	ALF	Buurtpark (L)	P.O.R.	Wes
129	182	CONRADIE	Buurtpark (L)	P.O.R.	Suid
130	183	KOTZE	Buurtpark (L)	P.O.R.	Suid
131	185	KWEKERY	Buurtpark (I)	Kwekery	Wes
132	187	YSTERHOUT no.2	Buurtpark (K)	P.O.R.	Suid
133	188	KORAALBOOM	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
134	193	MIDAS	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid

	Parkno.	Parknaam	Park klassifikasie	Algemene klassifikasie	Distrik
135	194	AVONDALE	Buurtpark (K)	P.O.R.	Suid
136	195	SIAS SNYMAN	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
137	197	JESSIE	Buurtpark (L)	P.O.R.	Suid
138	207	BLOUSUIKERBOS	Buurtpark (K)	P.O.R.	Wes
139	208	BAARDSUIKERBOS	Estetikapark (BK)	P.O.R.	Wes
140	209	KLIPKERS -park 1	Buurtpark (L)	P.O.R.	Wes
141	210	DANIE UYS	Rekreasiepark (A)	P.O.R.	Wes
142	211	B.A.T.	Buurtpark (I)	P.O.R.	Wes
143	212	ELSIESKRAAL ONDER	Estetikapark (D)	P.O.R.	Wes
144	213	HAAPKARK	Buurtpark (K)	P.O.R.	Wes
145	215	DREYER	Estetikapark (D)	P.O.R.	Wes
146	239	SPRINGFONTEIN	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
147	248	BIRCH SLOT GRONDE	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
148	250	LA PROVENCE WEG	Buurtpark (J)	P.O.R.	Oos
149	272	SACKS CIRCLE	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
150	273	EMBERS	Buurtpark (L)	P.O.R.	Wes
151	275	GROENVALLEI no.2	Buurtpark (J)	P.O.R.	Suid
152	276	GROENVALLEI no.3	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
153	277	GROENVALLEI no.4	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
154	278	GROENVALLEI no.5	Buurtpark (E)	P.O.R.	Suid
155	279a	SANLAM	Estetikapark (CK)	P.O.R.	Suid
156	289	PLATTEKLOOFWEG	Buurtpark (G)	P.O.R.	Wes
157	299	PASITA	Buurtpark (K)	P.O.R.	Oos
158	300	BELLA ROSA	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
159	301	PASCALI	Buurtpark (I)	P.O.R.	Oos
160	302	MELINO	Buurtpark (E)	P.O.R.	Oos
161	303	TIERHOUT	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid

	Parkno.	Parknaam	Park klassifikasie	Algemene klassifikasie	Distrik
162	306	RUSTENBURG	Buurtpark (L)	P.O.R.	Oos
163	315	AARDROOS	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Wes
164	400	HYDROWEG PARK	Buurtpark (J)	P.O.R.	Suid
165	408	PIERNEEF	Buurtpark (G)	P.O.R.	Suid
166	409	DORELLE	Buurtpark (K)	P.O.R.	Suid
167	410	EIKENHOF	Ekologiepark (M)	P.O.R.	Oos
168	412	LORELIE	Buurtpark (G)	P.O.R.	Oos

Bron: Aangepas van Needham (1997)

P.O.R. = Publieke oop ruimte

A = Georganiseerde rekreasie park, groot

BG = Landskapsverbetering, eenmalige instandhouding, groot

BK = Landskapsverbetering, eenmalige instandhouding, klein

CG = Landskapsverbetering, gereelde instandhouding, groot

CK = Landskapsverbetering, gereelde instandhouding, klein

D = Gedeeltelike ekologiese behoud, groot

E = Met speelstrukture, groot, versorg

F = Met speelstrukture, groot, verwaarloos

G = Met speelstrukture, klein, versorg

H = Met speelstrukture, klein, verwaarloos

I = Sonder speelstrukture, groot, versorg

J = Sonder speelstrukture, groot, verwaarloos

K = Sonder speelstrukture, klein, versorg

L = Sonder speelstrukture, klein, verwaarloos

M = Ekologie park, groot

DEPARTEMENT GEOGRAFIE EN OMGEWINGSTUDIE

DIE FUNKSIE EN BENUTTING VAN PARKE IN BELLVILLE

Die studie ondersoek parkbehoeftes en –benutting van inwoners in Bellville.
Die vraelys bepaal inwoners se persepsie oor die doelmatigheid van hul
buurtpark en parke in Bellville in die algemeen. September - Oktober 1997

Vraelysno.	<input style="width: 90%;" type="text"/>	Parkno.	<input style="width: 90%;" type="text"/>	Privaat tuin: JA	<input style="width: 90%;" type="text"/>	NEE	<input style="width: 90%;" type="text"/>
-------------------	--	----------------	--	-------------------------	--	------------	--

NB. Die vraelys moet asseblief deur die *hoof van die huishouding* ingevul word.
Respondente word verseker dat alle inligting streng vertroulik hanteer sal word.

AFDELING A: DIE HUISHOUDING

1. Vul in vir al die inwoners in die huis.

[Skryf die getal in die gepaste blokkie of maak 'n kruisie op die gepaste plek.]

	No.	Inwoner	Ouderdom	Geslag		Hoogste onderwys kwalifikasie			
			Jare	M	V	Geen	Laerskool	Hoërskool	Na skool
Vb.		Oom	55	X				X	
	1.	Vader							
	2.	Moeder							
	3.	Kind 1							
	4.	Kind 2							
	5.	Kind 3							
	6.	Kind 4							
	7.	Ander							
	8.	Ander							

2. Eiendomsreg van die woning? Eienaar Huurder

3. Hoe lank woon u al in die huis? jare _____ maande _____

AFDELING B: VRYETYDBESTEDING

Vir parke om aan inwoners se behoeftes te voldoen moet beplanners weet hoe inwoners hul vryetyd bestee. Beskik die mens in die hedendaagse samelewing nog oor vryetyd en hoe word hierdie tyd bestee?

4. Oor hoeveel vryetyd beskik u en die lede van die huishouding?

[Merk met 'n kruisie in die gepaste blokkie.]

Inwoner	Weeksdae (uur per dag)			Saterdag (ure)				Sondag (ure)			
	Geen	*<2	>2	Geen	<2	2-5	>5	Geen	<5	5-10	>10
Vb. Oom	X					X					X
Vader											
Moeder											
Kind 1											
Kind 2											
Kind 3											
Kind 4											
Ander											
Ander											

* > = meer as

< = minder as

5. Het u 'n behoefte aan addisionele *georganiseerde rekreasie wat tans nie in Bellville beskikbaar is nie? JA NEE

Indien JA,

Verkies u om betrokke te wees by georganiseerde rekreasie deur *aktiewe *passiewe deelname.

Watter tipe georganiseerde rekreasie verkies u?

***Georganiseerde rekreasie** verwys na rekreasie waar programme spesiaal gereël word vir deelname. **Aktiewe rekreasie** is aktiwiteite waaraan mense aktief *deelneem (spelers)*, terwyl **passiewe rekreasie** aktiwiteite is waar mense bloot *waarneem en besigtig (toeskouers)*.

6. Hoe bestee die lede van die huishouding hul vryetyd?

Rangorden die voorkeur van elke aktiwiteitstipe van elke lid volgens gewildheid met waardes 1-5, waar

1=heel gewildste, 2=gewild, 3=neutraal, 4=nie so gewild, 5=minste gewild.

Dui ook aan hoeveel uur per week aan elk spandeer word.

Dui laastens met 'n kruisie aan waar u verkies om hierdie aktiwiteite te beoefen: in Bellville (gemerk B) of elders (gemerk E).

	Inwoner	Winkels	Ure	Waar		Bioskoop/ Teater/Kuns	Ure	Waar		Sport	Ure	Waar	
				B	E			B	E			B	E
Vb.	Oom	5	2	X		4	3		X	1	7	X	
	Vader												
	Moeder												
	Kind 1												
	Kind 2												
	Kind 3												
	Kind 4												
	Ander												
	Ander												

(Vervolg)

	Inwoner	Natuur	Ure	Waar		Parke	Ure	Waar		Tuis	Ure	Ander (Noem)	Ure	Waar	
				B	E			B	E					B	E
Vb.	Oom	3	4		X	3	5	X		1	6	Hengel	5		X
	Vader														
	Moeder														
	Kind 1														
	Kind 2														
	Kind 3														
	Kind 4														
	Ander														
	Ander														

AFDELING C: DIE BUURTPARK IN U WOONOMGEWING

Beskrywing van waar park geleë is:

Voightpark tussen Durbanweg en Teddingtonstraat.

DEEL C1: Bewustheid en benutting van die buurtpark in u woonomgewing

Hierdie vrae het betrekking op bogenoemde buurtpark.

7. Vul asseblief in vir elke lid van die huishouding.

[Merk slegs met 'n kruisie in die blokkie van toepassing.]

Gebruiker	Hoe dikwels besoek elk die park				Vervoermiddel na park		
	Daaglik	Weeklik	Maandelik	Jaarlik	Stap	Fiets	Motor
Vb. Oom		X			X		
Vader							
Moeder							
Kind 1							
Kind 2							
Kind 3							
Kind 4							
Ander							
Ander							

(Vervolg)

Gebruiker	Besoektyd						Aktiwiteit waarvoor benut			
	Week			Naweek			Speel	Wandel	Natuurbeoewonder	Ander (noem)
	*O	M	A	O	M	A				
Vb. Oom			X	X				X		
Vader										
Moeder										
Kind 1										
Kind 2										
Kind 3										
Kind 4										
Ander										
Ander										

* O=oggend M=middag A=aand

DEEL C2: Behoeftes aangaande die buurtpark in u omgewing
Hierdie vrae het betrekking op dieselfde park as in DEEL C1.

8. Is die park voldoende vir u kinders se speelbehoefes?

JA NEE Nvt.

Indien NEE, voer redes aan en gee voorstelle vir verbetering.

Redes:

Voorstelle (vir verbetering):

9. Is die park goed genoeg versorg? JA NEE

Indien NEE, gee redes en voorstelle vir verbetering.

Redes:

Voorstelle (vir verbetering):

10. Is die park veilig vir u kinders om in te speel?

JA NEE Nvt.

Indien NEE, voer redes aan en gee voorstelle om sekuriteit te verhoog.

Redes:

Voorstelle (vir beter sekuriteit):

AFDELING D: PARKE IN DIE ALGEMEEN IN BELLVILLE

Hierdie vrae het betrekking op al die verskillende tipes parke wat in Bellville aangetref word, naamlik:

Estetiese park: Waar estetiese verbetering aangebring is om visueel aantreklik te wees. Bv. Elizabeth park (langs Broadway), asook rondom die Burgersentrum, ens.

Natuurpark: Waar die omgewing in die natuurlike toestand behoue bly. Bv. rondom Door de Kraal-dam, langs Elsieskraalrivier, langs Kuilsrivier, ens.

Rekreasiepark: Parke met braaigeriewe, toilette en speeltoerusting. Bv. Bellville-Suid Braaigeriewe en Danie Uys park.

DEEL D1: Bewustheid en benutting van parke in die algemeen in Bellville

11. Na aanleiding van bogenoemde parkbeskrywing, is u bewus van en benut u die volgende tipes parke in Bellville?

[Merk met 'n kruisie in die gepaste blokkie en noem waar nodig.]

Parktipe	Bewus		Benut		Indien benut, watter spesifiek (Noem)
	JA	NEE	JA	NEE	
Esteties					
Natuurlik					
Rekreasie					

12. Indien u nie dié bogenoemde verskillende tipes parke in Bellville benut nie, wat is die rede?

[Merk met 'n kruisie in die gepaste blokkie en noem waar nodig.]

Parktipe	Te ver	Toegang beperk	Te min vryetyd	Min attraksies	Ander (Noem)
Esteties					
Natuurlik					
Rekreasie					

DEEL D2: Behoeftes aangaande parke in die algemeen in Bellville
 Hierdie vrae het betrekking op dieselfde parke in Bellville as in DEEL D1 genoem.

13. Wat sou u graag in dié tipes parke in Bellville wil aanbring om mense te lok vir beter benutting.

[Merk met 'n kruisie wat u graag in watter park wil aanbring en noem waar nodig.]

Geriewe	Parktipe		
	Esteties	Natuurlik	Rekreasie
Bergfietsroete			
Wandelpad			
Braai area			
Plaasmark			
Vlooiemark			
Teetuin			
Pottebakkerij werkwinkel			
Sekuriteit verhoog			
Ander (noem)			

14. Ten einde sekuriteit te verbeter in dié tipes parke, is u bereid om toegangsfooie te betaal?

JA NEE

**Baie dankie vir u vriendelike samewerking
 om u omgewing te help verbeter.**